Opvoeders se perspektiewe rakende die gebruik van die leesperiode en skoolbiblioteke in geselekteerde skole in die Noord-Kaap

Linda Rozetta Newman

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van
Magister in die Opvoedkunde
(Kurrikulumstudies)

Universiteit van Stellenbosch

Studieleier : Dr. M.L.A. le Cordeur

April 2014

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van ’n graad voorgelê is nie.

....

Handtekening Datum

Copyright 2014 Stellenbosch University

All rights reserved

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Opvoeders se perspektiewe rakende die gebruik van die leesperiode en skoolbiblioteke in geselekteerde skole in die Noord-Kaap

deur

Linda Rozetta Newman

Studieleier : Dr. M.L.A. le Cordeur

Departement Kurrikulumstudies

M.Ed. (Kurrikulumstudies)

Lees is ’n noodsaaklike vaardigheid in die 21ste eeu en is een van die boustene van leer.

Navorsing in Suid-Afrika dui daarop dat leesprobleme in Suid-Afrika besig is om ernstige afmetings aan te neem. Om die leesvermoëns en geletterheidvlakke van leerders te verhoog, het die Noord-Kaapse Onderwysdepartement (NKOD) ’n omsendskrywe uitgestuur, waarin skole verplig word om daagliks ’n leesperiode van 30 minute in te stel. Hierdie leesperiode moet op die skool se rooster aangedui word. Binne die leesperiode moet lees op ’n gestruktureerde manier aangebied word.

Die breë navorsingsdoelstelling van die studie is om ondersoek in te stel na die perspektiewe van opvoeders rakende die gebruik van die leesperiode en die skoolbiblioteek. As navorsingshipotese is eerstens gestel dat opvoeders nie aan die leerders genoeg blootstelling rakende lees gee nie. Tweedens is gestel dat opvoeders nie ’n kultuur van lees skep nie of ’n positiewe houding teenoor lees by die leerders kweek nie, want hulle verontagsaam die leesperiode en ignoreer die biblioteek as hulpbron.

In hierdie studie is daar gebruik gemaak van ’n gemengde navorsingsontwerp, waarvolgens beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes gekombineer word om die navorsingsprobleem beter te verstaan. Die studie het bestaan uit ’n literatuurstudie en ’n empiriese ondersoek. Die empiriese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ondersoek is by twee geselekteerde hoërskole in die Namakwa-distrik gedoen.

Die data is versamel deur ‘n vraelys wat voltooi is deur 16 graad 8- en 9-opvoeders van die geselekteerde skole. Fokusgroeponderhoude is ook met die deelnemers gevoer.

’n Ontleding van die empiriese data het getoon dat:

- die meerderheid van die opvoeders kennis dra van die leesperiode.
- die leesperiode by nie een van die twee skole geïmplementeer word nie.
- die opvoeders geen leiding en ondersteuning vanaf die Noord-Kaapse Onderwysdepartement ontvang het rakende hulpverlening aan leerders met leesprobleme nie.
- beide skole beskik oor ’n skoolbiblioteek.
- die skoolbiblioteek se bronne onvoldoende is en meestal verouderd is.
- die opvoeders nie die skoolbiblioteek gebruik om onderrig en leer te bevorder nie.
- die leerders ook geen blootstelling kry aan die skoolbiblioteek om take binne die kurrikulum te doen nie.

Die navorsing bevestig die navorsingshipotese dat die leesperiode nie geïmplementeer word nie en dat die opvoeders nie die skoolbiblioteek as ’n bron gebruik om die geletterdheid en akademiese vordering van leerders te bevorder nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

Perspectives of teachers regarding the use of the reading period and school libraries in selected schools in the Northern Cape

by

Linda Rozetta Newman

Study leader : Dr. M.L.A. le Cordeur

Departement of Curriculum Studies

M..Ed (Curriculum Studies)

Reading is an important skill for the 21st century and are one of the cornerstones of learning.

Research shows an escalating concern about the reading ability of South African learners. In an attempt to improve the literacy levels of learners, the Northern Cape Department of Education, issued a circular to schools instructing them to implement a daily reading period of 30 minutes. It is required of schools to indicate the reading period on the timetable and reading must be formally instructed.

The purpose of the study was to determine the perspectives of teachers regarding the use of the reading period and school libraries. It is hypothesized that teachers do not provide enough exposure to learners regarding reading. Secondly It is hypothesized that teachers do not a create a reading culture or foster a positive attitude towards reading, because they ignore the reading period and do not use the library as a resource.

A mixed method approach was followed, where both quantitative and qualitative research designs was used. The study consisted of a literature review and an empirical study. The empirical study was conducted at two high schools in the Namaqua District.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The data was collected by means of a questionnaire which was completed by 16 Grade 8 and 9 teachers. Focus group interviews were also conducted with the participating teachers.

An analysis of the empirical data showed the following :

- According to the results the majority of the teachers are aware of the reading period.
- The teachers indicated that the reading period is not implemented at both of the schools.
- The teachers did not receive any guidance or support from the Northern Cape Education Department to assist learners with reading problems.
- The data showed that both schools do have a school library.
- From the responses of the teachers it seems that the library resources are old and insufficient.
- The data indicated that the teachers do not use the school library as a resource to promote teaching and learning.
- The learners are not exposed to the library to assist them with curriculum assignments.

The research confirmed the research hypothesis that the reading period is not implemented and that the school library is not used by the teachers to promote the literacy levels and academic performance of the learners.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BEDANKINGS

Hierdie tesis het ek nie alleen voltooi nie en derhalwe wil ek graag die volgende bedankings doen:

- Aan my Hemelse Vader, wat my die moed en krag gegee het om hierdie taak te voltooi.

- My man, Danny, vir die begrip, verdraagsaamheid en ondersteuning.

- My familie en vriende vir hulle belangstelling en ondersteuning.

- My studieleier, dr. Michael Le Cordeur, vir sy positiewe aanmoediging en waardevolle insette. Nogmaals dankie vir u geduld met my.

- Die Noord-Kaapse Onderwysdepartement (NKOD) vir hulle ondersteuning en toestemming om die navorsing binne die skole te doen.

- Die opvoeders, skoolbestuurders en skoolbeheerliggame van die deelnemende skole vir hulle bereidwilligheid om deel te wees van die navorsingsprojek.

- Prof. M. Kidd, van die Sentrum vir Statistiese Konsultasie aan die Universiteit van Stellenbosch, vir die statistiese verwerking van die data.

- Me. Amanda de Stadler vir die taalkundige versorging.

SOLI DEO GLORIA

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPGEDRA

Ek dra graag hierdie tesis op aan my pa, wyle

Hendrik Cloete,

wat by my die waarde van lewenslange leer gevestig het.

‘n Foto van die navorser en haar pa

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING EN OORSIG

1.	INLEIDING……..	1-3
1.1.1	Motivering vir die navorsing…….	3-4
1.2	PROBLEEMSTELLING……...	4
1.3	KONSEPTUELE RAAMWERK……	5
1.4	DOELFORMULERING…….....	5
1.5	METODE VAN ONDERSOEK…….	5-6
1.5.1	Literatuurstudie……..	5
1.5.2	Empiriese ondersoek……..	6
1.6	NAVORSINGSMETODOLOGIE…….....	6
1.6.1	Navorsingsontwerp…… .	6-7
1.6.2	Data-versamelingsinstrument……..	7
1.6.2.1	Vraelys…….	7
1.6.2.2	Fokusgroeponderhoude…….	7
1.6.3	Selektering van deelnemers…….	8
1.6.4	Data-ontleding……	8-9
1.6.5	Etiese oorwegings……	9
1.7	BEGRIPSVERKLARING …….....	9

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.7.1 Lees en leesvaardigheide……..... 9
1.7.2 Leesperiode…… 10
1.7.3 Skoolbiblioteek……..... 10

1.8 OORSIG VAN NAVORSINGSVERSLAG…… 10
1.8.1 Hoofstuk 1: Algemene inleiding en oorsig……. 10
1.8.2 Hoofstuk 2: Literatuurstudie……. 10
1.8.3 Hoofstuk 3: Navorsingsmetodologie…….. 10
1.8.4 Hoofstuk 4: Navorsingsbevindinge en data-ontleding……. 10
1.8.5 Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings, aanbevelings en samevatting 10-11

1.9 SAMEVATTING……. 11
.

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

2.1 INLEIDING ……. 12

2.2 GELETTERDHEID EN LEESVAARDIGHEDE…….. 12
2.2.1 Definisie van geletterdheid…… 12-13
2.2.2 Definisie van lees …….. 13-14
2.2.3 Stand van geletterdheid en leesvaardighede in Suid- Afrika…….. 14-16
2.2.4 Benaderings ten opsigte van leesonderrig……. 16
2.2.4.1 Psigolinguistiese of “topdown”-benadering ……..... 17
2.2.4.1 “Bottom-up”-benadering …….. 18
2.2.4.2 Interaktiewe benadering ……... 18-19
2.2.5 Faktore wat geletterdheid en leesvaardighede strem…….. 19
2.2.5.1 Bevoegdhede van opvoeders …… 20
2.2.5.2 Skoolbiblioteke en leermateriaal …… 20
2.2.5.3 Sosio-ekonomiese omstandighede ……. 20
2.2.5.4 Moedertaalonderrig …… 20
2.2.5.5 Inklusiewe onderwys …… 21

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.5.6 Motivering 21
2.2.6 Geletterdheid en akademiese vordering 21-22
2.2.7 Die rol van opvoeders in die bevordering van geletterdheid..... 22-24

2.3 DIE LEESPERIODE 24
2.3.1 Definisie van die leesperiode 24-26
2.3.2 Navorsing rakende die leesperiode en die effektiwiteit daarvan..... 26-29
2.3.3 Die leesperiode in die Suid-Afrikaanse konteks 30-31

2.4 DIE SKOOLBIBLIOTEEK 32
2.4.1 Definisie van 'n skoolbiblioteek 32
2.4.2 Skoolbiblioteke in die Suid-Afrikaanse konteks 32-33
2.4.3 Skoolbiblioteke, inligtingsgeletterdheid en die kurrikulum..... 33-37
2.4.4 Die rol van skoolbiblioteke in geletterdheid en akademiese vordering 37-39
2.4.5 Opvoeders en die gebruik van die skoolbiblioteek 39-42

2.5 SAMEVATTING 42-43

HOOFSTUK3

NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.1 INLEIDING 44

3.2 OMVANG VAN ONDERSOEK 44-45

3.3 NAVORSINGSONTWERP..... 45-46

3.4 DATAGENERERING..... 46
3.4.1 Kwantitatiewe navorsing 46-47
3.4.2 Kwalitatiewe navorsing 47-48

3.5 DATAVERWERKING 48
3.5.1 Kwantitatiewe dataverwerking 48
3.5.2 Kwalitatiewe dataverwerking 49

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID
3.6.1 Triangulasie…….. 49
3.6.1.1 Data-triangulasie……... 50
3.6.1.2 Metodologiese triangulasie…….. 50
3.6.2 Betroubaarheid…… 50

3.7 ETIESE OORWEGINGS ……. 50
3.7.1 Toestemming ……. 51
3.7.2 Vertroulikheid ……. 51

3.8 SAMEVATTING ……. 51

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSBEVINDINGE EN DATA-ONTLEDING

4.1 INLEIDING …… 52

4.2 IMPLEMENTERING VAN DIE NAVORSINGSPROJEK …….. 52
4.2.1 Vraelys ……... 52-53
4.2.2 Fokusgroep-onderhoude ……. 53
4.2.3 Dataverwerking …… 53-54

4.3 BEVINDINGS 54
4.3.1 Biografiese inligting …….. 54-56
4.3.2 Die leesperiode …… 56
4.3.2.1 Opvoeders se kennis van die leesperiode ……... 56-57
4.3.2.2 Implementering van die leesperiode ……. 58
(a) Beskikbaarheid van die leesperiode ……... 58
(b) Indiensopleiding en ondersteuning …….. …… 59
4.3.2.3 Redes vir die nie-implementering van die leesperiode…….. 59
(a) Personeelvoorsiening……..... 60
(b) Gebrekkige hulpmiddels …… 60

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	(c) Oorvol klasse ……..	60
	(d) Onderrigtyd …….	60
	(e) Rooster ……...	61
	(f) Ingesteldheid van leerders ……...	61
	(g) Departementele ondersteuning ……	61
4.3.2.4	Bevordering van leesvaardighede binne leerareas/vakke …….	61-63
4.3.2.5	Inhoud van leesperiode ……...	63
	(a) Verskillende leesvaardighede……	63
	(b) Woordbouspeletjies ……...	63
	(c) Kweek van liefde vir lees …….....	63
	(d) Leerder-vriendelike leesmateriaal …….....	64
	(e) Leesstukke rakende aktuele en kulturele kwessies ……..	64
	(f) Inhoudelike kennis van verskillende leerareas……	64
	(g) Suiwer lees – en skryfwerk ……...	64
4.4.3	Die skoolbiblioteek ……..	65
4.4.3.1	Beskikbaarheid van die skoolbiblioteek…….	65-66
4.4.3.2	Opvoeders en die gebruik van die skoolbiblioteek……..	66-68
4.4.3.3	Die skoolbiblioteek en bevorderinge van geletterdheid en akademiese vordering…….....	69
	(a) Lees van boeke en ander leesmateriaal…….	69
	(b) Naslaanwerk vir navorsing…….	69
	(c) Bevordering van belangstelling in lees……...	69
	(d) Bevordering van taal en leesvaardighede……...	70
4.4.3.4	Opvoeders se aanbevelings ten opsigte van die bevordering van die leesperiode en die skoolbiblioteek …….	70
	(a) Ouerbetrokkenheid …….	70
	(b) Toegang tot elektroniese inligtingstelsels …….	70
	(c) Persooneelvoorsiening……...	71
	(d) Vestiging van leerkultuur…….	71
	(e) Departementele beleid en ondersteuning……	71
4.4	BESPREKING VAN RESULTATE	72

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4.1	Die leesperiode……	72
4.4.1.1	Opvoeders se kennis van die leesperiode ……..	72-73
4.4.1.2	Die implementering van die leesperiode ……..	73-74
4.4.1.3	Die redes vir nie-implementering van die leesperiode……	74
	(a) Personeelvoorsiening en werklading van opvoeders …….	74
	(b) Rooster……	74-75
	(c) Hulpbronne……	75
	(d) Ondersteuning deur Onderwysdepartment……	75
	(e) Ingesteldheid van leerders ……	76
4.4.1.4	Die bevordering van leesvaardighede binne die verskillende leerareas/vakke …….	76
4.4.2	Die skoolbiblioteek ……..	76
4.4.2.1	Beskikbaarheid van die skoolbiblioteek……	76-77
4.4.2.2	Opvoeders en die gebruik van die skoolbiblioteek……..	77-78
4.4.2.3	Die skoolbiblioteek en die bevordering van geletterheid en akademiese vordering……..	78-79
4.4.2.4	Opvoeders se aanbevelings ten opsigte van die bevordering van die leesperiode en die skoolbiblioteek……	79
	(a) Ouerbetrokkenheid……	79
	(b) Toegang tot elektroniese inligting stelsels……..	79-80
	(c) Personeelvoorsiening……	80
	(d) Vestiging van ‘n leerkultuur ……..	80
	(e) Departementele beleid en ondersteuning……	81
4.4.3	SAMEVATTING……	81

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN SAMEVATTING

5.1	INLEIDING……	82
5.2	SAMEVATTING VAN DIE BEVINDINGE……	82-83
5.2.1	Die leesperiode……	83-84

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.2	Die skoolbiblioteek……..	84
5.3	AANBEVELINGS……..	84
5.3.1	Implementering van die leesperiode……..	84-85
5.3.2	Indiensopleiding en ondersteuning aan opvoeders…….	85
5.3.3	Ouerbetrokkenheid……..	86
5.3.4	Vestiging van ’n leerkultuur……	86
5.3.5	Hulpbronne……	86-87
5.3.6	Toegang tot inligtingstegnologie…….	87
5.3.7	Personeelvoorsiening en werklading van opvoeders……...	87-88
5.3.8	Departementele beleid en ondersteuning…….	88
5.4	BEPERKINGE VAN STUDIE……..	88-89
5.5	SAMEVATTING……	89
	BRONNELYS …….	90-99
	BYLAES ……..	100-132

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN FIGURE

Figure

Figuur 3.1. : Skematiese voorstelling van die navorsingsontwerp 50
Figuur 4.1. : Deelnemende skole 60
Figuur 4.2. : Geslagsamestelling van die respondente 61
Figuur 4.3. : Leerareas wat opvoeders onderrig 62
Figuur 4.4. : Kennis van die leesperiode 63
Figuur 4.5. : Inligtingsessie rakende leesperiode 64
Figuur 4.6. : Beskikbaarheid van leesperiode op rooster 65
Figuur 4.7. : Indiensopleiding en ondersteuning 66
Figuur 4.8. : Beskikbaarheid van skoolbiblioteek 72
Figuur 4.9. : Voldoende bronne..... 73
Figuur 4.10. : Skoolbiblioteek en bevordering van lees 74
Figuur 4.11. : Blootstelling van leerders aan skoolbiblioteek..... 75

Tabelle

Tabel 1.1 : ANA-uitslae van skole in Namakwa distrik (2011) 3
Tabel 2.1. : ANA-uitslae van skole in Namakwa distrik (2011).....15
Tabel 2.2. : Verandering tot Konstruktivistiese klaskamer 37
Tabel 2.3: Leerareas en leerareauitkomste wat verband hou met inligtingsgeletterdheid. 39-40
Tabel 3.1. : Profiel van deelnemers aan studie 49
Tabel 4.1. : Bevordering van leesvaardighede binne leerareas/vakke...69-70
Tabel 4.2. : Redes vir die nie-gebruik van die skoolbiblioteek 75-76

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN AFKORTINGS

ANA	Jaarlikse Nasionale Assessering (Annual National Assessment)
DvBO	Departement van Basiese Onderwys
KABV	Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring
NKOD	Noord-Kaapse Onderwysdepartement
PIRLS	Progress in International Reading Literacy Study
WKOD	Wes-Kaapse Onderwysdepartement

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING EN OORSIG

1.1. INLEIDING

Lees is 'n noodsaaklike vaardigheid in die 21ste eeu (Tiemensma, 2006:13). Volgens Engelbrecht (2005:1) is lees 'n ontwikkelingstaak wat deur elke kind bemeester moet word. Dit is een van die boustene van leer en dit verhoog 'n persoon se kanse op sukses in sy skoolloopbaan en verdere lewe (Sisulu, 2004:1).

Navorsing in Suid-Afrika (Engelbrecht, 2005:2; Departement van Basiese Onderwys (DvBO), 2008:7; Le Cordeur, 2010a:106) dui daarop dat leesprobleme in Suid-Afrika besig is om ernstige afmetings aan te neem. Om die leesvermoë en geletterheidvlakke van leerders te verhoog, het die Noord-Kaapse Onderwysdepartement 'n omsendskrywe uitgestuur, waarin skole verplig word om daagliks 'n leesperiode van 30 minute in te stel. Hierdie leesperiode moet op die skool se rooster aangedui word. Binne die leesperiode moet lees op 'n gestruktureerde manier aangebied word (NKOD, 2007:1).

Navorsing dui daarop dat leerders wat probleme ervaar met die verwerwing van taalvaardighede, probleme kan ervaar om akademies te vorder (Koen, Esterhuyse en Moleketi, 2006:267). Volgens Koen *et al* (2006:267) word leerprobleme met demoralisering, lae selfbeeld en leemtes in sosiale vaardighede geassosieer. Le Cordeur (2010c:1-2) wys ook daarop dat leesprobleme lei tot 'n negatiewe houding teenoor lees, wat manifesteer in emosionele response soos skaam wees vir lees, lees-angs en frustrasie.

Een van die doelwitte van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) is dat die leerders moet effektief kan kommunikeer op 'n wyse wat probleem-oplossing en kritiese denke bevorder (Le Cordeur, 2010c:1). Die Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) beklemtoon die belangrikheid van inligtingsgeletterdheid en verwag van leerders om taal te gebruik om inligting te verkry en te bestuur (DvBO, 2011:9).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die verslag van die Hersieningskomitee rakende Uitkomsgebaseerde Onderwys (DvBO, 2000:12) word daar uitgewys dat die tekort aan leer-ondersteuningsmateriaal en hoe om dit te gebruik, onderliggend is tot die probleme wat skole ervaar ten opsigte van die implementering van uitkomsgebaseerde onderwys.

Daar is 'n direkte verband tussen skoolbiblioteke en die skoolstelsel en skoolbiblioteke kan basiese geletterheid-instruksie versterk (Tiemensma, 2006:14). Volgens De Vries (2009:45) het Fuller bevind dat skoolbiblioteke een van die onderrighulpbronne is wat 'n beduidende invloed op leerderprestasie kan hê. Fuller wys daarop dat biblioteke 'n spesiale rol kan speel om leerders met 'n ekonomies-agtergestelde agtergrond te verryk. Verder kan dit aan die leerders bykomende ondersteuning gee sodat hulle die nodige vaardighede kan ontwikkel.

'n Verslag van die Departement van Basiese Onderwys dui daarop dat slegs 21% van die skole in die land oor 'n skoolbiblioteek beskik. Volgens die opname beskik slegs 179 skole uit 'n totaal van 611 skole in die Noord-Kaap oor 'n biblioteek (DvBO, 2011:23).

Die Department van Basiese Onderwys se sistemiese evalueringsverslag vir graad 6 het in 2005 aangedui dat skole met voldoende hulpbronne beter resultate behaal het as skole met onvoldoende hulpbronne (De Vries, 2009:47). Tiemensma (2006:14) wys ook daarop dat skoolbiblioteke beter funksioneer binne skole waar daar 'n goeie leerkultuur heers.

In ooreenstemmnig met Le Cordeur (2010a:117) word daar argumenteer dat die kommerwekkende toename in die aantal sukkelende leerders in ons land, vereis dat opvoeders interaktief moet saamwerk om hierdie nasionale probleem op te los.

Opvoeders het 'n belangrike rol te speel om lees 'n genotvolle ervaring vir leerders te maak en moet aan leerders die waarde van lees demonstreer (Tiemensma, 2006:14). Een van die take van geletterheidsbevordering moet wees die aankweek van 'n positiewe houding ten opsigte van lees by leerders (Tiemensma, 2006:15; Taylor, Pearson, Harris en Garcia, 1995:74). Taylor *et al* (1995:74) is van mening dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opvoeders wat gereeld aan leerders die geleentheid bied om vir genot te lees en wat elke geleentheid aangryp om hul leerders aan lees bloot te stel, 'n positiewe houding teenoor lees by hul leerders sal kweek.

1.1.1. Motivering vir die navorsing

Die navorsingsprojek vloei voort uit die navorser se jare ervaring as Afrikaanse taalonderwyser vir hoërskoolleerders. Die afgelope paar jaar is daar in die gebied waar die navorser onderrig, 'n kommerwekkende toename in die getal leerders wat sukkel om te lees en te spel.

Die volgende tabel is 'n uiteensetting van die 2011 Jaarlikse Assesseringsuitslae vir graad 1 tot graad 6 vir laerskole in die Namakwa-distrik :

ANA-UITSLAE VAN SKOLE IN DIE NAMAKWA-DISTRIK (2011)						
	Graad 1	**Graad 2**	**Graad 3**	**Graad 4**	**Graad 5**	**Graad 6**
Syfergeletterdheid	66	60	33	35	34	37
Taalgeletterdheid	67	60	45	42	41	43

Tabel 1: ANA-uitslae van skole in die Namakwa-distrik (2011)

Vanuit die bostaande uitslae is dit duidelik dat leerders, in terme van taalgeletterdheid, benede die aanvaarbare vlak presteer.

Opvoeders staan sentraal tot die proses van onderwysverandering.Hulle persepsies, houdings en waardes speel 'n belangrike rol in die besluite wat hulle maak. Navorsing dui daarop dat die meeste veranderinge in die onderwys misluk omdat die bydraes van opvoeders ignoreer word. Verder beskik opvoeders ook oor goeie kennis van hulle skoolkonteks, die vermoëns van hulle leerders en vakkennis. Volgens Carl (2005:223) is dit belangrik dat die stemme van opvoeders gehoor moet word voordat implementering begin.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gegee bogenoemde is dit belangrik om die perspektiewe van opvoeders rakende die leesperiode en die skoolbiblioteek te bepaal.

Siende dat lees die basis vorm van onderrig en leer is dit belangrik om ondersoek in te stel na moontlike oplossings vir hierdie probleem. Die navorser is oortuig dat die navorsing haar as opvoeder en onderwysleier gaan help om op 'n sistematiese wyse 'n bydrae te maak tot die verbetering van leesvaardighede.

1.2. PROBLEEMSTELLING

Die probleem wat in hierdie studie aangespreek word, is dat leerders in terme van leesvaardighede, benede die aanvaarbare vlak presteer en dat die leesperiode en skoolbiblioteke gebruik moet word om die leesvaardighede van leerders te bevorder.

1.3. KONSEPTUELE RAAMWERK

Die konseptuele raamwerk onderliggend tot die studie is gefundeer op die Sweedse sielkundige, Jean Piaget, se stadia van kognitiewe ontwikkeling. Volgens Piaget bestaan kognitiewe ontwikkeling uit vier opeenvolgende, maar oop fases. Hiervolgens toon kinders verskillende vlakke van ontwikkeling en word 'n kind se vlak van kognitiewe ontwikkeling bepaal deur die aantal en kwaliteit van ervarings waaraan hulle blootgestel word (Heatherly, 1974:3).

Piaget se teorieë verteenwoordig die sentrale beginsels van konstruktivisme (WKOD, 2006:9). Konstruktivisme is 'n opvoedkundige filosofie wat leerdergesentreerd is (Kim, 2001:2). Onderliggend tot konstruktivisme is die siening dat kennis nie absoluut is nie, maar voortdurend deur die leerder gekonstrueer word op grond van vorige kennis en deur die universele beskouings van die wêreld (Baker, 2000:260). Volgens Kim (in Le Cordeur, 2012b:405) gaan die leerteorie van die standpunt uit dat leer 'n dinamiese en aktiewe proses is. Ontwikkelende leerders word nie meer as passiewe ontvangers van kennis beskou nie, maar aktiewe bouers van hul kennis in wisselwerking met die wêreld om hulle (Le Cordeur, 2012b:405).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die taak van die opvoeder is om nuwe leergeleenthede vir die leerders te skep sodat hulle deur selfgerigte leer hulle eie kennis kan skep (WKOD, 2006: 11). Rakende die bevordering van lees, beteken dit dat die opvoeder, as fasiliteerder van nuwe leergeleenthede, die leerders voortdurend aan nuwe boeke bekend moet stel, hetsy in die biblioteek, in boekwinkels of op die Internet (Le Cordeur, 2012a:143)

1.4. DOELFORMULERING

Huidige navorsing dui daarop dat daar 'n kommerwekkende toename is in die getal leerders wat sukkel om te lees en te spel (Engelbrecht, 2005:2, DvBO 2008:7, Le Cordeur, 2010a:106).

Gegee bogenoemde is die breë navorsingsdoelstelling van die studie om ondersoek in te stel na die perspektiewe van opvoeders rakende die gebruik van die leesperiode en die skoolbiblioteek.

Die spesifieke doelwitte wat die breë navorsingdoelstelling onderlê, is die volgende :

- Wat is die opvoeders se perspektiewe rakende die gebruik van die leesperiode en die skoolbiblioteek?
- Wat is die redes vir die nie-implementering van die leesperiode en die gebruik van die skoolbiblioteek?
- Watter aanbevelings kan gemaak word om die gebruik van die leesperiode en die skoolbiblioteek te bevorder?

Op grond van die voorafgaande is as navorsingshipotese gestel dat opvoeders nie genoeg blootstelling rakende lees aan die leerders gee nie .Verder skep opvoeders nie 'n leeskultuur of 'n positiewe houding jeens lees by leerders nie, omdat die opvoeders die leesperiode verontagsaam en die biblioteek as hulpbron ignoreer.

1.5. METODE VAN ONDERSOEK

Die navorsing bestaan uit 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.5.1. Literatuurstudie

Die Literatuurstudie fokus op die stand van geletterdheid in Suid-Afrika, watter navorsing reeds gedoen is, die leesperiode en die gebruik van biblioteke in die skool.

1.5.2. Empiriese ondersoek

Toestemming is van die Noord-Kaapse Onderwysdepartement (NKOD) verkry om die empiriese ondersoek by twee geselekteerde hoërskole in die Namakwa-distrik te doen asook vir die verspreiding van 'n vraelys onder graad 8- en 9-opvoeders van die geselekteerde skole. Fokusgroep-onderhoude is met die graad 8- en 9-opvoeders gedoen rakende die gebruik van die leesperiode en die gebruik van die skoolbiblioteek. Aantekeninge is gemaak van die opvoeders se bydraes.

1.6. NAVORSINGSMETODOLOGIE

1.6.1. Navorsingsontwerp

Durrheim (2002: 36) dui daarop dat die navorsingsontwerp, as strategiese raamwerk, dien as 'n brug tussen die navorsingsvraag en die uitvoering van die navorsing. Volgens Babbie en Mouton (2006:75) fokus die navorsingsontwerp op die tipe studie wat beplan word en die tipe uitslae wat beoog word.

In hierdie studie is daar gebruik gemaak van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing.

Johnson en Christensen (2004:30) dui aan dat die fokus van kwantitatiewe navorsing deduktief is. Die fokus is hoofsaaklik op hipotesetoetsing wat met data gekwantifiseer word. Kwantitatiewe navorsing is hoofsaaklik bevestigend, aangesien navorsers toets vir of poog om hul eie hipoteses te bevestig. Kwantitatiewe navorsing blyk objektief te wees en kwantitatiewe data word versamel deur presiese meting deur gebruik te maak van gestruktureerde en geldige data-insamelingsinstrumente.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die respondente se respons op die geslote-items van die vraelys word beskou as belangrik om die navorsingshipotese van die navorsingsprojek te bevestig of te verwerp.

Kwalitatiewe navorsing daarenteen wil volgens Babbie en Mouton (2006:53) verstaan en verduidelik en vind plaas vanuit ’n binnekringperspektief. Kwalitatiewe navorsing wil die betekenis wat mense geskep het oor die ervaring van hulle wêreld probeer verstaan. Deur die insluiting van oop vrae in die vraelys wil die ondersoeker vasstel wat die redes is vir die nie-implementering van die leesperiode, hoe funksioneel die leesperiode is en waarom opvoeders nie van die biblioteek gebruik maak nie. Hierdeur gaan ‘n dieper en meer duidelike beeld verkry word vir die redes vir die nie-implementering van die leesperiode asook opvoeders se nie-gebruik van die biblioteek. Dit behoort te help met die ontwikkeling van voorstelle oor hoe om die probleem aan te spreek.

1.6.2. Data-versamelingsinstrument

1.6.2.1. Vraelys

’n Vraelys is as data-versamelingsinstrument in die studie gebruik. Kanjee (2002:293) omskryf ’n vraelys as ’n aantal geskrewe vrae wat gebruik word om inligting te versamel van die respondente .Dit is die algemeenste data-versamelingstegniek in sosiale navorsing.

Die vraelys bestaan uit beide geslote en oop vrae. Die insluiting van die oop vrae is om aan respondente groter ruimte te gee vir hul eie insette. Voorts gaan dit ook help om ’n dieper beskrywing en verstaan van die navorsingsvraag te verkry (Kanjee, 1999:295).

1.6.2.2. Fokusgroeponderhoude

Die fokusgroeponderhoud is met die deelnemers van hierdie studie gevoer. Volgens Babbie en Mouton (1998:292) help fokusgroeponderhoude deelnemers om as groep gesamentlik betekenis te ontwikkel, terwyl dit die ondersoeker help om die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

individuele verskille en ooreenkomste van die deelnemers te bepaal. Die doel van die fokusgroeponderhoude is om die opvoeders se perspektiewe rondom die gebruik van die leesperiode en skoolbiblioteke te bepaal.

1.6.3. Selektering van deelnemers

Die steekproef van die beoogde navorsingsprojek bestaan uit twee geselekteerde hoërskole in die Namakwa-distrik in die Noord-Kaapprovinsie. Die vraelyste is voltooi deur graad 8- en 9-opvoeders van die geselekteerde skole.

Navorsing dui aan dat goedgevestigde skoolbiblioteke hoofsaaklik voorkom in gegoede skole, terwyl die skoolbeheerliggame in agtergestelde skole nie oor genoegsame fondse beskik om te spandeer aan skoolbiblioteke nie. Verder wys Tiemensma (2006:14) daarop dat skoolbiblioteke beter funksioneer in skole waar daar ’n goeie leerkultuur heers. Gegee die geskiedenis van onderwysvoorsiening in Suid-Afrika, is die meeste voormalige model C-skole se geriewe van ’n beter gehalte.

Gegee bogenoemde is daar besluit op ‘n voormalige model C-skool en ’n histories-agtergestelde skool, wat voorheen onder die Raad van Verteenwoordigers geval het en wat verantwoordelik was vir bruin skole.

1.6.4. Data-ontleding

Die vraelys word as kwantitatiewe instrument gebruik om data te versamel. Volgens Durrheim (2002:96) word statistiese prosedures gebruik om kwantitatiewe data te ontleed en kan dit help om afleidings te maak aangaande die data. Die Departement van Statistiek van die US is genader om die data van die vraelyste te ontleed. Tabelle en grafieke word gebruik om die data en ontleding op ‘n eenvoudige manier aan te bied.

Die insluiting van oop items op die vraelys, asook die opvoeders se response tydens die fokusgroeponderhoude is gebruik om die kwalitatiewe data te verkry. Voorts is van die kwalitatiewe data ontleed deur gebruik te maak van inhoud-ontleding.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Neuman (1997:272) omskryf inhoud-ontleding as ‘n tegniek om die inhoud van ‘n teks te versamel en te ontleed. Deur gebruik te maak van inhoud-ontleding is die inligting op die vraelys deurgelees, veral die oop items op die vraelys, waar die respondente die geleentheid gekry het om uit te brei op die vrae. Die ooreenstemmende inhoud is kodeer en in temas organiseer. Die inhoud wat so verkry word, is beskrywend aangebied. Op grond van die data wat verkry is van die empiriese studie, asook die inligting bekom uit die literatuurstudie is aanbevelings gemaak oor die gebruik van die leesperiode en die skoolbiblioteek.

1.6.5. Etiese oorwegings

Dit is belangrik om aandag te gee aan die etiese kwessies onderliggend aan die navorsing (Durrheim en Wassenaar 2002:65). Etiese oorwegings het ten doel om die deelnemers aan die navorsing, te beskerm.

Die volgende stappe is gevolg om aandag te gee aan etiese kwessies:

- Skriftelike toestemming is van die Noord-Kaapse Onderwysdepartement (NKOD) en die skoolhoofde van die deelnemende skole verkry.
- ’n Onderneming is aan die deelnemers van die navorsingsprojek gegee dat hulle op geen wyse identifiseer sal word nie.
- Die voltooide vraelyste en die notas van fokusgroep-onderhoude is in ‘n kluis by die Departement Kurrikulumstudie toegesluit.

1.7. Begripsverklaring

1.7.1. Lees en leesvaardighede

Lees is ’n komplekse proses en hou verband met die kind se vlak van kognitiewe ontwikkeling (Thorne, 2007:11). Alderson (in Le Cordeur, 2010d:349) verwys na lees as die betekenis wat ’n leser uit die teks kry asook na die betekenis wat die leser na die teks bring. Hiervolgens is lees óf ’n proses óf ‘n produk van daardie proses. Lees is ’n interaktiewe, affektiewe en kognitiewe proses tussen die leser, die teks en die skrywer.

Leesbegrip is ’n kernaspek van alle leesaktiwiteite (Thorne, 2007:11). Le Cordeur (2010d:349) wys daarop dat leesbegrip lei tot leesgenot en ’n positiewe houding teenoor lees.

1.7.2. Leesperiode

Volgens ‘n omsendskrywe van die Noord-Kaapse Onderwysdepartement (NKOD, 2007:1) word die leesperiode omskryf as ’n verpligte periode van 30 minute, wat op die skool se rooster aangedui moet word en waar lees op ’n gestruktureerde manier aangebied moet word vir alle leerders vanaf graad 1 tot graad 12.

1.7.3. Skoolbiblioteek

Die skoolbiblioteek is ‘n boek- en inligtingsdiens vir die skool (Groenewald in De Vries, 2009:27). Hiervolgens is die biblioteek ‘n sentrale punt in die skool, waar al die moontlike skoolbiblioteekmateriaal en -apparaat byeengebring, gehuisves en as ’n hegte eenheid georganiseer en benut word.

1.8. ’n Oorsig van die navorsingsverslag

Hierdie navorsingsverslag bevat vyf hoofstukke. Hieronder volg ’n uiteensetting van die verskillende hoofstukke.

1.8.1. Hoofstuk 1: Algemene Inleiding en oorsig

Hoofstuk een verskaf ’n inleiding en oorsig tot die studie.

1.8.2. Hoofstuk 2: Literatuurstudie

Hoofstuk twee bevat ’n literatuurstudie rakende die leesperiode en die gebruik van skoolbiblioteke.

1.8.3. Hoofstuk 3: Navorsingsmetodologie

In hoofstuk drie word die navorsingsmetodologie wat in hierdie studie aangewend is, beskryf.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.8.4. Hoofstuk 4: Navorsingsbevindinge en data-ontleding

Die prosedures vir data-ontleding en voorstelling van data word volledig in hoofstuk vier beskryf.

1.8.5. Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings, aanbevelings en samevatting

Hoofstuk vyf bestaan uit die gevolgtrekkings, aanbevelings en samevatting. In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings van die studie uiteengesit en aanbevelings op grond van die gevolgtrekkings gedoen om ‘n oplossing vir die probleemstelling van die studie te voorsien.

1.9. SAMEVATTING

In die inleidende hoofstuk is ’n agtergrond van die navorsingsprojek gegee. Die navorsingsdoelwitte is geformuleer en die navorsingsmetodologie met betrekking tot die navorsingsprojek is verduidelik. ’n Verklaring van sekere konsepte onderliggend tot die studie asook ’n oorsig oor die samestelling van die navorsingsprojek is gegee. In hoofstuk 2 word lees, die leesperiode asook die gebruik van die skoolbiblioteek in leesbevordering toegelig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

2.1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan ’n literatuuroorsig gegee word van die probleem.

‘n Literatuurstudie behels die identifikasie en ontleding van literatuur rakende die navorsing. Volgens Kaniki (2002:17) help die literatuuroorsig om die navorsingsprojek binne konteks te plaas.

Die probleem wat in hierdie studie aangespreek word, is dat leerders in terme van leesvaardighede, benede die aanvaarbare vlak presteer en dat die leesperiode en skoolbiblioteke gebruik moet word om die leesvaardighede van leerders te bevorder.

Gegee bogenoemde navorsingsdoelstelling gaan die literatuurstudie fokus op geletterdheid en leesvaardighede en die stand daarvan in Suid-Afrika, die implementering van die leesperiode en die gebruik van biblioteke in die skool.

2.2. GELETTERDHEID EN LEESVAARDIGHEDE

2.2.1. Definisie van geletterdheid

Die begrip geletterdheid is problematies en daar blyk geen universele definisie van geletterdheid te wees nie (Wolhuter, 2002:125, Wessels, 2010:13).

Johl (2002:52) wys daarop dat geletterdheid tot onlangs gedefinieer was as die vermoë om in die standaard of amptelike taal te kan lees en skryf. Volgens hierdie siening is geletterdheid beskou as die bemeestering van lees-en skryfvaardighede en dat ’n persoon beskou word as geletterd indien hy/sy hierdie vaardighede bemeester het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In aansluiting by hierdie tradisionele opvatting, omskryf Krashen (2004:ix) in Wessels (2010:13) geletterdheid as die vermoë van iemand om te lees en te skryf op ‘n basiese vlak.

Johl (2002:52) argumenteer dat geletterdheid ‘n proses is wat nie aan die einde van die primêre skoolfase eindig nie, maar ’n voortgaande proses is. Om geletterd te wees beteken volgens haar om voortdurend nuwe vaardighede aan te leer vir verskillende doelwitte en dat dit eerder meer akkuraat is om van “ geletterdhede” te praat.

Zwiegers (2011:13-14) onderskei drie tipes of fases van geletterdheid, naamlik basiese geletterdheid, funksionele geletterdheid en algemene geletterdheid. Volgens haar indeling verwys basiese geletterdheid na die algemene maar basiese vermoë om op elementêre vlak geskrewe taal te lees en te skryf, terwyl funksionele geletterdheid dui op die vermoë om binne ‘n spesifieke konteks genoegsaam te kan lees en skryf om in daardie konteks as lesende/geletterde persoon te kan funksioneer. Voorts verwys algemene geletterdheid na persone met die vermoë om gevorderde leesstof, in alle kontekste, te kan lees.

2.2.2. Definisie van lees

Volgens Kidd (2011:7) beteken geletterdheid die vermoë om te lees, te skryf en te kan kommunikeer binne ’n gegewe taal. Sy is van mening dat lees direk verband hou met geletterdheid.

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar gefokus op lees en leesvaardighede as ’n aspek van geletterdheid en veral dan binne die skoolopset.

Lees is ’n komplekse proses en hou verband met die kind se vlak van kognitiewe ontwikkeling (Thorne, 2007:11). Alderson (in Le Cordeur, 2010d:349) verwys na lees as die betekenis wat ’n leser uit die teks kry, asook na die betekenis wat die leser na die teks bring. Hiervolgens is lees óf ’n proses óf ‘n produk van daardie proses. Lees is ’n interaktiewe, affektiewe en kognitiewe proses tussen die leser, die teks en die skrywer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Leesbegrip is ’n kernaspek van alle leesaktiwiteite (Thorne, 2007:11). Volgens Van Schalkwyk en Viviers in (Klopper en Nel, 2010:546) verwys leesbegrip na die interaksie wat plaasvind tussen die leesstuk en die leser waartydens betekenis van geskrewe taal gekonstrueer word. Klopper en Nel (2010:346) is van mening dat leesbegrip belangrik is omdat dit gaan bepaal hoeveel inligting ‘n leerder sal kan herroep en daarom moet die leesmateriaal pas by die leerder se vlak van leesontwikkeling.

Volgens Venter (2007:32) val die senior-faseleerders binne die volgende twee fases van leesontwikkeling :

- Graad 4-8 is die eerste stap in die rigting van lees om te leer. Die leser word blootgestel aan nuwe idees en inhoude. Die leser vind dit maklik om onbekende woorde te klank, indien nodig en kan vlot lees. Die leser kan lees gebruik om te leer.
- In graad 9-12 moet leerders onbekende woorde korrek kan lees. Die leerders moet krities kan lees en verskillende sieninge of perspektiewe met mekaar vergelyk. Blootstelling aan literatuur van verskillende skrywers help die leerder om opinies te vorm en sy kennis te verbreed.

Volgens Zwiegers (2011:15) is die interpretasie van tekste belangrik vanaf graad 9 tot 12. Voorts vereis interpretasie dat die leerder ook die diepere waarde en betekenis van die teks moet kan begryp. Sy is van mening dat dit moontlik is om die swak leser hier te identifiseer, want die leerder is geneig om meer luisterbegrip as leesbegrip te openbaar.

2.2.3. Stand van geletterdheid en leesvaardighede in Suid-Afrika

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) ag die ontwikkeling van geletterdheid as baie belangrik (Klapwijk, 2012:191). Baatjes (2003:4) in ‘n oorsig van verskillende wetgewing met betrekking tot die onderwys, wys daarop dat die wetgewing op ‘n direkte of indirekte wyse die belangrikheid van geletterdheid beklemtoon.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Desnieteenstaande dui navorsing in Suid-Afrika (Engelbrecht, 2005:2, Departement van Basiese Onderwys (DvBO), 2008:7, Le Cordeur, 2010a:106) daarop dat leesprobleme in Suid-Afrika besig is om ernstige afmetings aan te neem. Le Cordeur (2010a:106) haal die opvoedkundige Graeme Bloch (2009:12) aan waarin hy wys dat tussen 60% tot 80% van die skole disfunksioneel is en nie aan leerders die nodige taal en syfervaardighede oordra nie.

In 2007 het die PIRLS (Progress in International Reading Literacy Study) byvoorbeeld getoon dat Suid-Afrika uit 40 lande die laagste op die ranglys van geletterdheid is (Pretorius en Lephalala, 2011:1). In hierdie verband noem Le Cordeur (2010a:106) dat Suid-Afrikaanse leerders konstant onderpresteer en nie net onder die swakstes ter wêreld gereken word nie, maar ook onder die swakstes in Afrika.

Die onderstaande tabel is ’n uiteensetting van die 2011 Jaarlikse Assesserings-uitslae vir graad 1 tot graad 6 vir laerskole in die Namakwa-distrik :

ANA-UITSLAE VAN SKOLE IN DIE NAMAKWA-DISTRIK (2011)						
	Graad 1	**Graad 2**	**Graad 3**	**Graad 4**	**Graad 5**	**Graad 6**
Syfergeletterdheid	66	60	33	35	34	37
Taalgeletterdheid	67	60	45	42	41	43

Tabel 2.1.: ANA-uitslae van skole in die Namakwa-distrik (2011)

Vanuit die bostaande uitslae is dit duidelik dat leerders, in terme van taalgeletterdheid, benede die aanvaarbare vlak presteer. In aansluiting hiermee wys die Departement van Basiese Onderwys daarop dat daar ’n afname is in leerders se prestasie in die Jaarlike Asesseringsuitslae. In 2008 byvoorbeeld het 36% van die Graad 3-leerders onder 35% presteer, terwyl in 2011 die persentasie tot 45% toegeneem het (Bharuthram, 2012:206). Voorts dui die Nasionale Leesstrategie (2008:7) aan dat slegs 51% van leerders in die land op hulle graadvlak lees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Taylor (2008:7) wys daarop dat in terme van die PIRLS-studie (Progress in International Reading Literacy Study) Suid-Afrikaanse skole minder tyd spandeer aan lees as in ander lande. Verder spandeer ’n kwart van die Suid-Afrikaanse skole minder as drie uur per week aan lees.

Studies aan verskeie Suid-Afrikaanse universiteite dui daarop dat die algemene taal- en leesvermoë van die meerderheid eerstejaarstudente onvoldoende is en dat hulle die risiko loop om onsuksesvol te wees in hulle studies (Bharuthram, 2012:209). In ’n opname deur HESA (Hoër Onderwys in Suid-Afrika) onder eerstejaarstudente (University World News, 2009) is bevind dat :

- slegs 47% van die studente oor voldoende akademiese geletterdheid beskik.
- 46% binne die intermediêre kategorie geval het.
- 7% oor basiese akademiese geletterdheid beskik het.

Bostaande ondersoek dui daarop dat die geletterdheid van studente hulle akademiese prestasie nadelig kan beïnvloed. Daar word aanbeveel dat universiteite uitgebreide ondersteuning aan studente rakende geletterdheid moet verskaf.

2.2.4. Benaderings ten opsigte van leesonderrig

Hoewel dit in die algemeen aanvaar word dat lees behels die betekenis wat ’n leser vanuit ’n teks verkry, is daar egter verskillende sienings rakende die metodes wat gevolg moet word om lees te onderrig (Venter, 2007:54).

Alderson (2000:16) in Le Cordeur (2010a:110) stel dit dat navorsing in die vorige twee dekades hoofsaaklik op twee benaderings gekonsentreer het, naamlik die “top-down”-benadering en die “bottom-up”-benadering. Le Cordeur (2010a:111) wys daarop dat beide die “topdown”- en “bottom–up”-model hulle beperkings het en stel die interaktiewe benadering voor.

Vervolgens gaan ’n opsomming van literatuur (Le Cordeur, 2010a:110-113; Venter, 2007:54-74) rakende die onderskeie benaderings gegee word. Die doel van die opsomming is om die hoofpunte van die onderskeie benaderings uit te lig.

2.2.4.1 Psigolinguistiese of “topdown”-benadering

Volgens hierdie benadering is taal saamgestel, verweef en interafhanklik van mekaar. Die leesproses is holisties en kan nie verdeel word nie, omdat dit die proses sal versteur.

Die leser, volgens hierdie benadering maak van psigolinguistiese skattingspeletjies gebruik. Hiervolgens “voorspel” die leser die betekenis van ’n teks op grond van die konteks waarin dit geplaas word (Venter, 2007: 58).

Die volgende aspekte is betrokke by die leesproses :

- Die leser se kennis van die leesinhoud.
- Die grammatika en struktuur van die taal.
- Die leser se algemene kennis, sowel as kennis van die bepaalde onderwerp.

Die klem word in hierdie benadering geplaas op lees as ’n betekenisskeppende handeling. Hiervolgens word eers klem geplaas op die lees van sinne om die klem op leesbegrip te laat val en nie op die aanleer en inoefening van spesifieke vaardighede in isolasie nie. Die veronderstelling is dat die leser aanvanklik op idees, konsepte en betekenis fokus en dan na kleiner eenhede van woordherkenning beweeg (Venter, 2007: 60).

Die belewing van die kind staan sentraal in die onderrig van lees. Die benadering is oorwegend konsep-gedrewe en die leerders is soms geneig om semantiese foute te maak, gevolglik getuig hulle antwoorde soms van oppervlakkige lees. Hoewel die leerder soms wel ’n vae idee het van die teks, is hulle nie in staat op dieperliggende begripsvrae te beantwoord nie (Le Cordeur, 2010a: 111).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.4.2 “Bottom-up”-benadering

Die “bottom-up”-benadering word ook na verwys as die sintetiese benadering. Hierdie benadering is verteenwoordigend van die behaviouristiese denkskool (Venter, 2007:60).

Hierdie benadering plaas die klem op die onderrig van geïsoleerde vaardighede wat op ’n sistematiese wyse opeenvolg. Hiervolgens moet letters en klanke eers ontsyfer word. Daarna word dit as klanke gedekodeer en as woorde saamgevoeg sodat betekenis afgelei kan word. Daar word dus vanaf die kleinste dele, naamlik lettersimbole, klanke en lettergrepe beweeg na woorde en woordherkenning tot by betekenis. Hiervolgens is begrip en betekenis nie moontlik indien die leser nie die gedrukte woorde fonologies kan kodeer nie.

Die leerder leer lees dus deur voortdurend leesdele saam te voeg om groter eenhede te vorm. Baie herhaling en oefening van klanke word aanbeveel (Venter, 2007: 65).

Taal en grammatika is twee aspekte wat volgens die benadering ’n belangrike rol speel om lees te verbeter. Volgens hierdie benadering moet woordeskatuitbreiding baie aandag geniet tydens die onderrig van lees.Die onderwyser moet seker maak dat die leerders kernwoorde wat in die teks voorkom, ken voordat die leesaktiwiteit begin (Le Cordeur, 2010a: 111). Dit is ook belangrik dat opvoeders hulle vergewis van die betekenis van woorde by verskillende kulture.

2.2.4.3. Interaktiewe-benadering

Die Interaktiewe-benadering word ook na verwys as die tweerigtingbenadering.

Volgens die interaktiewe benadering vereis effektiewe lees nie slegs “topdown”- of “bottom-up”-vaardighede nie. Alhoewel basiese kennis van grammatika en struktuur van ’n taal ’n belangrike rol speel in leesproses, is kognitiewe vaardighede soos vooruitskatting en agtergrondkennis ook belangrik vir die leesproses. Die interaktiewe benadering erken die belangrikheid van beide en help om die balans

tussen die twee benaderings te herstel. Sukkelende lesers moet beide hulle “bottom-up”-woordherkenningsvaardighede, sowel as “top-down”-interpretasievaardighede ontwikkel. Effektiewe lees vereis dat hierdie vaardighede interaktief saamwerk.

Die benadering veronderstel ook dat betekenis vanuit verskillende bronne kom. Die leser maak tydens lees van beide sy grammatika of taalkennis sowel as sy ervaring gebruik om betekenis te skep. Die opvoeders behoort ’n kombinasie van hierdie benaderings te gebruik tydens leesonderrig.

Ten slotte erken hierdie benadering die belangrike rol wat die leser speel in die leesproses (Le Cordeur, 2010a:112).

2.2.5. Faktore wat geletterdheid en leesvaardighede strem

‘n Oorsig van die bestaande literatuur toon dat ‘n aantal faktore bydra tot die vermoë of onvermoë van ‘n leerder om suksesvol te lees.

2.2.5.1. Bevoegdhede van opvoeders.

Dit blyk dat opvoeders in Suid-Afrikaanse skole nie weet hoe om lees te onderig nie. Voorts is hulle ook nie in staat om leerders wat sukkel met lees te ondersteun nie (DvBO, 2008: 8). Volgens Taylor (2008: 15) is opvoeders die oorsaak vir die swak geletterdheidsvlakke onder leerders.

Klapwijk (2012: 192) wys daarop dat opvoeders ten spyte van die voordele van leesinstruksie byna nooit leesvaardighede direk onderrig nie. Die gevolg hiervan is dat leerders nooit die vaardighede ontwikkel wat hulle in staat sal stel om sekere tekste te begryp nie.

In studie van Scheepers (2008: 34) het slegs 10 van die 17 opvoeders wat deel was van die studie, meer as 10 boeke by hulle wonings gehad en nie een van hulle was lid van ’n openbare biblioteek nie.

2.2.5.2. Skoolbiblioteke en leermateraiaal

'n Verslag van die Departement van Basiese Onderwys dui daarop dat slegs 21% van die skole in die land oor 'n skoolbiblioteek beskik. Volgens die opname beskik slegs 179 skole uit 'n totaal van 611 skole in die Noord-Kaap oor 'n biblioteek (DvBO, 2011: 23).

Die enigste boeke waaraan die meerderheid leerders in skole blootgestel word is soms handboeke wat hulle onder mekaar moet deel (Scheepers, 2008:33). Wessels (2010: 24) is die mening toegedaan dat die gebrek aan leesmateriaal in skole tesame met swak onderrig veroorsaak dat baie leerders nie tot onafhanklike lesers kan ontwikkel nie.

2.2.5.3. Sosio-ekonomiese omstandighede

Sosio-ekonomiese status speel 'n belangrike rol in leerders se taalontwikkeling. Le Cordeur (2010e:80) is die mening toegedaan dat armoede 'n moontlike oorsaak kan wees vir die hoë getal leerders met leesprobleme in die intermediêre fase. Die opvoedkundige vlak van ouers speel 'n belangrike rol in 'n kind se skolastiese vordering. In 'n opname is bevind dat 40% van ouers nie primêre onderrig voltooi het nie (DvBO, 2008:9). Scheepers (2008:33) wys daarop dat leerders vanuit bevoordeelde en middelklasagtergronde soms meer blootstelling het aan taalryke ervarings wat hulle taalontwikkeling aanhelp, as leerders vanuit arm en werkersklas agtergronde.

2.2.5.4. Moedertaalonderig

Die waarde van moedertaalonderrig, veral in kinders se vormingsjare speel 'n belangrike rol in kinders se taal- en leesvaardighede. Kinders wat in hul moedertaal skoolgaan, leer om gouer en beter te lees. Koen *et al* (2006:267) wys daarop dat onderrig so lank as moontlik in leerders se moedertaal moet geskied, aangesien moedertaalonderig 'n verskil maak in leerders se slaagsyfer. Die meerderheid leerders in Suid-Afrikaanse skole ontvang nie onderrig in hulle moedertaal nie (DvBO, 2008:9).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.5.5. Inklusiewe onderwys

Le Cordeur (2010e:79) haal navorsing aan wat daarop dui dat neurologiese probleme soms van die oorsake is vir leesprobleme en dat hulle remediërende ondersteuning moet ontvang.

Ten spyte van die beleid rakende inklusiewe onderwys wat van toespassing is op alle sektore van die onderwystelsel, ontvang leerders met spesiale onderwysbehoeftes nie die nodige ondersteuning om van hulle goeie lesers te maak nie (DvBO, 2008:10).

2.2.5.6. Motivering

Gebrek aan motivering is een van die algemeenste oorsake wat negatief inwerk op sukkelende lesers se prestasie (Le Cordeur, 2010e:80). Zwiegers (2011:19) wys daarop dat waar lees onsuksesvol vasgelê word, sal die kind gevul word met ‘n swak selfbeeld en min selfvertroue. So ‘n kind kan dus nie meer leer om te lees nie, want hy/sy glo hy/sy kan nie. Volgens Le Cordeur (2010c:1-2) lei leesprobleme tot ‘n negatiewe houding teenoor lees, wat manifesteer in emosionele response soos skaam wees vir lees, lees-angs en frustrasie.

2.2.6. Geletterdheid en akademiese vordering

Lees is een van die belangrikste akademiese take wat enige leerder ervaar en enige formele onderig vereis van leerders om inligting te versamel deur te lees (Bharuthram, 2012:205). ’n Belangrike taak van onderwys is om die akademiese prestasie van alle leerders te bevorder (Kaniuka, 2010:184).

Navorsing (Bharuthram, 20012:205; Koen *et al*, 2006:267) dui daarop dat daar ’n direkte verband is tussen lees en akademiese vordering van leerders. Leerders wat probleme ervaar met die verwerwing van taalvaardighede kan probleme ervaar om akademies te vorder. Koen *et al* (2006:267) is van mening dat die vermoë van leerders om korrek te kan lees en skryf ’n geldige voorspeller is van hulle prestasie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in skoolvakke, veral taalvakke. Hieruit volg dat leerders wat lees en spelprobleme op skool ervaar, ook leerprobleme sal ervaar wat hulle prestasie en gevolglik ook hulle vordering op skool nadelig kan beïnvloed.

Sanacore en Palumbo (2010:180) wys daarop dat die hoeveelheid tyd wat leerders spandeer aan lees 'n geldige voorspeller is van hulle vlak van leesvaardigheid, leesbegrip, woordeskat en leespoed. Leesvermoë in die senior fase is belangrik vir latere akademiese sukses. Leerders wat nie kan lees nie, gaan dit toenemend moeilik in hoër grade vind om tekste rakende die verskillende leerareas te verstaan (Pretorius en Ribbens, 2005:145).

Leerders wat sukkel met lees word minder blootgestel aan nuwe idees as leerders wat wel lees. Vlot lesers daarteenoor kry meer toegang tot inligting wat hulle help om hulle algemene kennis, hulle woordeskat uit te brei en goeie taalvaardighede te ontwikkel (Pretorius en Machet, 2004:46).

Kaniuka (2010:184) toon dat daar 'n direkte verband is tussen leerders se akademiese prestasie en hulle houding ten opsigte van lees. 'n Remediërende program vir leerders wat sukkel met lees, het nie net die gemiddelde leesnorm verhoog en bygedra tot beter akademiese prestasie nie, maar ook leerders se houding ten opsigte van lees en hulle selfvertroue ten opsigte van lees bevorder (Kaniuka, 2010:186). Hierdie bevindinge stem ook ooreen met Le Cordeur se navorsing (2012a:139) wat dui dat die leerders se houding verander het toe die onderwyser ekstra moeite gedoen het.

2.2.7. Die rol van opvoeders in die bevordering van geletterdheid

Opvoeders het 'n belangrike rol te speel om lees 'n genotvolle ervaring vir leerders te maak en moet aan leerders die waarde van lees demonstreer (Tiemensma, 2006:14).

Een van die take van geletterheidsbevordering moet wees die aankweek van 'n positiewe houding ten opsigte van lees by leerders (Tiemensma, 2006:15; Le Cordeur, 2010e:11;Taylor *et al*,1995:74). Taylor *et al* (1995:74) is van mening dat

opvoeders wat gereeld aan leerders die geleentheid bied om vir genot te lees en wat elke geleentheid aangryp om hul leerders aan lees bloot te stel ’n positiewe houding teenoor lees by hul leerders sal kweek.

Le Cordeur (2010e:80) wys daarop dat een van die redes waarom leerders sukkel met lees, is dat leesstrategieë nooit aan die leerders demonstreer word nie. In die Nasionale Leesstrategie (DvBO, 2008:14) word dit beklemtoon dat leerders nie leesvaardighede optel nie, maar dat opvoeders hierdie vaardighede doelbewus aan die leerders moet onderrig. Verder is dit uiters belangrik dat opvoeders ’n duidelike plan moet hê oor hoe hulle lees aan die leerders gaan onderrig.

Volgens McCardle en Miller (2009:39) soos aangehaal deur Klapwijk (2012:200) kan opvoeders, insluitend vakspesialiste, die geletterdheidsbehoeftes van leerders aanspreek. Hulle wys daarop dat alhoewel vakspesialiste nie direk geletterdheidinstruksie gaan doen nie, hulle kan help met die ontwikkeling van vak-spesifieke woordeskat en begrip van die vakinhoud. Voorts beklemtoon hulle die belangrikheid daarvan dat opvoeders die ontwikkeling van begripsvaardighede deel maak van hulle lesbeplanning.

.

Le Cordeur (2010e:83-84) belig die volgende rolle wat opvoeders kan speel rakende leesbevordering:

- Modellering. Hiervolgens kan die opvoeders sekere leesvaardighede modelleer aan leerders en hulle versoek om hierdie vaardighede toe te pas wanneer hulle lees.

- Afrigting (“coaching”). Opvoeders moet individuele terugvoer gee aan leerders rakende hulle lees.

In die Nasionale Leesstrategie (2008) word opvoeders beskou as die sleutel tot die suksesvolle onderrig van lees. Daar word daarop gewys dat die opvoeders ’n vertrouensverhouding met elke leerder moet opbou en aan die leerders beide die verlangde leesvaardighede tesame met ’n liefde vir lees by hulle moet kweek.

Volgens Klapwijk (2012:192) misluk pogings ten opsigte van onderwysverandering meestal omdat die rol van opvoeders in die proses verontagsaam word. Die volgende redes word aangevoer vir mislukking (Klapwijk, 2012:192-193) :

- Opvoeders is soms verward of verwerp die inisiatief.
- Opvoeders argumenteer soms dat leesstrategieë 'n groot deel van hulle onderrigtyd in beslag gaan neem.
- Opvoeders benodig dikwels meer ondersteuning.
- Opvoeders moet van tasbare bewyse voorsien word sodat die insiatief 'n betekenisvolle verskil kan maak.

Aansluitend hierby gee Moss en Noden (1994:342-344) gee die volgende riglyne om opvoeders te help met implementering. Dit is belangrik dat opvoeders personeelontwikkeling voor, tydens en na die implementering moet ontvang.

Opvoeders moet vrywillig deelneem aan die implementering en moet genoegsame geleentheid kry om hul rolle te heroorweeg. Verder moet opvoeders verandering beskou as 'n proses en geduldig wees met hulleself tydens die proses van verandering. Volgens hulle is suksesvolle implementering afhanklik van onderlinge samewerking binne die skool.

2.3. DIE LEESPERIODE

2.3.1. Definisie van die leesperiode

Die Oxford Woordeboek (Oxforddictionaries.com) omskryf die leesperiode as "a period in school set aside for developing reading skills, introduced as a daily requirement in English primary schools in 1998".

Volgens Machin en McNally (2004:4) is die leesperiode, as deel van die nasionale leesstrategie, in Engeland en Wallis ingestel om die implementering van die nuwe kurrikulum te versterk. Die fokus van die leesperiode is op lees en skryf as interaktiewe prosesse. Laerskoolopvoeders en leerders is verplig om te voldoen aan die voorgeskrewe patroon van onderrig (Hanke, 2000:287). Die opvoeders is van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opleiding en ondersteuningsmateriaal voorsien om te help met die implementering van die leesperiode.

'n Sleutelkomponent van die nasionale leesstrategie in Engeland is 'n raamwerk vir onderrig, waarin die onderrigdoelwitte per kwartaal uiteengesit is. Die raamwerk bestaan uit 'n duidelike uiteensetting van die tyd en klaskamerbestuur van die leesperiode. Hiervolgens bestaan die leesperiode uit vier komponente :

- Eerstens is daar 'n 10-15 minute sessie met gedeelde teks soos 'n grootboek.
- Daarna volg 'n 10-15 minute sessie met die volle klas wat fokus op fonetiek, spelling, woordherkenning en woorduitbreiding.
- Hierop volg 'n 25-30 minute sessie waarin die opvoeder direk werk met twee groepe leerders vir 15 minute elk. Die groepaktiwiteite fokus op geleide lees en gefokusde ondersteuning aan leerders om te help met skryfvaardighede.
- Tydens die laaste gedeelte van die uur kry leerders die geleentheid om hulle werk ten toon te stel en word daar gereflekteer oor wat hulle geleer het.

Op die webtuiste van die Guyana Ministerie van Onderwys (2011), word die leesperiode omskryf as 'n spesiale periode wat aangebied word gedurende die skooldag wat fokus op die ontwikkeling van geletterdheid. Die fokus is om leerders se lees-, skryf-, praat- en luistervaardighede te ontwikkel. Die veronderstelling is dat leerders in staat sal wees om inligting te versamel, krities te dink en effektief te kommunikeer.

Die volgende is 'n uiteensetting van die struktuur van die leesperiode in Guyana se skole:

- Die leesperiode begin met 'n inleiding van die dag se program. Dit duur vir 7 minute. Die aktiwiteite en doelwitte vir die dag se sessie word dan bespreek.
- Fonetiese bewustheid word in die volgende 15 minute met die res van die klas aangebied. Dit mag liedjies en rympies insluit.
- Fonetiek word in die volgende 15 minute onderrig. Gedurende hierdie tyd word klanke sistematies onderrig.

- Hierna volg kleingroepaktiwiteite wat gedeelde lees, teken, skryf en woordeskatontwikkeling insluit.
- Tydens die laaste deel van die leesperiode word daar gefokus op refleksie. Gedurende hierdie tyd bespreek die opvoeder en die leerders die werk wat behandel is gedurende die sessie en wat hulle geleer het. Die opvoeder gebruik die terugvoer vir toekomstige lesbeplanning.

In terme van die Nasionale Leesstrategie in Suid-Afrika, is die leesperiode verpligtend en ’n vereiste vir die Nasionale Leesstrategie (Le Cordeur, 2010e:86). Volgens ‘n omsendskrywe van die Noord-Kaapse Onderwysdepartement (NKOD, 2007:1) word die leesperiode omskryf as ’n verpligte periode van 30 minute, wat op die skool se rooster aangedui moet word en waar lees op ’n gestruktureerde manier aangebied moet word vir alle leerders vanaf graad 1 tot graad 12.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing kan die leesperiode in kort beskou word as ’n intervensiestrategie om die leesvaardighede van leerders op ‘n gestruktureerde manier binne skoolverband aan te spreek.

2.3.2. Navorsing rakende die leesperiode en die effektiwiteit daarvan

Die leesperiode word tans in verskeie lande gebruik om onderrig en leer te versterk (Poveda, 2011:1; Smith en Whiteley, 2000:36).

’n Ondersoek deur Machin en McNally (2004:4) dui daarop dat die leesperiode bygedra het om die leesvermoë van die leerders te verbeter. Volgens ‘n studie deur Smith en Whiteley (2000:36) beskou die opvoeders in van die skole waar die leesperiode geïmplementeer is, die leesperiode as ‘n effektiewe strategie om die leesvermoë van leerders te verbeter.

Campbell (1998:21) wys daarop dat dit blyk asof die een uur te min is om reg te laat geskied aan die doelwitte soos gestel in die nasionale leesstrategie. Daar word voorgestel dat ten minste twee uur meer genoegsaam sal wees. Voorts word daar ook argumenteer dat aangesien die laerskoolkurrikulum beskou word as ’n taal- en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geletterdheids- of ondersoekende kurrikulum, geletterdheid liewer binne die totale kurrikulum integreer moet word.

Fisher, Lewis en Davis (2000:3-7) in hul studie rakende die implementering van die leesperiode in kleiner skole, het die volgende bevind :

- Die kinders het die wye verskeidenheid boeke geniet waaraan hulle blootgestel was.
- Daar was 'n verbetering in die kinders se woordeskat. Alhoewel daar oor die algemeen nie 'n te groot verbetering was nie, het leerders met lae tellings baie verbetering getoon.
- Kinders was meer gefokus en het goed gereageer op die roetine van die leesperiode.
- Die duidelike fokus op die ontwikkeling van skryfvaardighede tesame met leesvaardighede is verwelkom.
- Die leesperiode het ook 'n positiewe uitwerking op onderrigstyl van opvoeders gehad. Opvoeders wat baie negatief was ten opsigte van die leesperiode se onderrig het die minste verbetering en verandering getoon.
- Opvoeders wat suksesvol was, het die volgende onderrigstrategieë gebruik: 'n wye verskeidenheid uitdagende tekste is gebruik; hulle maak gebruik van oop en uitdagende vrae; daar was 'n goeie verhouding tussen opvoeder en leerders; hulle beplanning en onderrig het spesifieke doelstellings voor oë gehad; hulle het geslaag in die daarstelling van goeie roetine en klaskamerorganisering en hulle onderrig was doelgerig met gemodelleerde en begeleide aktiwiteite.

Hulle navorsing het verder bevind dat skole wat nie positief was ten opsigte die leesperiode nie, 'n tegniese ingesteldheid ontwikkel het. Die gevolg was dat die leesperiode minder suksesvol was in sulke skole. Die ondersteuning aan skole en opvoeders in die ontwikkeling van die geletterdheidstrategie word ook benadruk.

In 'n studie van Fisher en Lewis (1999:24-27) het hulle opvoeders se siening van die leesperiode ondersoek. Hulle navorsing bevind die volgende :

- Van die besware teen die leesperiode is onder andere die duidelike struktuur, die voorgeskrewe inhoud en hoe dit onderrig behoort te word. Die argument was dat dit opvoeders van hul outonomiteit ontneem. Die navorsing het egter bevind dat opvoeders die duidelike struktuur van wat van hulle verwag word, verwelkom.
- Die feit dat ekstra hulpbronne aan skole verskaf is en dat uitgewers nuwe boeke publiseer het, is ook deur opvoeders as positief beskou.
- Ongeveer 20% van die respondente het die toenemende fokus op geletterdheid en dat dit as belangrik genoeg geag word om op die skool se rooster te verskyn, verwelkom.
- ’n Kwart van die respondente het aangedui dat hulle die gedeelde lees- en skryfwerk wat deel is van die leesperiode as positief ervaar het.

In hulle navorsing belig hulle ook sekere aspekte van die leesperiode wat deur die opvoeders as negatief ervaar word (Fisher en Lewis,1999:25-26):

- Bykans die helfte van die opvoeders het aangedui dat die leesperiode bykomende werklading tot gevolg het omdat meer tyd gebruik gaan word vir beplanning en voorbereiding.
- Hoewel van die opvoeders positief was oor hulpbronne, was van die opvoeders bekommerd oor die gebrek aan hulpbronne, beskikbaarheid van hulpbronne en die tyd wat dit in beslag sal neem om die nodige hulpbronne op te spoor.
- Van die opvoeders het ook hulle kommer uitgespreek oor die oorhaastige implementering van die leesperiode en dat daar te veel verwag word om te bereik in die beperkte tydbestek.
- Sommige opvoeders het ook die gebrekkige navorsing rondom die effektiwiteit van die leesperiode uitgelig en daarop gewys dat die nuwe leesstrategie bestaande onderrigpraktyke vervang wat reeds werk.
- Hoewel die duidelike struktuur en voorgeskrewe inhoud deur die meerderheid opvoeders verwelkom was, was daar enkele opvoeders wat van mening was dat die voorgeskrewe inhoud en metodes die outonomiteit van opvoeders ondermyn.
- Dit skep onrealistiese verwagtinge van wat die leerders kan baasraak.
- Opvoeders was besorg dat daar nie genoegsaam voorsiening gemaak word vir individuele verskille in terme van vermoëns van leerders nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit blyk dat die leesperiode nie effektief is vir leerders met spesiale leerbehoeftes nie (Smith en Whiteley, 2000:36). Die argument is dat die groot klem op lees en skryfvaardighede nie versoen kan word met die pogings van opvoeders om 'n breë en gebalanseerde kurrikulum vir hulle leerders met spesiale onderwysbehoeftes aan te bied nie (Miller, Lacey en Layton: 2003:13).

Om die aangeleentheid aan te spreek is opleidingsmateriaal deur die onderwysdepartement aan die opvoeders verskaf. Die opleidingsmateriaal moes opvoeders bemagtig, sodat hulle strategieë kan ontwikkel wat die individuele behoeftes en insluiting van alle leerders kan bevorder. Hoewel die riglyne sekere aspekte van leesperiode soos uiteengesit in die nasionale leesstrategie behou het, het dit aan opvoeders die geleentheid gebied om sekere aanpassings te maak om te pas by die profiel van hulle leerders (Miller *et al*, 2003:14).

Miller *et al* (2003:19) wys daarop dat by van die deelnemers daar pogings was om leerders met spesiale leerbehoeftes te akkommodeer binne die leesperiode. Hulle wys egter daarop dat in die meeste gevalle was die opvoeders se verstaan van geletterdheid verskillend van die riglyne soos voorgeskryf in die nasionale leesstrategie. Die opvoeders was ook buigbaar in die interpretering van die riglyne en het hul professionele oordeel gebruik om inhoud aan te pas by die profiel van hulle leerders. Die leesperiode was hoofsaaklik gebruik om kommunikasievaardighede, visuele en luistervaardighede en respons op tekste te bevorder deur gebruik te maak van letterkundige werke en ander stimuli.

Uit hulle navorsing identifiseer Miller *et al,* 2003:19) die volgende ses breë faktore wat 'n invloed kan hê op die insluiting van leerders met spesiale leerbehoeftes in die leesperiode :

- Die leerders met spesiale onderwysbehoeftes is ingesluit deur strategieë en deur toerusting te gebruik wat afwyk van die voorgeskrewe inhoud en onderrigstrategieë soos uiteengesit in die amptelike dokumente.

- Dit blyk dat die klaskamer-assistente belangrik is om insluiting te laat werk. Die klaskamer-assistente help om individuele leerders en opvoeders te ondersteun.
- Die aktiwiteite en materiaal moet aangepas word by die individuele sterkpunte van die leerders.
- Die riglyne in die amptelike dokumente rakende die leesperiode is soms aangepas om die behoeftes van die leerders te akkommodeer.
- Die opvoeder se kennis, vaardighede en selfvertroue is belangrik om die wye verskeidenheid van leerder behoeftes aan te spreek.
- Die klaskameruitleg en -groepering moet die maksimum deelname deur alle leerders in die hand werk.

Voorts wys hulle daarop dat opleiding en ondersteuning aan opvoerders om leerders met spesiale onderwysbehoeftes te help, onvoldoende was.

2.3.2. Die leesperiode in die Suid-Afrikaanse konteks

In terme van die Nasionale Leesstrategie is die leesperiode verpligtend en ’n vereiste vir die Nasionale Leesstrategie (Le Cordeur, 2010e:86). In die Nasionale Leesstrategie (DvBO, 2008:15) word die leesperiode uitgesonder as een van die strategieë om die krisis rakende lees aan te spreek. Hiervolgens moet skole ‘n “Los alles en lees ”-sessie van ’n halfuur per dag aanbring op hulle rooster. In hierdie tyd moet die totale skoolgemeenskap fokus op lees.

Volgens ‘n omsendskrywe van die Noord-Kaapse Onderwysdepartement (NKOD, 2007:1) word die leesperiode omskryf as ’n verpligte periode van 30 minute, wat op die skool se rooster aangedui moet word en waar lees op ’n gestruktureerde manier aangebied moet word vir alle leerders vanaf graad 1 tot in graad 12.

Die omsendskrywe stel ook die “Reading Recovery”-program bekend (NKOD:4-5). “Reading Recovery” word omskryf as ‘n intervensieprogram vir leerders vanaf graad 1 tot 6 wat ekstra ondersteuning nodig het met lees en skryf. Dit word beskou as ’n vroeë-intervensieprogram, wat gewone klaskameronderrig moet versterk. Volgens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die omsendskrywe moet daar op die volgende inhoud gefokus word gedurende die 30 minute :

- werk met letters en woorde
- werk met die klanke in woorde
- bou van woorde
- bou van sinne
- spelling
- lees van bekende boeke
- herlees van vorige dag se nuwe boeke
- skryf van ’n boodskap of ’n storie
- herorganisering van ’n opgesnyde storie
- bekendstelling en lees van ’n nuwe boek
- enige ander relevante aktiwiteit.

In die Noord-Kaapse Onderwysdepartement (NKOD, 2007:2) se omsendskrywe word die volgende riglyne, om te help met die implementering van die leesperiode, aan die skole verskaf :

- Verskillende onderrigmetodes moet deur opvoeders gebruik word en die fokus moet wees op individuele lees.
- Die volgende inhoud moet deel wees van gestruktureerde leesonderrig : fonetiek, sigwoorde, woordherkenning, bou van woorde, sinne asook spelling.
- Leerders wat sukkel met lees moet genoegsame ondersteuning ontvang.
- Die taalopvoeders moet die aanvoorders wees van die program.

Om die opvoeders te help met die implementering van die leesperiode, word die volgende beloof (NKOD, 2007:6; DvBO, 2008:15):

- Kurrikulumadviseurs en leerondersteuningspesialiste, gebaseer by distrikkantore, gaan opgelei word om opvoeders te ondersteun.
- ’n Oriënteringsessie, rakende die leesperiode, gaan vir opvoeders aangebied word.
- ’n Opleidingshandleiding gaan saamgestel word wat opvoeders gaan help met die onderrig van lees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Geakkrediteerde opleidingsprogramme vir opvoeders rakende lees gaan ontwikkel word.
- Die Taalleerareabestuurders by die verskillende distrikkantore kan gekontak word vir advies en ondersteuning.

In die Nasionale Leesstrategie word die belangrikheid van skoolbestuur in die lewering van kwaliteitonderwys belig (DvBO, 2008:16). Hiervolgens is die skoolbestuurder verantwoordelik vir die leesperiode binne skoolverband. Die skoolbestuurder moet 'n opleidingsessie vir die opvoeders organiseer en sorg dat leesvaardighede binne alle vakke integreer word. Verder word dit van die skoolbestuurder verwag om maatreëls in plek te stel wat sal meebring dat elke leerder kan lees, asook maatreëls vir die erkenning van leerderprestasies rakende lees.

2.4. DIE SKOOLBIBLIOTEEK

2.4.1. Definisie van 'n skoolbiblioteek

In die Departement van Basiese Onderwys se handleiding rakende skoolbiblioteke word daar na die skoolbiblioteek verwys as *:*

" A generic description that incorporates all forms and models of resource collection development and provision. It also provides information and material, relevant to a resource-based teaching and learning approach, to learners and educators in schools, such as a media centre, a resource centre, an information centre".

Volgens Groenewald (in De Vries, 2009:27) is die skoolbiblioteek 'n boek- en inligtingsdiens vir die skool. Hiervolgens is die biblioteek 'n sentrale punt in die skool, waar al die moontlike skoolbiblioteekmateriaal en -apparaat byeengebring, gehuisves en as 'n hegte eenheid georganiseer en in diens gestel word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De Vries (2009:26) wys daarop dat die terme “skoolbiblioteek”, “mediasentrum” en “bronnesentrum” afwisselend gebruik word wanneer daar verwys word na die skoolbiblioteek.

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar na die skoolbiblioteek verwys as die sentrale punt in skool, waar al die inligting byeengebring word en geïntegreer word in die breë kurrikulum van die skool.

2.4.2. Skoolbiblioteke in die Suid-Afrikaanse konteks

Voor 1994 het skoolbiblioteke die politieke ekonomie reflekteer. Hiervolgens was die skole vir blankes van goeie skoolbiblioteke voorsien, terwyl biblioteke in swart skole feitlik afwesig was. Die driekamer- politieke bedeling het veroorsaak dat skole vir bruinmense en Indiërs sedert die middel 1980’s ook van skoolbiblioteke voorsien is (Hart en Zinn, 2007:91). Navorsing (Wessels, 2010:40; Hart en Zinn, 2007:91) dui daarop dat met die oorgang tot demokrasie baie van die skoolbiblioteekposte uitfaseer is.

Volgens die Suid-Afrikaanse skolewet is skoolbeheerliggame verantwoordelik vir die spandering van skoolfondse. Goedgevestigde skoolbiblioteke kom hoofsaaklik voor in gegoede skole, terwyl skoolbeheerliggame in agtergestelde skole nie oor genoegsame fondse beskik om te spandeer aan skoolbiblioteke nie. Hart en Zinn (2007:93) dui aan dat tot 50% van onafhanklike skole oor ’n gevestigde skoolbiblioteek beskik, asook oor voltydse opgeleide biblioteekpersoneel en dat daar jaarliks begroot word vir die biblioteek.

’n Verslag van die Departement van Basiese Onderwys dui daarop dat slegs 21% van die skole in die land oor ’n skoolbiblioteek beskik. Volgens die opname beskik slegs 179 skole uit ’n totaal van 611 skole in die Noord-Kaap oor ’n biblioteek (DvBO, 2011:23). Biblioteke in veral agtergestelde gemeenskappe bestaan of nie of is ondervoorsien en speel geen beduidende rol speel om lees te bevorder nie (Le Cordeur, 2012 :140).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens Hart (2004:112) besef die Departement van Basiese Onderwys die belangrikheid van skoolbiblioteke en inligtingsgeletterdheid, maar as gevolg van beperkte hulpbronne is daar die erkenning dat dit nie moontlik is om aan elke skool ’n skoolbiblioteek en skoolbibliotekaris te voorsien nie.

Die Departement van Basiese Onderwys stel verskillende oplossings voor, wat strek vanaf houer-biblioteke in die klaskamers tot “een-skool-een-biblioteek”. Verder word ’n vennootskap tussen die openbare biblioteek en skole voorgestel. Hiervolgens gaan skole binne ’n gemeenskap gesamentlik toegang kry tot die openbare biblioteek (Hart, 2004:112).

Die visie van die Departement Basiese Onderwys is dat elke skool ‘n funksionele skoolbiblioteek moet hê, wat sal verseker dat leerders en opvoeders inligtingsgeletterd sal wees en lewenslange onafhanklike lesers sal word.

Volgens die Departement van Basiese Onderwys moet die skoolbiblioteek en inligtingstelsel aan die opvoeders en leerders ’n wye verskeidenheid kurrikulum-ondersteuningsmateriaal voorsien. Die leerders moet blootgestel word aan diverse idees, ervarings en standpunte. Voorts moet dit ’n kultuur van lees en skryf vestig, asook respek vir intellektuele eiendom bevorder.

2.4.3 . Skoolbiblioteke, inligtingsgeletterdheid en die nuwe kurrikulum

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) ag die ontwikkeling van geletterdheid as baie belangrik (Klapwijk, 2012:191). Baatjes (2003:4) wys daarop dat die wetgewing op ‘n direkte of indirekte wyse die belangrikheid van geletterdheid beklemtoon.

Volgens Hart (2002:79) was onderwys voorheen hoofsaaklik opvoeder- en handboek-georiënteerd, terwyl die nuwe kurrikulum veronderstel dat inligtingsvaardighede ’n integrale deel van onderwys en leer behoort te wees. In terme van assessering is daar ’n wegbeweeg van eksamens na ’n stelsel van deurlopende formatiewe assessering deur middel van projekte en portefeuljes.

Die nuwe kurrikulum beweeg weg vanaf opvoeder-gesentreerde onderwys en leer na ’n meer konstruktivistiese benadering. Hiervolgens moet leerders self hulle kennis opbou deur gebruik te maak van ’n verskeidenheid inligtingsbronne. Volgens Hart (2006:77) vereis die benadering sekere hoë kognitiewe vaardighede, soos die vermoë om ’n onderwerp te ontleed, identifisering van watter inligting nodig is, ontleding en interpretasie van verskillende tekste, asook die toepassing van inligting om probleme op te los.

In die Departement van Basiese Onderwys (2007:3) se handleiding oor skoolbiblioteke word dit beklemtoon dat die nuwe skoolkurrikulum oorwegend inligtinggebaseerd is en afhanklik is van die integrering van hulpbronne in die kurrikulum, die ontwikkeling van leerders wat inligtingsgeletterd is, asook die vestiging van ‘n leeskultuur. Hart (2004:111) tabuleer die verandering in klaskamerstyl onderliggend tot die nuwe kurrikulumverandering soos volg :

Tradisionele klaskamerstyl	**Konstruktivistiese klaskamer**
Opvoeder: instrukteur	Opvoeder: fasiliteerder
Onderrig is geïsoleerd	Onderrig - spanbenadering
Opvoeder – outonoom	Ko-operatiewe aktiwiteite
Groeponderrig	Individuele onderrig
Afhanklik van handboek	Verskillende hulpbronne
Selfhandhawende klaskamers (“Self-contained classrooms”)	Leer is aktiewe ontdekking
	Leer is probleem-gebaseerd

Tabel 2: *Verandering tot Konstruktivistiese klaskamer*

Een van die doelwitte van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) is dat die leerders effektief moet kan kommunikeer op ’n wyse wat probleem-oplossing en kritiese denke bevorder (Le Cordeur, 2010c:1). Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) beklemtoon die belangrikheid van inligtingsgeletterdheid en verwag van leerders om taal te gebruik om inligting te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verkry en te bestuur (DvBO, 2011:9). Hart (2004:111) omskryf inligtingsgeletterdheid as volg:

"Information literacy refers to the compliment of skills that enable citizens to recognize a need for information, find information efficiently,analyse it and assess it critically, use it to meet the identified need and to solve problems".

Voorts is sy van mening dat biblioteke 'n direkte bydrae maak tot die ontwikkeling van inligtingsgeletterdheid.

Die Departement van Onderwys (2002:12) het sewe kritieke uitkomste bepaal wat alle onderrig in Suid-Afrika moet rig. Die kritieke uitkomste stel leerders wat tot die volgende in staat sal wees, in die vooruitsig:

- Identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke.
- Werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap.
- Organiseer en bestuur hulself en hul aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend.
- Versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities.
- Kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme.
- Gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon.
- Begryp dat die wêreld 'n stel verwante stelsels is waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

Volgens Moll (2009:42) fokus die volgende kritieke uitkomste op die belangrikheid van inligtingsgeletterdheid :

- **Kritieke Uitkoms 1**: *Identifiseer en los probleme op deur krities en kreatief te dink.*
- **Kritieke Uitkoms 4**: *Versamel, ontleed, organiseer en evalueer inligting krities*
- **Kritieke Uitkoms 5**: *Kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme.*

Moll (2009:42-44) toon dat die bogenoemde kritieke uitkomste, wat direk verband hou met inligtingsgeletterdheid, opgeneem is in die leerarea-uitkomste van die verskillende leerareas. Die onderstaande tabel is 'n uitsetting van die leerareas en leerarea-uitkomste wat verband hou met inligtingsgeletterdheid.

1	**Leerarea**	**Leerarea-uitkoms**
2	Taal	**LU 3: Lees en Kyk:** Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer. **LU 4: Skryf:** Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf. **LU 5**: **Dink en Redeneer:** Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.
3	Wiskunde	**LU 5:Datahantering:** Die leerder is in staat om data te versamel, op te som, voor te stel en krities te ontleed om gevolgtrekkings en voorspellings te maak en om kansvariasie te interpreteer en te bepaal.
4	Natuurwetenskap	**LU1: Wetenskaplike Ondersoek:** Leerders reageer met selfvertroue op hul weetgierigheid oor natuurlike verskynsels; hulle ondersoek verhoudings en los probleme binne die konteks van wetenskap, tegnologie en die omgewing op. **LU2**: **Konstruksie van Wetenskapkennis:** Leerders ken, interpreteer en pas wetenskaplike, tegnologiese en omgewingskennis toe.
5	Sosiale wetenskap	**Geskiedenis** **LU1: Geskiedkundige Ondersoek:** Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek. **Aardrykskunde** **LU1**: **Aardrykskundige Ondersoek** Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om aardrykskundige en omgewingsbegrippe en -prosesse te ondersoek.
6	Kuns en Kultuur	**LU2: Besinning:** Die leerder is in staat om krities oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.
7	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	**LU 2: Begrip van Volhoubare Groei en Ontwikkeling:** Die leerder is in staat om begrip van volhoubare groei, heropbou en ontwikkeling te toon en krities oor verwante prosesse na te dink.

8	Tegnologie	**LU1:Tegnologiese Prosesse en Vaardighede:** Die leerder is in staat om tegnologiese prosesse en vaardighede eties en verantwoordelik toe te pas deur gepaste inligtings- en kommunikasietegnologie te gebruik.
9	Lewensoriëntering	**LU1: Gesondheidsbevordering:** Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor persoonlike, gemeenskap- en omgewingsgesondheid te neem.

Tabel 3: *Leerareas en leerarea-uitkomste wat verband hou met inligtingsgeletterdheid.*

Vanuit bogenoemde oorsig is dit dus duidelik dat inligtingsgeletterdheid sentraal staan tot die nuwe kurrikulum. Moll (2009:45) identifiseer die volgende implikasies vir skoolbiblioteke :

- Die gebruik van Inligtingsgeletterdheid en verbandhoudende vaardighede moet ‘n integrale deel wees van die skool se totale kurrikulum.
- Dit is ook belangrik dat elke skool ’n eenvormige model ontwikkel om inligtingsgeletterdheidsvaardighede te ontwikkel.
- Skoolbiblioteke behoort hulle rol in die versterking van die skoolkurrikulum uit te brei.
- Dit is belangrik dat biblioteekpersoneel en opvoeders moet saamwerk sodat die biblioteekpersoneel aan die opvoeders die nodige inligting kan voorsien.

2.4.4. Die rol van skoolbiblioteke in geletterdheid en akademiese vordering

Volgens Tiemensma (2006:14) is daar ’n direkte verband tussen die skoolbiblioteek en geletterdheid en vorm skoolbiblioteke ’n belangrike deel van die leerders van se geletterdheidsomgewing. Die skoolbiblioteek kan klaskameraktiwiteite ondersteun, vir leerders biblioteekvaardighede aanleer asook ondersteunende leesmateriaal verskaf.

’n Oorsig van navorsing rakende die verband tussen skoolbiblioteke en akademiese prestasie dui daarop dat skoolbiblioteke wat as ’n intergrale deel van die skool se kurrikulum funksioneer, ’n positiewe bydrae op leerders se skolastiese prestasie kan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hê (De Vries, 2009:47). Vervolgens gaan ’n kort opsomming van die navorsing gegee word.

Topping, Nel en Van Kraayenoord (2006:300-302), in ’n artikel rakende leesbevordering in Suid-Afrika en Australië, berig oor ’n intervensieprogram tussen die Tzaneen-biblioteek en hoërskole in Limpopo. Hiervolgens is daar uitgereik na plaasskole, om deur middel van paar-lees, die leesvaardighede van leerders te bevorder. Die opname dui daarop dat die intervensie bygedra het om die leerders se leesvaardighede te verbeter en dat die leerders ’n liefde vir lees ontwikkel het. Die leerders het begin lees vir ontspanning. Verder het dit ook bygedra het om die selfvertroue van die leerders te verbeter.

Volgens De Vries (2009:45) het Fuller bevind dat skoolbiblioteke een van die onderrighulpbronne is wat ’n beduidende invloed op leerderprestasie kan hê. Fuller wys daarop dat biblioteke ’n spesiale rol kan speel om leerders met ’n ekonomies-agtergestelde agtergrond te verryk. Verder kan dit aan die leerders bykomende ondersteuning gee sodat hulle die nodige vaardighede kan ontwikkel.

Dent (2006:403) in ‘n studie rakende die verband tussen die teenwoordigheid van die skoolbiblioteek en leerder se prestasie ten opsigte van aspekte soos skolastiese vordering, lees en studiegewoontes en hulle gebruik van die biblioteek, kom tot die gevolgtrekking dat die skoolbiblioteke ’n positiewe uitwerking het op die leerders se leesgewoontes, hulle gebruik van die boeke vir navorsing, asook op hulle skolastiese prestasie. Voorts beklemtoon die navorsing die belangrike rol wat ’n goed georganiseerde skoolbiblioteek kan speel in die vestiging van ’n leeskultuur binne ’n skool.

In ’n studie van Todd en Kuhlthau (2005:63-82) rakende die impak van effektiewe skoolbiblioteke op studente se akademiese prestasie, het hulle die volgende bevind :

- 99.44% van die studente het aangedui dat die skoolbiblioteek hulle gehelp het met hulle leer en hulle beter laat presteer het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die biblioteek het onder andere bygedra dat hulle hulle leer- en leesvermoëns verbeter het. Voorts het dit bygedra tot die ontwikkeling van leesgenot en hulle gehelp om hulle woordeskat uit te brei.

Die navorsing het verder bevind dat alhoewel die skoolbiblioteek die leerders gehelp het om te voldoen aan die vereistes van die kurrikulum, kon die leerders nie genoeg tyd vind om te lees oor dit waarin hulle belangstel nie.

Die Department van Basiese Onderwys se sistemiese evalueringsverslag vir graad 6 het in 2005 aangedui dat skole met voldoende hulpbronne beter resultate behaal het as skole met onvoldoende hulpbronne (De Vries, 2009:47). Tiemensma (2006:14) wys ook daarop dat skoolbiblioteke beter funksioneer binne skole waar daar 'n goeie leerkultuur heers.

2.4.5. Opvoeders en die gebruik van die skoolbiblioteek

Navorsing rakende onderwysers se perspektiewe ten opsigte van die gebruik van die skoolbiblioteek in sekere oorsese lande dui daarop dat onderwysers die belangrikheid van die skoolbiblioteek, om onderig en leer te versterk begryp, maar dat hulle nie altyd van die biblioteek gebruik maak nie. (Suresh en Suresh, 2008: 26, Nakamura, 2000: 81).

Volgens Wessels (2010: 26) toon navorsing in laerskole dat Suid-Afrikaanse skoolhoofde en opvoeders oor 'n gebrekkige raamwerk ten opsigte van onderrig en leer beskik en dat hulle nie die belangrikheid van inligtingsgeletterdheid verstaan nie. Hart (2004:113) haal navorsing van Maepa en Mhinga (2003:270) aan, wat daarop wys dat skoolhoofde en opvoeders nie die belangrike rol wat die skoolbiblioteek speel, besef nie. Voorts toon die navorsing dat leerders soms die openbare biblioteek besoek met swak geformuleerde onderwerpe vir navorsingsprojekte.

'n Studie van Le Cordeur (2012a:140) toon dat 57% van skole wat deelgeneem aan die navorsingsprojek nie oor 'n biblioteek beskik nie. Daar is ook bevind dat die skole geen vasgestelde biblioteekperiode of leesperiode het nie, ten spyte daarvan dat dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in die nasionale geletterheidstrategie voorgeskryf word (Le Cordeur, 2012a:149). Die studie wys ook daarop 5% van onderwysers boeke by plaaslike openbare biblioteek uitneem hoofsaaklik ter ondersteuning van die kurrikulum, vir naslaanwerk om lesse voor te berei en prente te dupliseer, om boeke in blok uit te neem sodat leerders hul navorsingstake kan doen in die klas en om leesboeke te leen waarmee leerders en onderwysers kan ontspan (Le Cordeur, 2012a:149).

Navorsing wys daarop dat die houding en ingesteldheid van opvoeders 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van 'n effektiewe skoolbiblioteke (Hart, 2006:78).

Hart (2004:111) in haar studie rakende die gebruik van openbare biblioteke deur leerders, wys daarop dat biblioteekpersoneel kla oor opvoeders se negatiewe houding ten opsigte van die gebruik van die biblioteek. Die studie wys verder daarop dat ten spyte van versoeke van biblioteekpersoneel dat opvoeders onderwerpe vir navorsingsprojekte aan die biblioteekpersoneel moet gee, blyk dit dat die opvoeders steeds nie hulle samewerking gee nie. Dit wil voorkom asof daar geen kommunikasie tussen opvoeders en die biblioteekpersoneel bestaan nie.

Todd en Kuhlthau (2005:86) maak die volgende aanbevelings om te verseker dat skoolbiblioteke effektief bydra om studente se leer en leesvermoë te verbeter. Die klaskamer en vakopvoeders moet met skoolbiblioteekpersoneel saamwerk. Dit is belangrik dat inligting moet fokus op bestaande kennis en vaardighede. Verder moet die inligting wat beskikbaar is verband hou met bepaalde kurrikuluminhoud en assesseringstake. Die studente moet op 'n konkrete manier gehelp word om te voldoen aan die vereistes wat deur die kurrikulum gestel word.

Volgens die Departement van Basiese Onderwys se Handleiding (2007:19) moet elke opvoeder opleiding ontvang in inligtingsgeletterdheid en moet daar toegesien word dat hierdie vaardighede in die kurrikulum integreer word. Hierdie opleiding moet onder andere fokus op bevordering van geletterdheid asook die gebruik van die biblioteek. Groter samewerking tussen die opvoeder en die opvoeder-bibliotekaris word ook voorgestel. Hiervolgens gaan dit meebring dat die opvoeder in staat sal wees om geskikte fiksie, nie-fiksie en gepaste verwysingsbronne te selekteer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die effektiewe gebruik van die skoolbiblioteek is afhanklik van goeie beplanning. Goeie samewerking tussen opvoeders en die opvoede -bibliotekaris is nodig om die volle potensiaal van die biblioteek te ontsluit. Samewerking is nodig om die volgende doelwitte te bereik (DvBO, 2007:29-30) :

- Ontwikkeling van leerders se leer wat betref die kurrikulum.
- Ontwikkeling en evaluering van leerders se inligtingsvaardighede en kennis.
- Ontwikkeling van lesplanne en leermodules.
- Voorbereiding uitvoering en monitering van spesiale navorsingsprojekte.
- Beplanning en uitvoering van leesprogramme en kulturele aktiwiteite.
- Integrering van inligtingstegnologie en e-leer in die kurrikulum.
- Die belangrikheid daarvan om die skoolbiblioteek en inligtingsdiens aan ouers te beklemtoon.
- Programme moet hoë-ordedenkvaardigehede bevorder en die leerders moet van die nodige vaardighede voorsien word om inligting te versamel.

Rakende geletterdheidsbevordering word die volgende verantwoordelikhede uitgelig vir die skoolbestuurder (DvBO,2007:31). Die skoolbestuurder moet toesien dat:

- elke leerder moet leer om te lees.
- maatreëls in plek gestel word wat lees bevorder.
- leesvaardighede integreer word in elke vak/leerarea.
- ’n leeskultuur gevestig word binne die skool.
- die Skoolbiblioteek-komitee ’n jaarprogram opstel waarvolgens geletterdheid bevorder word.
- die volgende aktiwiteite voorgestel word: Viering van nasionale en internasionale geletterdheidsdae soos Nasionale Biblioteekweek (Maart), Wêreldboekedag (April), Internasionale Geletterdheidsdag (September), Internasionale Skoolbiblioteekmaand/dag (Oktober) en Moedertaaldag (Februarie).
- leeskompetisies plaasvind wat aan viering van geletterdheidsdae gekoppel word.
- voorsiening gemaak word vir geskikte leesmateriaal wat leesgenot en die versameling van kennis aanhelp.
- voorlesings van letterkundige werke deur opvoeders, leerders, skrywers en digters aangebied word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- ‘n leesklub by die skool gestig en ondersteun word.
- ‘n beloning vir lees en toekennings vir lees, soos (bv. Readathon) ingestel word.
- die skryfaksie vir genot onder leerders bevorder en ondersteun word.

Die houding en ingesteldheid van skoolhoofde en opvoeders staan sentraal tot die ontwikkeling van skoolbiblioteke. Hoewel opvoeders die belangrikheid van die skoolbiblioteke en inligtingsgeletterdheid besef, beskik hulle nie oor genoegsame kennis en vaardighede om hierdie vaardighede te ontwikkel nie. Bogenoemde word ook onderstreep in ’n studie van Le Cordeur (2012a:151) rakende die gebruik van letterkundige werke om leesvaardighede te bevorder, waarin hy bevind het dat talle onderwysers óf onseker is hoe om literatuurwerke in die klas te gebruik óf dit nie doen nie omdat hulle nie oor die kennis en vaardighede beskik nie.

Daar word heelhartig saamgestem met die aanbeveling van die Departement van Basiese Onderwys se handleiding rakende skoolbiblioteke (2007:19) dat elke opvoeder opleiding moet ontvang in inligtingsgeletterdheid en dat daar toegesien moet word dat hierdie vaardighede in die kurrikulum integreer word. Rakende indiensopleidingsprogramme wys Hart (2002:94) daarop dat eenmalige opleidingswerkswinkels normaalweg nie die nodige impak het nie en dat dit belangrik is dat opvoeders op ’n deurlopende basis ondersteuning moet ontvang, namate hulle eksperimenteer en die nodige aanpassings maak.

2.4. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar ‘n oorsig oor relevante literatuur ten opsigte van geletterdheid en leesvaardighede en die stand daarvan in Suid-Afrika, die leesperiode en die gebruik van biblioteke in die skool, gegee.

Eerstens is dit duidelik uit die oorsig dat lees een van die belangrikste akademiese take is wat enige leerder ervaar en enige formele onderrig vereis van leerders om inligting te versamel deur te lees. Navorsingresultate dui egter daarop dat in terme

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van taalgeletterdheid Suid-Afrikaanse leerders benede die aanvaarbare vlak presteer.

Die leesperiode word tans in verskeie lande gebruik om onderrig en leer te versterk. In terme van die Suid-Afrikaanse Nasionale Leesstrategie is die leesperiode verpligtend en ’n vereiste vir die Nasionale Leesstrategie. Opvoeders word beskou as die sleutel tot die suksesvolle onderrig van lees. Opvoeders, insluitend vakspesialiste, kan die geletterdheidsbehoeftes van leerders aanspreek. Alhoewel vakspesialiste nie direk geletterdheidinstruksie gaan doen nie, kan hulle help met die ontwikkeling van vak-spesifieke woordeskat en begrip van vakinhoud. Vanuit die literatuur blyk dit asof baie skole nie die leesperiode implementeer nie. Die afwesigheid van die leesperiode kan ’n aanduiding wees dat skole lees nie beskou as sentraal tot leer nie. As skole egter die algemene akademiese prestasie van leerders wil verbeter, moet hulle die aanname dat die onderrig van inhoudsvakke meer belangrik is verander en aan leerders die geleentheid gee om leesvaardighede te ontwikkel.

Derdens het die navorser probeer aantoon dat daar ’n direkte verband tussen skoolbiblioteke en die skoolstelsel is en dat skoolbiblioteke een van die onderrighulpbronne is wat ’n beduidende invloed op leerderprestasie kan hê. ’n Oorsig van navorsing rakende die verband tussen skoolbiblioteke en akademiese prestasie dui daarop dat skoolbiblioteke wat as ’n integrale deel van die skool se kurrikulum funksioneer, ’n positiewe bydrae op leerders se skolastiese prestasie kan hê. In Suid-Afrika beskik baie skole nie oor ’n biblioteek nie, terwyl biblioteke in veral agtergestelde gemeenskappe óf nie bestaan nie óf ondervoorsien is en geen beduidende rol speel om lees te bevorder nie. Daar is getoon dat die houding en ingesteldheid van skoolhoofde en opvoeders sentraal staan tot die ontwikkeling van skoolbiblioteke, om die inligtingsgeletterdheidsbehoeftes en vaardighede van leerders aan te spreek en te ontwikkel. Suid-Afrikaanse navorsing dui daarop dat skoolhoofde en opvoeders nie die belangrike rol wat die skoolbiblioteek speel besef nie.

Gegee die hoë vlakke van ongeletterdheid in Suid-Afrika en dat baie leerders vanuit arm en werkersklasagtergronde nie die nodige blootstelling aan taalryke ervarings

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het nie, wat hulle taal en leesontwikkeling kan aanhelp nie, behoort skole die basis te word om dit te bevorder.

In hoofstuk 3 word die navorsingsmetodologie wat in hierdie studie gebruik is, beskryf.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.1 INLEIDING

Die teoretiese ondersoek tot dusver het aangetoon dat daar ’n kommerwekkende toename is in die getal leerders wat sukkel om te lees en spel (Engelbrecht, 2005:2; DvBO, 2008:7; Le Cordeur, 2010a:106).

Die empiriese komponent van die navorsing word in hierdie hoofstuk bespreek. Die navorsingsmetode, data-generering en data-verwerking word in besonderhede behandel. Aspekte soos betroubaarheid, geldigheid en etiese kwessies word ook aangespreek.

Die breë navorsingsdoelstelling van die studie is om ondersoek in te stel na die perspektiewe van opvoeders rakende die gebruik van die leesperiode en die skoolbiblioteek. ’n Gemengdemetode-benadering is gevolg, waar daar beide van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsontwerpe gebruik gemaak is.

3.2. OMVANG VAN ONDERSOEK

Toestemming is van die Noord-Kaapse Onderwysdepartement (NKOD) verkry (Bylae 6) om die empiriese ondersoek by twee geselekteerde hoërskole in die Namakwa-distrik te doen. Toestemming is ook vanaf die onderskeie skole verkry vir die verspreiding van ’n vraelys onder graad 8- en 9-opvoeders van die geselekteerde skole.

Die vraelyste is voltooi deur ’n totaal van 16 graad 8- en 9-opvoeders van die geselekteerde skole. Die onderstaande tabel gee ’n samevatting van die profiel van die deelnemers van die onderskeie skole:

Deelnemers Skool 1: Histories–agtergestelde skool			
Opvoeder	**Geslag**	**Vak/ke onderrig**	**Graad**
Opvoeder 1	Vroulik	Sosiale Wetenskap	Graad 9
Opvoeder 2	Manlik	Sosiale Wetenskap	Graad 8
Opvoeder 3	Vroulik	Lewensoriëntering	Graad 8
Opvoeder 4	Vroulik	Natuurwetenskap	Grade 8 & 9
Opvoeder 5	Vroulik	Ekonomiese bestuurswetenskap	Grade8 & 9
Opvoeder 6	Vroulik	Wiskunde en Natuurwetenskap	Grade 8 & 9
Opvoeder 7	Vroulik	Tegnologie en Natuurwetenskap	Graad 9
Opvoeder 8	Vroulik	Wiskundige geletterdheid	Grade 8 &9
Opvoeder 9	Vroulik	Ekonomiese bestuurswetenskap	Graad 9

Deelnemers Skool 2 : Voormalige Model C-skool			
Opvoeder	**Geslag**	**Vak/ke onderrig**	**Graad**
Opvoeder 1	Vroulik	Afrikaans	Graad 9
Opvoeder 2	Vroulik	Afrikaans	Graad 8
Opvoeder 3	Vroulik	Lewensoriëntering	Grade 8&9
Opvoeder 4	Vroulik	Wiskundige Geletterdheid	Graad 8
Opvoeder 5	Manlik	Wiskundige	Graad 9
Opvoeder 6	Vroulik	Engels	Graad 9
Opvoeder 7	Manlik	Natuurwetenskap	Graad 8

Tabel 3.1.: Profiel van deelnemers aan studie

3.3. NAVORSINGSONTWERP

Die navorsing bestaan uit ’n literatuurstudie en ’n empiriese studie.

Durrheim (2002:36) wys daarop dat die navorsingsontwerp, as strategiese raamwerk, dien as ’n brug tussen die navorsingsvraag en die uitvoering van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

navorsing. Volgens Babbie en Mouton (2006:75) fokus die navorsingsontwerp op die tipe studie wat beplan word en die tipe uitslae wat beoog word. Mouton (1996:173) beklemtoon dat die hoofoogmerk van die navorsingsontwerp is om die geldigheid van die uiteindelike resultate te verhoog.

In hierdie studie word daar gebruik gemaak van die gemengde navorsingsontwerp (Figuur 3.1.), waar beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes gekombineer word om die navorsingsprobleem beter te verstaan (Creswell en Garret, 2008:322). Sommige navorsers verkies 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes, aangesien die tekortkominge van een metode deur die ander ondervang kan word.



Figuur 3.1.: Skematiese voorstelling van die navorsingsontwerp

3.4. DATAGENERERING

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.4.1. Kwantitatiewe navorsing

Johnson en Christensen (2004:30) dui aan dat die fokus van kwantitatiewe navorsing deduktief is. Die fokus is hoofsaaklik op hipotesetoetsing wat met data gekwantifiseer word. Kwantitatiewe navorsing is hoofsaaklik bevestigend, aangesien navorsers toets vir of poog om hul eie hipoteses te bevestig. Kwantitatiewe navorsing blyk objektief te wees en kwantitatiewe data word versamel deur presiese meting, deur gebruik te maak van gestruktureerde en geldige data-insamelingsinstrumente.

'n Vraelys, spesifiek die geslote vrae op die vraelys, is as kwantitatiewe data-versamelingsinstrument in die studie gebruik (Bylae 4).

Vraelyste is volgens die meeste bronne van groot waarde, en dus is daar besluit om van vraelyste gebruik te maak. Bell (1993:76), soos aangehaal in Le Cordeur (2004) is van mening dat "Questionaires are a good way of collecting certain types of information quickly and relatively cheaply as long as subjects are sufficiently disciplined".

Ander redes (vgl. Denscombe 1998; Bell 1993) waarom daar in hierdie studie van vraelyste as een van die metodes van data-generering gebruik is, is die volgende :

- Die inligting wat verlang is, is redelik ooglopend en relatief hanteerbaar.
- Die vraelys kan ook dien as opvolg tot die onderhoude.
- Die respondente in hierdie ondersoek, naamlik die opvoeders, is in staat om die vrae te lees en te verstaan.

Die doel van die vraelys in hierdie studie was om ondersoek in te stel na die perspektiewe van opvoeders rakende die gebruik van die leesperiode en die skoolbiblioteek. Die vraelys het bestaan uit beide geslote en oop vrae. Die respondente se response op die geslote-items van die vraelys was beskou as belangrik om die navorsingshipotese van die navorsingsprojek te bevestig of te verwerp.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Dekbrief waarin die opvoeders ingelig is oor die doel van die navorsing en waarin hulle deelname versoek word, het die vraelyste vergesel (Bylae 3). Die vraelyste is persoonlik deur die navorsers afgelewer. 'n Totaal van 16 voltooide vraelyste is terug ontvang.

3.4.2. Kwalitatiewe navorsing

Kwalitatiewe navorsing daarenteen wil volgens Babbie en Mouton (2006:53) probeer verstaan en verduidelik en vind plaas vanuit 'n binnekringperspektief. Kwalitatiewe navorsing wil die betekenis wat mense geskep het oor die ervaring van hulle wêreld probeer verstaan. Deur die insluiting van oop vrae in die vraelys en die fokusgroeponderhoude met die opvoeders, wil die ondersoeker vasstel wat die redes is vir die nie-implementering van die leesperiode, hoe funksioneel die leesperiode is en waarom opvoeders nie van die biblioteek gebruik maak nie.

Die gebruik van fokusgroeponderhoude word deur verskeie navorsers aanbeveel. Denscombe (1998:112) beklemtoon die feit dat die onderhoud gedetailleerde en diepgaande data verskaf wat aanvullend is tot ander metodes wat gebruik kan word.

Die fokusgroeptegniek is 'n metode van navorsing waarin groepsinteraksie gebruik word om data en insigte te genereer wat minder toeganklik sou wees sonder dié interaksie (Morgan,1997:2). Babbie en Mouton (2001:292) dui daarop dat fokusgroepgesprekke 'n ruimte skep waarin die deelnemers kan byeen kom en gesamentlik betekenis skep. Volgens Carey (1994:225) is die gebruik van fokusgroepe uiters nuttig in studies oor komplekse kwessies wat baie vlakke van gevoel en ervaring behels. Alle fokusgroeponderhoude is op band opgeneem en getranskribeer.

Deur die gebruik van die fokusgroeponderhoude gaan 'n dieper en meer gedetailleerde prentjie verkry word vir die redes vir die nie-implementering van die leesperiode asook opvoeders se nie-gebruik van die biblioteek. Dit behoort te help met die ontwikkeling van voorstelle oor hoe om die probleem aan te spreek

3.5. DATAVERWERKING

3.5.1. Kwantitatiewe dataverwerking

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Vraelys is as kwantitatiewe instrument gebruik word om data te versamel (Bylae 4). Volgens Durrheim (2002:96) word statistiese prosedures gebruik om kwantitatiewe data te ontleed en kan dit help om afleidings te maak aangaande die data.

Kwantitatiewe dataverwerking van die vraelys is deur die Sentrum vir Statistiese Konsultasie van die Universiteit van Stellenbosch gedoen.

3.5.2. Kwalitatiewe dataverwerking

Die transkripsies van die inhoud van die vraelys en fokusgroeponderhoude is gebruik om kwalitatiewe data te verkry. Die kwalitatiewe data is ontleed deur gebruik te maak van inhoud-ontleding. Neuman (1997:272) omskryf inhoud-ontleding as 'n tegniek om die inhoud van 'n teks te versamel en te ontleed. Deur gebruik te maak van inhoud-ontleding is die opvoeders se response op die oop-items van die vraelys en transkripsies van die fokusgroep-onderhoude deurgelees. Die ooreenstemmende inhoud is kodeer en in temas organiseer. Die inhoud wat so verkry is, is beskrywend aangebied.

3.6. GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID

In hierdie afdeling gaan die kwessies van geldigheid en betroubaarheid soos dit verband hou met die navorsingsprojek bespreek word.

3.6.1. Triangulasie

Triangulasie word beskryf as 'n metode wat kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes kombineer om inligting oor verskeie aspekte van die probleem gelyktydig in te win (McMillan en Schumacher, 2010:26).Triangulasie is gebruik om te verseker dat die navorsing betroubaar en geldig was, omdat dit dataversameling integreer. 'n Kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes is gebruik, omdat die voordele van die een benadering die nadele van die ander benadering uitkanselleer sodat meer omvattende en geldige data verskaf word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Denzin, soos aangehaal deur Kelly (1999:430-431) onderskei tussen data-triangulasie en metodologiese triangulasie. Hiervolgens verwys data-triangulasie na die gebruik van verskillende databronne in ’n studie, terwyl metodologiese triangulasie verwys na die gebruik van veelvuldige metodes van datakollektering.

3.6.1.1. Data-triangulasie

In hierdie studie is daar gebruik gemaak van 16 graad 8- en 9-opvoeders. Die opvoeders is afkomstig vanuit onderskeidelik ’n histories-agtergestelde skool en ’n voormalige model C-skool. Die opvoeders is ook verantwoordelik vir die onderrig van verskillende vakke in die senior-fase.

3.6.1.2. Metodologiese triangulasie

Aangesien beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data benodig word, is daar ’n gemengdemetode-benadering gevolg om die data te versamel. In hierdie navorsingsprojek is daar van ’n vraelys en fokusgroeponderhoude met opvoeders gebruik gemaak om data te versamel.

3.6.2. Betroubaarheid

Betroubaarheid beteken die mate waarin die navorsingsbevindings gedupliseer kan word indien die navorsing herhaal sou word (Babbie en Mouton, 2006:117).

Om die betroubaarheid van die resultate van die studie te verseker, is pogings aangewend om noukeurig te beskryf hoe die data kollekteer is, hoe die verskillende kategorieë geskep is, asook hoe besluite gemaak is tydens die studieprojek. Tydens die navorsingsprojek is die studieleier deurgaans van die nodige data voorsien, sodat hy die geloofwaardigheid van die data en die navorsingsproses kon verifieer.

3.7. ETIESE OORWEGINGS

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is belangrik om aandag te gee aan die etiese kwessies onderliggend aan die navorsing (Durrheim en Wassenaar, 2002:65). Etiese oorwegings het ten doel om die deelnemers aan die navorsing te beskerm.

3.7.1. Toestemming

Skriftelike toestemming is van die Noord-Kaapse Onderwysdepartement (NKOD) bekom (Bylae 1). Dit was nodig omdat die skole staatsinstellings is en omdat die navorser erkenning wou gee aan die gesag van die Onderwysdepartement. Verder is toestemming om die navorsing binne die geselekteerde skole te doen van die skoolhoofde van die deelnemende skole aangevra en verkry. Die skole is verseker dat die name van die skole nie in die navorsing genoem sal word nie. Die skole sou dus anoniem bly (Bylae 2).

3.7.2. Vertroulikheid

'n Dekbrief is aan die deelnemers voorsien om hulle in te lig oor die doel van die navorsing, die belangrikheid daarvan en om die vertroulikheid van inligting te verseker. 'n Onderneming is ook aan die deelnemers van die navorsingsprojek gegee dat hulle op geen wyse identifiseer sal word nie (Bylae 3). Toegang tot die data is beperk tot die navorser en die studieleier. Die voltooide vraelyste en die notas van fokusgroeponderhoude is in 'n kluis by die Departement Kurrikulumstudie toegesluit.

3.8. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsproses in besonderhede bespreek. Daar is van 'n gemengde navorsingsontwerp gebruik gemaak, waar beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data versamel is. Die navorsingsmetode en data-generingstegnieke is ook bespreek. Aspekte soos geldigheid, betroubaarheid en etiese oorwegings is ook aangeraak en kortliks bespreek.

Die aanbieding van die versamelde data, die verwerking en interpretasie van die resultate, word in hoofstuk 4 bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSBEVINDINGE EN DATA-ONTLEDING

4.1. INLEIDING

Die vorige hoofstuk het gefokus op die navorsingsontwerp en metodologie. Die hoofstuk is afgesluit met ’n bespreking van die geldigheid en betroubaarheid asook etiese oorwegings onderliggend tot die studie.

In hierdie hoofstuk gaan die proses van data-generering en ontleding van die studie bespreek word. Daarna gaan die navorser die data interpreteer en die bevindinge bespreek.

4.2. IMPLEMENTERING VAN DIE NAVORSINGSPROJEK

Toestemming is van die Noord-Kaapse Onderwysdepartement (NKOD) verkry (Bylae 6) om die empiriese ondersoek by twee geselekteerde hoërskole in die Namakwa-distrik te doen. Toestemming is ook vanaf die onderskeie skole verkry vir die verspreiding van ’n vraelys onder graad 8- en 9-opvoeders van die geselekteerde skole.

Die deelnemers aan die navorsingsprojek het bestaan uit graad 8- en 9-opvoeders van die twee geselekteerde hoërskole in die Namakwa-distrik. Die vraelyste is voltooi deur 16 graad 8- en 9-opvoeders van die geselekteerde skole.

Aangesien beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data benodig was, is daar ’n gemengdemetode-benadering gevolg om die data te versamel. Die data is met die hulp van ’n vraelys en fokusgroeponderhoude met die opvoeders by hulle onderskeie skole ingesamel.

4.2.1. Vraelys

‘n Vraelys is as kwantitatiewe instrument gebruik om data te versamel (Bylae 4). Die vraelys het bestaan uit beide geslote en oop vrae. Die vraelyste is deur die navorser

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

by die onderskeie skole afgelewer. 'n Dekbrief waarin die opvoeders ingelig is oor die doel van die navorsing en waarin hulle deelname versoek word, het die vraelyste vergesel (Bylae 3). Vraelyste is aan elk van die deelnemende skole gegee.'n Week is aan die opvoeders gegee om die vraelyste te voltooi. Die opvoeders is versoek om die voltooide vraelyste by die skoolhoof in te handig. Die navorser het die vraelyste by die onderskeie skole gaan afhaal. 'n Totaal van 16 voltooide vraelyste is terug ontvang.

Die voltooide vraelyste is as volg kodeer : **SK1VOP1** en **SK2VOP1**. **SK1** staan vir skool 1, terwyl die **V** staan vir vraelys. Die kode **OP1** dui op opvoeder 1 van skool 1. Die ander deelnemende skool se vraelyste is as volg kodeer : **SK2VOP1**. Hier dui die **SK2** op skool 2, terwyl die **V** wys op die vraelys. Die kode **OP1** dui op opvoeder 1 van skool 2.

4.2.2. Fokusgroeponderhoude

Fokusgroeponderhoude is met die deelnemers aan hierdie studie by die onderskeie skole gehou (Sien Bylae 5 vir onderhoudskedule). Die doel van die fokusgroeponderhoude was om die opvoeders se perspektiewe rondom die gebruik van die leesperiode en skoolbiblioteke te bepaal. Die fokusgroeponderhoude is op band opgeneem. Aantekeninge oor die opvoeders se bydraes is ook gemaak. Daarna is die opvoeders se response tydens die fokusgroeponderhoude getranskribeer (Sien Bylae 7 vir 'n voorbeeld van die transkripsies van skool 1).

Die fokusgroeponderhoude is onderskeidelik as volg kodeer : **SK1FG-OP1 en SK2FG-OP1.** Die **SK1** dui op skool 1 en die **FG** verwys na die fokusgroep-onderhoud, terwyl **OP1** dui op die respons van opvoeder 1.

4.2.3. Dataverwerking

'n Vraelys is as kwantitatiewe instrument gebruik om die data te versamel (Bylae 4). Kwantitatiewe dataverwerking van die vraelys is deur die Sentrum vir Statistiese Konsultasie van die Universiteit van Stellenbosch (Kidd, 2013) gedoen.

Die transkripsies van die inhoud van die oop vrae op die vraelys en die fokusgroeponderhoude het gedien as kwalitatiewe data. Die kwalitatiewe data is ontleed deur gebruik te maak van inhoud-ontleding. Die ontleding van die kwalitatiewe data is as volg gedoen :

- Die data van die vraelys en fokusgroeponderhoude is woordeliks getranskribeer.
- Die getranskribeerde data is gekodeer.
- Kodes wat verband hou met mekaar is gekategoriseer in groepe.
- Die benaming van die verskillende kategorieë is gebaseer op die doelstellings van die navorsing en die literatuuroorsig.

4.3. BEVINDINGS

4.3.1. Biografiese inligting



Figuur 4.1.: Deelnemende skole

Die deelnemers aan die navorsingsprojek het bestaan uit twee geselekteerde hoërskole in die Namakwa-distrik in die Noord-Kaap-provinsie. Skool 1 was 'n

histories-agtergestelde skool, terwyl Skool 2 'n voormalige model C-skool is. Volgens die data (Fig.4.1) het meer opvoeders vanuit die histories-agtergestelde skool (56%) as die voormalige model C-skool (44%) aan die studie deelgeneem.



Figuur 4.2.: Geslag samestelling van die respondente

Die data (Fig.4.2) toon aan dat meer vroulike opvoeders (81%) as manlike opvoeders (19%) aan die studie deelgeneem het



Figuur 4.3.: Leerareas wat opvoeders onderrig

Die opvoeders was versprei oor die verskillende leerareas. Die data (Fig .4.3) toon dat opvoeders vir die leerarea Natuurwetenskap (25%) en Wiskundige Geletterdheid (19%) van die deelnemers uitgemaak het, terwyl die persentasie vir Sosiale Wetenskap, Lewensoriëntering, Ekonomiese en Bestuurswetenskap en Afrikaans op dieselfde vlak was (13%). Die data toon dat 69% van die opvoeders graad 9 onderrig, terwyl 63% aangedui het dat hulle verantwoordelik is vir die onderrig van graad 8.

4.3.2. Die Leesperiode

4.3.2.1. Opvoeders se kennis van die leesperiode



Figuur 4.4.: Kennis van die leesperiode

Volgens die resultate blyk dit dat 94 % van die opvoeders kennis dra van die leesperiode. Van die opvoeders het aangedui dat volgens hulle kennis daar ’n leesperiode moet wees **(SK1VOP1, SK2VOP2)**.

Dit blyk voorts asof die onderwysdepartement skole deur middel van 'n skrywe ingelig het dat die leerders blootgestel moet word aan lees **(SK1VOP4)**. Een opvoeder het aangedui dat die leesperiode aan skole voorgehou is sonder insette van die opvoeders en met gebrekkige leiding deur die onderwysdepartement **(SK1VOP6)**. Hoewel daar een opvoeder was wat aangedui het dat hy nie kennis dra van die leesperiode nie **(SK2VOP6),** was 'n ander opvoeder onseker of die leesperiode wel verpligtend is **(SK2VOP2)**.



Figuur 4.5.: Inligtingsessie rakende leesperiode

Volgens die resultate het 94% van die opvoeders aangedui dat daar wel 'n inligtingsessie was rakende die leesperiode, terwyl 6% aangedui het dat daar geen inligtingsessie was nie. Dit wil voorkom asof daar wel aan die opvoeders verduidelik was hoe om die leesperiode toe te pas **(SK1VOP4)**. Die inligtingsessie was egter te kort **(SK1VOP3)**. Een opvoeder het aangedui dat die inligting gebrekkig was en dat die onderwysdepartement hulle nie vergewis het van die werkbaarheid van die leesperiode nie **(SKVOP6)**.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.2.2. Implementering van die leesperiode

(a) Beskikbaarheid van leesperiode



Figuur 4.6.: Beskikbaarheid van leesperiode op rooster

Volgens die opvoeders (Fig. 4.6) word die leesperiode by nie een van die twee skole geïmplementeer nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) Indiensopleiding en ondersteuning aan opvoeders



Figuur 4.7.: Indiensopleiding en ondersteuning

Uit Figuur 4.7. blyk dit dat 88% van die opvoeders geen leiding en ondersteuning ontvang het rakende hulpverlening aan leerders met leesprobleme nie, terwyl 13% aangedui het dat hulle wel opleiding het om leerders te ondersteun. Een van die opvoeders het aangedui dat die inligting net terloops genoem was tydens 'n algemene werksessie deur die onderwysdepartement **(SK1VOP6)**, terwyl een van mening was dat die onderwysdepartement seker mense moes aangestel het om leiding te verleen **(SK1VOP7).** Een van die opvoeders het aangedui dat sy tydens haar universiteitsopleiding opleiding ontvang het om leerders met leesprobleme te help **(SK2VOP7)**.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.2.3. Redes vir die nie-implementering van die leesperiode

Die leesperiode word volgens die opvoeders by nie een van die deelnemende skole geïmplementeer nie. Uit die response van die opvoeders blyk dit dat die volgende faktore moontlik as redes kan dien vir die nie-nakoming van die leesperiode.

(a) Personeelvoorsiening

Daar is aangedui dat daar 'n tekort aan opvoeders is en dat die werklading van opvoeders te groot is **(SK1VOP6, SK1VOP9)**. Die kwessie rondom die werklading van opvoeders is ook saamgevat in die reaksie van een van die opvoeders: "Ek wil sê dat onderwysers en veral taal-onderwysers hopeloos te veel gelaai is. Hoewel hulle graag wil implementeer, kom hulle nie daarby uit nie, want anders kry hulle nie hulle werk klaar nie. Daar is 'n te hoë werklading, te veel periodes en te veel vakke op een mens se skouers" **(SK1FG-OP5).**

(b) Gebrekkige hulpmiddels

Die tekort aan hulpmiddels is aangedui as een van die faktore wat bydra tot die nie-implementering van die leesperiode **(SK1VOP6)**.

(c) Oorvol klasse

Die kwessie van oorvol klasse wat dissiplinêre probleme veroorsaak, was ook aangedui **(SK1VOP6, SK1VOP9)**. Een van die opvoeders was van mening dat die gedurige fokus op die dissipline van die kinders veroorsaak dat daar nie genoeg aandag gegee kan word aan die vakinhoud nie **(SK1VOP9)**.

(d) Onderrigtyd

Dit wil voorkom asof die opvoeders die hoeveelheid tyd wat hulle het om die kurrikulum te voltooi as stremmend ervaar. Sommige opvoeders het aangedui dat die werklading te veel is en dat die tydstoekenning te beperk is **(SK1VOP2,**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SK1VOP4, SK1VOP5). Van die opvoeders was van mening dat die werklading te hewig is om aandag te gee aan lees **(SK1VOP2, SK1VOP3)**.

(e) Rooster

Dit blyk dat daar nie op die rooster voorsiening gemaak word vir die leesperiode nie **(SK1VOP1)**. Die rooster maak slegs voorsiening vir vakke en dit wat onderrig moet word **(SK1VOP7)**. Van die opvoeders het aangedui dat die rooster vol is **(SK2VOP7)** en dat daar nie tyd op die rooster is vir die leesperiode nie **(SK2VOP4)**.

(f) Ingesteldheid van leerders

Dit wil voorkom asof van die leerders negatief ingestel is teenoor lees. Dit blyk dat sommige leerders weier om te lees, luiheid en soms skaamheid openbaar **(SK1VOP5).** Sommige leerders gebruik nie die leesperiode om te lees nie **(SK2VOP1, SK2VOP2)**, terwyl ander leerders weer die leesperiode gebruik om huiswerk te doen **(SK2VOP5)**. Daar is ook aangedui dat van die leerders 'n swak belangstelling in die lees van boeke en goeie leesstof het **(SK1VOP5)**.

(g) Departementele ondersteuning

Uit die response lyk dit asof die gebrekkige ondersteuning van die onderwysdepartement deur van die opvoeders as 'n moontlike rede beskou word **(SK1VOP6)**.

4.3.2.4. Bevordering van leesvaardighede binne leerareas/vakke

Uit die reaksie van die opvoeders op die vraag hoe hulle leesvaardighede bevorder binne hulle onderskeie leerareas of vakke, blyk dit dat die meeste opvoeders op die een of ander manier probeer om die leesvaardighede van die leerders te bevorder. Uit die opvoeder-response wil dit voorkom asof die opvoeders van die volgende strategieë gebruik maak (Tabel 4.1.):

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BEVORDERING VAN LEESVAARDIGHEDE BINNE LEERAREAS/VAKKE	
Beskikbaarstelling van lees– en ondersteuningsmateriaal deur die opvoeder	• Boekrak met verskeie boeke, tydskrifte en koerante **(SK1VOP1).** • Maak gereeld van bronne soos koerante en tydskrifartikels gebruik vir ekstra lees **(SK2VOP1).** • Lees handboeke, aantekeninge en transparante **(SK2VOP3).** • Laat leerders vaktydskrifte en artikels deurblaai en lees **(SK2VOP4).**
Navorsingsprojekte en klaskamer-aktiwiteit	• Deur middel van navorsingstukke. Leerders word dus forseer om te lees **(SK1VOP3).** • In NW moet die kinders redelik lees, hulle doen vele aktiwiteite oor werk wat veroorsaak dat hulle die werk oor en oor moet deurlees **(SK2VOP6).** • Gee aktiwiteite uit **(SK1VOP9).** • Gee begripstoetse **(SK2VOP7).**
Integrering van leesvaardighede tydens lesaanbieding	• Ek maak tyd vir lees in die klaskamer **(SK1VOP2).** • Tydens periodes in klas, wanneer veral letterkunde behandel word **(SK1VOP6).** • Gee geleentheid vir leerders om voor te lees **(SK2VOP7).** • Die inhoud wat afgehandel moet word, is te veel **(SK1VOP9)** . • Leerders word toegelaat om sekere gedeeltes voor te lees **(SK1VOP4).**
Aanmoediging en motivering van leerders	• Leerders word aangemoedig om te lees **(SK1VOP1).** • As opvoeder probeer ek leerders aanmoedig om te lees **(SK1VOP2).** • Moedig leerders gereeld aan om te lees,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	bv. om van lees 'n stokperdjie te maak, nuuskierig te wees om die jongste nuus te weet **(SK1VOP5).**
Modelleer korrekte leesvaardighede	• Wanneer 'n leerder sukkel met 'n woord se uitspraak oefen ek dit saam met die leerder **(SK2VOP1).** • Lees saam werkstukke, help leerders om woorde reg uit te spreek en verduidelik die betekenis van woorde **(SK1VOP4).** • Behandel moeilike woorde en slaan betekenisse na **(SK2VOP5).**

Tabel 4.1.: Bevordering van leesvaardighede binne leerareas/vakke

4.3.2.5. Inhoud van leesperiode

Op 'n vraag wat volgens die opvoeders die inhoud van die leesperiode behoort te wees, het die opvoeders se reaksies die volgende aangedui :

(a) Verskillende leesvaardighede

Die opvoeder stel voor dat die leesperiode onder andere moet fokus op die verskillende leestegnieke. Die volgende leesvaardighede is aangedui: vluglees, soeklees **(SK1VOP2)**, fiksasie, leesspoed, die soek van kernwoorde en dit verbind **(SK1VOP8)**, sag-lees, maar ook hardop-lees **(SK1VOP5),** stembuigings, die korrekte uitspreek van woorde, lettergrepe en beklemtoning **(SK1VOP4)**.

(b) Woordbouspeletjies

Een van die opvoeders het woordbouspeletjies en vasvra-kompetisies rakende sekere inligting wat die leerders moet oplees, voorgestel **(SK1VOP7)**.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(c) Kweek van liefde vir lees

Die leesperiode moet gebruik word om ’n liefde vir lees by die leerders aan te kweek **(SK1VOP1)**.

(d) Leesmateriaal moet leerder-vriendelik wees

Die leesmateriaal moet fokus op die leesvlak van die leerders **(SK1VOP1)**. Leesstukke moet gekies word sodat dit die kind prikkel en pas by hulle ervaringsveld en omgewing **(SK1VOP5).**

(e) Leesstukke rakende aktuele en kulturele kwessies

Leesstukke rakende aktuele en kulturele kwessies moet voorberei word, veral ook rondom ekonomiese sake. Daar was ook aanduidings dat die leesstukke moet aansluit by die leerders se ervaringswêreld **(SK1VOP5, SK1VOP6)**.

(f) Inhoudelike kennis van verskillende leerareas

Van die opvoeders het voorgestel dat die leesperiode per leerarea of vak allokeer moet word, waarbinne vakgebonde inligting opgelees en bespreek kan word **(SK2VOP4)**. Die leerders moet ook op die een of ander manier getoets word om agter te kom of hulle wel met begrip kan lees **(SK2VOP1).**

(g) Suiwer lees- en skryfwerk

Daar is aanbeveel dat in die leesperiode daar uitsluitlik op lees gefokus moet word **(SK2VOP2, SK2VOP5)**. Voorts is aanbeveel dat die leerders programme kyk en dan in beide Afrikaans en Engels berigte daaroor moet skryf **(SK1VOP7)**.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4.3. Die Skoolbiblioteek

4.4.3.1. Beskikbaarheid van die skoolbiblioteek



Figuur 4.8.: Beskikbaarheid van 'n skoolbiblioteek

Volgens die data (Fig.4.8.) beskik beide skole oor 'n skoolbiblioteek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 4.9.: Voldoende bronne

Op 'n vraag of die opvoeders van mening is dat hulle skoolbiblioteek oor voldoende bronne beskik, het 94% aangedui dat die bronne onvoldoende is. Slegs 6% van die deelnemers was van mening dat die bronne voldoende is.

4.4.3.2. Opvoeders en die gebruik van die skoolbiblioteek

Die data (Fig.4.10.) toon dat die opvoeders nie die skoolbiblioteek gebruik om onderrig en leer te bevorder nie.



Figuur 4.10.: Skoolbiblioteek en bevordering van lees



Figuur 4.11.: Blootstelling van leerders aan skoolbiblioteek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit die data (Fig.4.11.) blyk dit dat die opvoeders ook nie die leerders blootstel aan die skoolbiblioteek om daar take binne die kurrikulum te doen nie.

Vanuit die opvoederresponse is die volgende redes hieronder verskaf waarom die opvoeders nie van die biblioteek gebruik maak nie.

Redes vir die nie-gebruik van die skoolbiblioteek	
Verouderde bronne	• Verouderde bronne **(SK1VOP1, SK1VOP3, SK1VOP4, SK1VOP7) (SK2VOP2, SK2VOP3)** • Nie voldoende bronne oor my vakgebied nie **(SK2VOP6)**
Biblioteek is nie voldoende toegerus	• Nie nodige bronne en toerusting nie **(SK1VOP1)** • Nie ingerig nie **(SK1VOP3, SK1VOP9)** • Geen internettoegang **(SK1VOP7)** • Internet is baie vinniger en doeltreffender **(SK2VOP2)** • Deur die internet kan leerders navorsing doen **(SK2VOP5)**
Afwesigheid van biblioteekpersoneel	• Geen bibliotekaris of opvoeder nie **(SK1VOP4)** • Geen addisionele hulp in die vorm van bibliotekaris of leidende persoon nie **(SK1VOP5)** • Tekort aan personeel **(SK1VOP6)**
Gebrekkige ondersteuning deur onderwysdepartement	• Geen hulp vanaf departement **(SK1VOP5).** • Geen departementele ondersteuning **(SK1VOP6)**
Gebrek aan fondse	• Geen fondse **(SK1VOP6)**
Instandhouding van biblioteek	• Dien as stoorplek **(SK1VOP1)** • Die skoolbiblioteek is vir lank nie in stand gehou nie **(SK1VOP8).** • Die span is besig om skoolbiblioteek weer op standaard te kry **(SK2VOP1)**

Tabel 4.2.: Redes vir die nie-gebruik van die skoolbiblioteek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4.3.3. Die skoolbiblioteek en die bevordering van geletterdheid en akademiese vordering

Vanuit die opvoeders se response is dit duidelik dat hulle die belangrikheid van leesvaardighede besef, asook die rol wat die skoolbiblioteek kan speel om dit te bevorder. Die volgende is 'n samevatting van opvoeders se voorstelle van hoe die skoolbiblioteek gebruik kan word om die leesvaardighede van die leerders binne hulle onderskeie vakgebiede te bevorder :

(a) Lees van boeke en ander leesmateriaal

Dit is belangrik dat die leerders toegang moet verkry tot leesmateriaal **(SK1VOP6)**. Daar is voorgestel dat die opvoeders, verantwoordelik vir Afrikaans, byvoorbeeld die leerders na die biblioteek kan vergesel waar die leerders boeke kan uitneem waarin hulle belangstel **(SK1VOP1)**. Die leerders kan ook gaan oplees oor sekere kwessies **(SK2OP3).**

(b) Naslaanwerk vir navorsing

Die gebruik van die skoolbiblioteek vir navorsing vanuit verskillende bronne is deur van die opvoeders voorgestel **(SK1VOP4, SK2VOP1, SK2OP6, SK2OP7)**. Een van die opvoeders het voorgestel dat die opvoeder vooraf sekere bronne kan identifiseer en daarvolgens die vrae formuleer waarvoor die leerders die antwoorde moet soek **(SK2VOP1).** Die gebruik van die internet deur leerders om toegang te verkry tot inligtingsbronne is ook aanbeveel **(SK2OP5).**

(c) Belangstelling in lees te bevorder

Om die leerders se belangstelling in lees te bevorder, is daar aanbeveel dat die leesproses opwindend vir die leerders gemaak moet word **(SK1VOP2)**. Die skoolbiblioteek moet ook ingerig word met gemaklike stoele of rusbanke. Goeie persoonlike interaksie tussen die leerders en opvoeders is ook beklemtoon **(SK2OP5)**.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(d) Bevordering van taal- en leesvaardighede

Uit die opvoeders se response word die gebruik van die skoolbiblioteek om leerders se taal- en leesvaardighede te bevorder, aangedui. Daar is byvoorbeeld voorgestel dat leerders die biblioteek kan gebruik om die betekenisse van woorde na te slaan en dat hulle navorsing kan doen om hulle woordeskat uit te brei **(SK1VOP4, SK1VOP9)**. Een van die opvoeders het aanbeveel dat rekenaarprogramme aangekoop kan word om leerders se leesvernuf en leesspoed te verbeter **(SK1VOP6)**.

4.4.3.4. Opvoeders se aanbevelings ten opsigte van die bevordering van die leesperiode en die skoolbiblioteek

(a) Ouerbetrokkenheid

Die belangrikheid van ouerbetrokkenheid is veral aangedui deur opvoeders vanuit die histories-agtergestelde skool. Die opvoeders is van mening dat die ouers nie genoeg betrokke is by die opvoeding van hul kinders nie. Die invloed van sosio-ekonomiese omstandighede op onderrig en leer is ook uitgewys **(SK1FG-OP6)**. Een opvoeder het daarop gewys dat in sommige huishoudings daar nie eens ’n eenvoudige tydskrif soos die *Huisgenoot* is nie, omdat die ouers nie geld daarvoor het nie **(SK1FG-OP3)**.

(b) Toegang tot elektroniese inligtingstelsels

Die belangrikheid om leerders toegang te laat kry tot inligting deur die gebruik van die internet is ook voorgestel. Een van die opvoeders is van mening dat die tegnologiese eeu meebring dat alles op ’n rekenaar gedoen word en dat die internet die leerders toegang kan gee tot koerante, tydskrifte en artikels. Uit sommige opvoeders se response blyk dit dat die skole in hierdie verband nog nie genoegsaam gevorder het nie. Hierdie agterstand is deur een opvoeder soos volg verwoord: “Daar is skole waar die kinders elkeen sy e-boek in die klas het, terwyl ons kinders nog nie eens voor ’n rekenaar gesit het om ’n knoppie te druk nie” **(SK1FG-OP6)**.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(c) Personeelvoorsiening

Dit blyk uit die response dat die werklading van opvoeders tesame met die kurrikulum-inhoud wat afgehandel moet word deur die opvoeders as stremmend ervaar word. Die algemene gevoel is dat die onderwysdepartement die pos van skoolbibliotekaris deel van die personeelvoorsiening moet maak. Die aanbeveling is dat die persoon self na-skool beskikbaar moet wees sodat die leerders toegang tot inligting kan kry.

(d) Vestiging van ’n leerkultuur

Dit blyk dat die leerkultuur veral aangedui is deur opvoeders van die histories-agtergestelde skool as ’n faktor wat behoort aangespreek te word. Die belangrikheid van die leerkultuur is soos volg deur een opvoeder verwoord : “ Vir my is die groot probleem van ons skool die leerkultuur, wat baie nou saamloop met dissipline. Ons het dit nou al oor en oor gesien...jy kan vir ’n kind alles gee, maar as die kind nie ’n leerkultuur het nie ... as ’n kind wil leer dan sal die kind enigiets versamel om te lees. Ons probleem is ons leerkultuur” **(SK1FG-OP9)**. Die kwessie van klaskamer-dissipline, self-dissipline en selfwerksaamheid van leerders is ook aangedui as belangrike kwaliteite wat nodig is vir die daarstelling van ’n leerkultuur binne die skool.

(e) Departementele beleid en ondersteuning

Die leiding en ondersteuning deur die onderwysdepartement is herhaaldelik deur die opvoeders benadruk. Die onderwysdepartement moet die skole bystaan met opleiding om leerders met leerprobleme te ondersteun, die inrigting van die skoolbiblioteek, die verskaffing van die nodige bronne, opleiding asook die voorsiening van personeel. Die departementele bevorderingsbeleid, waar leerders bevorder word ten spyte van hulle lees- en akademiese agterstande, is ook deur die deelnemers uitgewys.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4. BESPREKING VAN RESULTATE

4.4.1. Die leesperiode

4.4.1.1. Opvoeders se kennis van die leesperiode

Een van die doelwitte van die navorsing was om vas te stel wat opvoeders se perspektiewe is rakende die leesperiode en wat van die redes is waarom die leesperiode nie geïmplementeer word nie.

In die Nasionale Leesstrategie (DvBO, 2008:15) word die leesperiode uitgesonder as een van die strategieë om die krisis rakende lees aan te spreek. Om opvoeders te help met die implementering van die leesperiode, word daar beloof dat ’n oriënteringsessie rakende die leesperiode vir opvoeders aangebied gaan word (NKOD, 2007:6; DvBO, 2008:15).

Uit die resultate van die studie blyk dit dat die meerderheid opvoeders kennis dra van die leesperiode. Hoewel 56.25 % van die opvoeders aangedui het dat daar wel ’n inligtingsessie was, het 43.75% aangedui dat daar geen inligtingsessie was nie. Dit wil egter voorkom asof van die inligtingsessies te kort was en dat die inligting wat deurgegee was deur die opvoeders as gebrekkig beskou was. Die respons van die opvoeders sluit aan by Klapwijk (2012:192-193) se opmerking dat inisiatiewe rakende onderwysverandering soms misluk omdat opvoeders verward is oor die inisiatief of omdat hulle dit verwerp.

Dit blyk uit die opvoeders se response dat die leesperiode aan die skole voorgehou is sonder insette van die opvoeders in teenstelling is met die erkenning in die Nasionale Leesstrategie (2008) van die belangrike rol van opvoeders in die suksesvolle onderrig van lees. Klapwijk (2012:192) wys ook daarop dat pogings ten opsigte van onderwysverandering meestal misluk omdat die rol van opvoeders in die proses verontagsaam word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens navorsing deur Moss en Noden (1994:342-344) moet opvoeders geken word by die implementering van onderwysverandering. Hulle beklemtoon ook die belangrikheid van deurlopende personeelontwikkeling en dat opvoeders genoegsame geleentheid moet kry om hulle rolle te heroorweeg.

Een opvoeder het aangedui dat die inligting rakende die leesperiode gebrekkig was en dat die onderwysdepartement hulle nie vergewis het van die werkbaarheid van die leesperiode nie. Hierdie opmerking ondersteun die navorsing van Fisher en Lewis (1999:25-26) rakende sekere aspekte van die leesperiode wat deur opvoeders in Engeland as negatief ervaar was. Hulle wys daarop dat sommige opvoeders die gebrekkige navorsing rondom die effektiwiteit van die leesperiode uitgelig het. Van die opvoeders het ook hulle kommer uitgespreek oor die oorhaastige implementering van die leesperiode en dat daar te veel verwag word in te 'n kort tydsbestek. Hulle navorsing het verder bevind dat skole wat nie positief was ten opsigte van die leesperiode nie 'n meganistiese ingesteldheid ontwikkel het. Die gevolg was dat die leesperiode minder suksesvol was in sulke skole. Die ondersteuning aan skole en opvoeders in die ontwikkeling van die geletterdheidstrategie word ook deur hulle benadruk.

4.4.1.2. Die implementering van die leesperiode

Die respons van een opvoeder dat die leesperiode aan skole voorgehou is sonder insette van die opvoeders, is in teenstelling met die erkenning in die Nasionale Leesstrategie (2008) van die belangrike rol van opvoeders in die suksesvolle onderrig van lees.

Rakende ondersteuning aan opvoeders word indiensopleiding en ondersteuning aan opvoeders beloof (NKOD, 2007:6; DvBO, 2008:15). Die opvoeders se reaksies toon egter dat die bogenoemde loflike ideale soos uiteengesit in die beleidsdokumente, rakende indiensopleiding en ondersteuning van die opvoeders, slegs op papier bestaan.

Navorsing wys dat personeelontwikkeling voor, tydens en na die implementering moet plaasvind (Moss en Noden, 1994:342-344). Van die redes wat aangetoon is vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die suksesvolle implementering van die leesperiode in Engeland, is dat die opvoeders van opleiding en ondersteuningsmateriaal voorsien is om te help met die implementering van die leesperiode.

4.4.2.3. Die redes vir die nie-implementering van die leesperiode

Die leesperiode word volgens die opvoeders by nie een van die deelnemende skole geïmplementeer nie. Vervolgens gaan gefokus word op 'n bespreking van enkele aspekte soos aangedui deur die opvoeders, wat moontlik as redes dien vir die nie-nakoming van die leesperiode.

(a) Personeelvoorsiening en werklading van opvoeders

Daar is aangetoon dat daar 'n tekort aan opvoeders is en dat die werklading van opvoeders te hoog is. Van die opvoeders het aangedui dat die werklading te veel is en dat die tydstoekenning om die kurrikulum af te handel, te beperk is. Hierdie opvatting van die opvoeders strook met die navorsing van Fisher en Lewis (1999:25-26) waarin hulle bevind het dat bykans die helfte van die opvoeders aangedui het dat die leesperiode bykomende werklading tot gevolg het omdat meer tyd gebruik moet word vir beplanning en voorbereiding.

(b) Rooster

Dit wil voorkom asof daar nie voorsiening gemaak word op die rooster vir die leesperiode nie. Beide skole se rooster maak slegs voorsiening vir die inhoudsvakke wat onderrig moet word. Van die opvoeders het ook aangedui dat die rooster vol is en dat daar nie tyd op die rooster is vir die leesperiode nie.

In 'n studie van Fisher en Lewis (1999:24-27) rakende opvoeders se siening van die leesperiode, het hulle bevind dat ongeveer 20% van die respondente die toenemende fokus op geletterdheid verwelkom het en dit as belangrik genoeg geag het om op die skool se rooster te verskyn.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die afwesigheid van die leesperiode kan 'n aanduiding wees dat die skole nie lees beskou as sentraal tot leer nie. As skole egter die algemene akademiese prestasie van leerders wil verbeter, moet hulle die aanname dat die onderrig van inhoudsvakke belangriker is, verander en aan leerders die geleentheid gee om leesvaardighede te ontwikkel.

(c) Hulpbronne

Die tekort aan hulpmiddels is aangedui deur die opvoeders as een van die faktore wat bydra tot die nie-implementering van die leesperiode.

In 'n studie van Fisher en Lewis (1999:24-27) rakende die leesperiode het die opvoeders die feit dat ekstra hulpbronne aan skole verskaf is en dat die uitgewers nuwe boeke gepubliseer het, as positief ervaar.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die beskikbaarheid van voldoende hulpbronne 'n belangrike rol speel in die suksesvolle implementering van die leesperiode.

(d) Ondersteuning deur die onderwysdepartement

Uit die response blyk dit dat die gebrekkige ondersteuning deur die onderwysdepartement deur van die opvoeders as 'n moontlike rede beskou word vir die nie-implementering van die leesperiode. Dit lyk asof die opvoeders geen opleiding en ondersteuning van die onderwysdepartement ontvang het om hulle te help met die toepassing van die leesperiode nie.

Bogenoemde bevinding is in teenstelling met lande soos Engeland, waar die suksesvolle implementering van die leesperiode geskoei was op indiensopleiding en ondersteuning deur die onderwysowerhede. 'n Sleutelkomponent van die nasionale leesstrategie in Engeland is 'n onderrigraamwerk waarin die onderrigdoelwitte per kwartaal uiteengesit is. Die raamwerk het bestaan uit 'n duidelike uiteensetting van die tydallokasie en klaskamerbestuur van die leesperiode (Hanke, 2000:287). Verder is opvoeders van die nodige hulpbronne voorsien wat moes help met die toepassing van die leesperiode.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(e) Ingesteldheid van leerders

Dit wil voorkom asof van die leerders negatief ingestel is ten opsigte van lees. Dit lyk asof sommige leerders weier om te lees, lui is en soms skaamheid openbaar. Daar is ook aangedui dat van die leerders 'n swak belangstelling in die lees van boeke en goeie leesstof het.

'n Gebrek aan motivering is een van die algemeenste oorsake wat negatief inwerk op sukkelende lesers se prestasie (Le Cordeur, 2010e:80). Zwiegers (2011:19) wys daarop dat as lees onsuksesvol vasgelê word, die kind 'n swak selfbeeld sal ontwikkel en min selfvertroue sal hê. So 'n kind kan dus nie meer leer om te lees nie, want hy/sy glo hy/sy kan nie. Volgens Le Cordeur (2010c:1-2) lei leesprobleme tot 'n negatiewe houding teenoor lees, wat manifesteer in emosionele response soos skaam vir lees, lees-angs en frustrasie.

Een van die take van geletterheidsbevordering moet wees die aankweek van 'n positiewe houding ten opsigte van lees by leerders (Tiemensma, 2006:15; Le Cordeur, 2010:11;Taylor *et al*, 1995:74).

4.4.1.4. Die bevordering van leesvaardighede binne die verskillende leerareas of vakke

4.4.2. Die Skoolbiblioteek

4.4.2.1. Beskikbaarheid van die skoolbiblioteek

Die data toon aan dat beide skole oor 'n skoolbiblioteek beskik. Die data sluit aan by navorsing deur Hart en Zinn (2007:91) wat daarop wys dat skoolbiblioteke in die verlede langs rasgebaseerde gronde toegeken was. Die voormalige model C-skool in die studie het in die verlede voorsiening gemaak vir slegs blanke leerders, terwyl die histories-agtergestelde skool, wat voorheen onder die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Raad van Verteenwoordigers geval het, verantwoordelik was vir bruin leerders.

Beide skole beskik nie oor ’n voltydse bibliotekaris nie. Navorsing dui daarop dat tydens die oorgang tot demokrasie baie van die skoolbiblioteekposte uitfaseer is (Wessels, 2010:40, Hart en Zinn, 2007:91).

Op ’n vraag of die opvoeders van mening is dat hulle skoolbiblioteek oor voldoende bronne beskik, het 94% aangedui dat die bronne onvoldoende is. Slegs 6% van die deelnemers was van mening dat die bronne voldoende is. Navorsing dui aan dat goedgevestigde skoolbiblioteke hoofsaaklik voorkom in gegoede skole, terwyl skoolbeheerliggame in agtergestelde skole nie oor genoegsame fondse beskik om aan skoolbiblioteke te spandeer nie. Vanuit die data blyk dit dat beide skole se skoolbiblioteek ondervoorsien is.

4.4.2.2. Opvoeders en die gebruik van die skoolbiblioteek

Die data toon dat die opvoeders nie die skoolbiblioteek gebruik om onderrig en leer te bevorder nie.

Die bevindinge rakende die gebruik van die skoolbiblioteek deur opvoeders onderskryf navorsing rakende opvoeders se gebruik van die skoolbiblioteek in sekere oorsese lande. Die navorsing dui daarop dat opvoeders die belangrikheid van die skoolbiblioteek om onderrig en leer te versterk, wel begryp, maar dat hulle nie altyd van die biblioteek gebruik maak nie (Suresh en Suresh, 2008:26; Nakamura, 2000:81).

Volgens Wessels (2010:26) toon navorsing in laerskole dat Suid-Afrikaanse skoolbestuurders en opvoeders oor ’n gebrekkige raamwerk ten opsigte van onderrig en leer beskik en dus verstaan hulle nie die belangrikheid van inligtingsgeletterdheid nie. Hart (2004:113) haal navorsing van Maepa en Mhinga (2003:270) aan, wat daarop wys dat skoolbestuurders en opvoeders nie die belangrike rol wat die skoolbiblioteek speel, besef nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit die opvoeders se response rakende die nie-gebruik van die skoolbiblioteek, is dit duidelik dat die opvoeders die waarde van die biblioteek besef, maar dat hulle die redes vir die nie-gebruik oorwegend op eksterne of kontekstuele faktore plaas, soos verouderde bronne en toerusting, gebrek aan fondse, afwesigheid van voltydse biblioteekpersoneel, ensovoorts.

Hoewel die opvoeders die belangrikheid van die skoolbiblioteke en inligtingsgeletterdheid besef, beskik hulle nie oor genoegsame kennis en bedrewenheid om hierdie vaardighede te ontwikkel nie. Daar moet heelhartig saamgestem word met die aanbeveling van die Departement van Basiese Onderwys se handleiding rakende skoolbiblioteke (2007:19), wat voorstel dat elke opvoeder opleiding moet ontvang in inligtingsgeletterdheid en dat daar toegesien moet word dat hierdie vaardighede in die kurrikulum geïntegreer word.

4.4.2.3. Die skoolbiblioteek en die bevordering van geletterdheid en akademiese vordering

Vanuit die data blyk dit dat die opvoeders nie die leerders blootstel aan die skoolbiblioteek om take binne die kurrikulum daar te doen nie. Navorsing dui daarop dat skoolbiblioteke ’n belangrike hulpbron is in onderrig en leer. Wessels en Mnkeni-Saurombe (2012:46) haal navorsing aan wat daarop dui dat skoolbiblioteke die geletterdheid en akademiese vordering van leerders met 10 tot 20 persent kan verhoog.

Uit die opvoeders se response blyk dit dat hulle voorgestel het dat die skoolbiblioteek gebruik kan word om die geletterdheid en akademiese groei van leerders te bevorder deur boeke en ander leesmateriaal te lees, naslaanwerk vir navorsing te doen, belangstelling in lees te bevorder asook vir die bevordering van taal- en leesvaardighede.

Die opvoeders se aanbevelings ten opsigte van die gebruik van die skoolbiblioteek sluit oorwegend aan by ‘n studie van Le Cordeur (2012a:149) waarin hy bevind het dat 5% van die onderwysers boeke by die plaaslike openbare biblioteek uitneem hoofsaaklik ter ondersteuning van die kurrikulum, vir naslaanwerk, om lesse voor te berei en prente te dupliseer, om boeke in blok uit te neem sodat leerders hul

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

navorsingstake kan doen in die klas en om leesboeke te leen waarmee leerders en onderwysers kan ontspan.

Bogenoemde bevindings word verder ondersteun deur ‘n studie van Wessels en Mnkeni-Saurombe (2012:49) waarin hulle aandui dat die opvoeders hoofsaaklik die skoolbiblioteek gebruik het om boeke uit te neem vir lees in die klaskamer, om hulle te help met lesvoorbereiding, navorsing te doen vir take en om woordeboeke en ander naslaanbronne te bekom vir naslaandoeleindes.

4.4.2.4. Opvoeders se aanbevelings ten opsigte van die bevordering van die leesperiode en die skoolbiblioteek

(a) Ouerbetrokkenheid

Die belangrikheid van ouerbetrokkenheid is veral aangedui deur opvoeders uit die histories-agtergestelde skool. Die opvoeders is van mening dat die ouers nie genoeg by die opvoeding van hul kinders betrokke is nie. Die kwessie van die sosio-ekonomiese omstandighede op onderrig en leer is ook uitgewys. Een opvoeder het daarop gewys dat in sommige huishoudings daar nie eens ’n eenvoudige tydskrif soos die *Huisgenoot* is nie, omdat die ouers nie geld daarvoor het nie.

Die bevindinge onderskryf die belangrike rol wat sosio-ekonomiese status speel in leerders se taalontwikkeling. Scheepers (2008:33) wys daarop dat leerders vanuit bevoordeelde en middelklas-agtergronde soms meer blootstelling het aan taalryke ervarings wat hulle taalontwikkeling aanhelp, as leerders vanuit arm en werkersklas-agtergronde.

(b) Toegang tot elektroniese inligtingstelsels

Die belangrikheid om leerders toegang te laat kry tot inligting deur die gebruik van die internet is deur die opvoeders aangedui. Uit sekere opvoeders se response lyk dit asof die skole in hierdie verband nie genoegsaam gevorder het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens Du Toit en Stilwell (2012:127) kan die gebruik van inligtingstegnologie grootliks help om die historiese ongelykhede aan te spreek deurdat dit veral diegene uit arm huishoudings gelyke toegang tot inligting gee.

(c) Personeelvoorsiening

Dit blyk uit die response van die opvoeders dat die werklading van opvoeders tesame met die kurrikulum-inhoud wat afgehandel moet word deur die opvoeders as stremmend ervaar word. Die algemene gevoel is dat die onderwysdepartement die pos van skoolbibliotekaris deel van die personeelvoorsiening moet maak. Die aanbeveling was dat die persoon selfs na-skool beskikbaar moet wees sodat die leerders toegang tot inligting kan kry.

Du Toit en Stilwell (2012:127) erken die belangrikheid van opgeleide biblioteek-personeel, maar huldig die mening dat ongekwalifiseerde en gemotiveerde personeellede ook met vrug binne die skoolbiblioteek gebruik kan word. Hulle beveel verder aan dat persoonlike kwaliteite soos entoesiasme, motivering en goeie kennis van die werking van die skoolbiblioteek in ag geneem moet word vir aanstelling.

(d) Vestiging van ’n leerkultuur

Dit lyk asof die leerkultuur veral aangedui is deur opvoeders van die histories-agtergesteldse skool as ’n faktor wat behoort aangespreek te word. Die kwessie van klaskamer-dissipline, selfdissipline en selfwerksaamheid van leerders is ook uitgewys as belangrike kwaliteite vir die daarstelling van ’n lees- en leerkultuur binne die skool.

Die bevindinge sluit aan by navorsing van Tiemensma (2006:14) wat daarop dui dat skoolbiblioteke beter funksioneer binne skole waar daar ’n goeie leerkultuur heers.

(e) Departementele beleid en ondersteuning

Die leiding en ondersteuning deur die onderwysdepartement is herhaaldelik deur die opvoeders benadruk. Die onderwysdepartement moet die skole bystaan met die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inrigting van die skoolbiblioteek, die verskaffing van die nodige bronne, opleiding, asook die voorsiening van personeel. Die departementele bevorderingsbeleid, waar leerders bevorder word ten spyte van hulle lees en akademiese agterstande is ook deur die deelnemers uitgewys.

4.5. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die implementering van die studie en die prosesse van data-insameling en data-analise bespreek. Die navorsingsdoelwitte en sekere aspekte van die literatuurstudie het gedien as raamwerk om die bevindinge en die bespreking van die data aan te bied.

Vervolgens word die bevindings, gevolgtrekkings, aanbevelings en beperkinge van die studie in hoofstuk 5 bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN SAMEVATTING

5.1. INLEIDING

In hoofstuk 4 is daar gefokus op die metodes van data-versameling, die ontleding van die data asook die bevindinge.

In hierdie hoofstuk gaan ’n samevatting gegee word van die hoofbevindinge van die studie. Die hoofstuk gaan afgesluit word met aanbevelings sowel as ’n aanduiding van die beperkinge van die studie.

5.2. SAMEVATTING VAN DIE BEVINDINGE

Huidige navorsing dui daarop dat daar ’n kommerwekkende toename is in die getal leerders wat sukkel om te lees en spel (Engelbrecht, 2005:2, DvBO, 2008:7, Le Cordeur, 2010a:106).

Met bogenoemde as gegewe, is die breë navorsingsdoelstelling om ondersoek in te stel na die perspektiewe van opvoeders rakende die gebruik van die leesperiode en die skoolbiblioteek.

Die spesifieke doelwitte, wat die breë navorsingdoelstelling onderlê het, was die volgende:

- Wat is die opvoeders se perspektiewe rakende die gebruik van die leesperiode en die skoolbiblioteek?
- Wat is die redes vir die nie-implementering van die leesperiode en die gebruik van die skoolbiblioteek?
- Watter aanbevelings kan gemaak word om die gebruik van die leesperiode en die skoolbiblioteek te bevorder?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op grond van voorafgaande is as navorsingshipotese gestel dat opvoeders nie aan die leerders genoeg blootstelling aan lees gee nie en voorts dat opvoeders nie ’n leeskultuur skep of ’n positiewe houding teenoor lees by die leerders kweek nie, want hulle verontagsaam die leesperiode en ignoreer die biblioteek as hulpbron.

Vervolgens word gefokus op ’n samevatting van die hoofbevindinge van die studie.

5.2.1. Die leesperiode

(a) Volgens die resultate blyk dit dat die meerderheid van die opvoeders kennis dra van die leesperiode. Dit lyk voorts asof die onderwysdepartement skole deur middel van ’n skrywe ingelig het dat die leerders blootgestel moet word aan lees.

(b) Volgens die resultate het van die opvoeders aangedui dat daar wel ’n inligtingsessie rakende die leesperiode was. Die inligtingsessie was egter te kort. Daar is aangedui dat die inligting gebrekkig was en dat die onderwysdepartement hulle nie vergewis het van die werkbaarheid van die leesperiode nie.

(c) Die opvoeders het aangedui dat die leesperiode by nie een van die twee skole geïmplementeer word nie.

(d) Die studie het bevind dat die meerderheid opvoeders geen leiding en ondersteuning van die onderwysdepartement af ontvang het rakende hulpverlening aan leerders met leesprobleme nie. Die beleidsdokumente beloof indiensopleiding en ondersteuning aan opvoeders. Uit die opvoeders se reaksies lyk dit egter asof die loflike ideale wat uiteengesit is in die beleidsdokumente rakende indiensopleiding en ondersteuning van die opvoeders, slegs op papier bestaan.

(e) Die opvoeders het aangedui dat die volgende moontlik as redes kan dien vir die nie-nakoming van die leesperiode: personeelvoorsiening, veral die tekort aan opvoeders, gebrekkige hulpmiddels, oorvol klasse, hoë werklading en beperkte onderrigtyd om die inhoud van die kurrikulum af te handel, die ingesteldheid van die leerders en gebrekkige ondersteuning vanaf die onderwysdepartement.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(f) Dit wil voorkom asof die meerderheid opvoeders op die een of ander manier probeer om leesvaardighede binne hulle onderskeie leerareas te bevorder.

5.2.2. Die skoolbiblioteek

(a) Beide skole beskik oor ’n skoolbiblioteek.

(b) Uit die opvoeders se response wil dit voorkom asof die skoolbiblioteek se bronne onvoldoende en meestal verouderd is. Die biblioteke is ook nie voldoende toegerus nie en die skole beskik nie oor die nodige fondse om die biblioteke in stand te hou nie. Daar is ook aangedui dat die skole geen ondersteuning vanaf die onderwysdepartement ontvang nie.

(c) Die data toon dat die opvoeders nie die skoolbiblioteek gebruik om onderrig en leer te bevorder nie.

(d) Die leerders kry ook geen blootstelling aan die skoolbiblioteek om take binne die kurrikulum te doen nie.

(e) Uit die opvoeders se response rakende die nie-gebruik van die skoolbiblioteek, lyk dit asof die opvoeders die waarde van die biblioteek besef, maar dat hulle die redes vir die nie-gebruik grotendeels op eksterne of kontekstuele faktore plaas, soos verouderde bronne en toerusting, gebrek aan fondse, afwesigheid van voltydse biblioteekpersoneel, ensovoorts.

5.3. AANBEVELINGS

5.3.1. Implementering van die leesperiode

Dit blyk uit die opvoeders se response dat die leesperiode aan die skole voorgehou is sonder insette van die opvoeders, in teenstelling met die erkenning in die Nasionale Leesstrategie (2008) van die belangrike rol van opvoeders in die suksesvolle onderrig van lees. Navorsers (Klapwijk, 2012:192, Moss en Noden, 1994:342-344) wys daarop dat pogings ten opsigte van onderwysverandering

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meestal misluk omdat die rol van opvoeders in die proses verontagsaam word. Dit is belangrik dat opvoeders geken moet word by die implementering van die leesperiode. Dit is ook belangrik dat die opvoeders genoegsame geleentheid moet kry om hulle rolle te heroorweeg. Dit sal ook van waarde wees as die onderwysdepartement, tydens die implementeringsfase, die opvoeders van bewyse kan voorsien rakende die werkbaarheid van die leesperiode asook hoe die leesperiode die leesvaardighede en akademiese vordering van leerders gaan bevorder.

5.3.2. Indiensopleiding en ondersteuning aan opvoeders

Die beleidsdokumente van die onderwysdepartement beloof indiensopleiding en ondersteuning aan opvoeders. Uit die opvoeders se reaksies lyk dit egter asof die loflike ideale wat uiteengesit is in die beleidsdokumente, rakende indiensopleiding en ondersteuning van die opvoeders, slegs op papier bestaan.

Navorsing wys dat personeelontwikkeling voor, tydens en na die implementering moet plaasvind (Moss en Noden, 1994:342-344).

Gegee bogenoemde is dit belangrik dat die onderwysdepartement die opvoeders op ’n deurlopende basis van die nodige indiensopleiding en ondersteuning moet voorsien.

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) beklemtoon die belangrikheid van inligtingsgeletterdheid en verwag van leerders om taal te gebruik om inligting te verkry en te bestuur (DvBO, 2011:9). Indiensopleiding behoort die opvoeders te help om leesvaardighede sowel as inligtingsgeletterdheidsvaardighede te integreer binne hulle onderskeie leerareas.

Die houding en ingesteldheid van opvoeders speel ’n belangrike rol in die implementering van die leesperiode en die ontwikkeling van effektiewe skoolbiblioteke (Fisher en Lewis, 1999:25-26; Hart, 2006:78). Dit is dus ook belangrik dat die indiensopleidingprogramme moet fokus op houdingsverandering van die opvoeders en hulle moet help om die proses van verandering te bestuur.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.3. Ouerbetrokkenheid

Die belangrikheid van ouerbetrokkenheid is veral aangedui deur opvoeders vanuit die histories-agtergestelde skool. Navorsing wys dat sosio-ekonomiese omstandighede ’n invloed op leerders se taalontwikkeling het. Scheepers (2008:33) wys daarop dat leerders vanuit bevoordeelde en middelklasagtergronde soms meer blootstelling het aan taalryke ervarings wat hulle taalontwikkeling aanhelp, as leerders vanuit arm en werkersklasagtergronde.

Ouers is ’n belangrike vennoot in die voorsiening van kwaliteit-onderrig aan leerders. Dit sal belangrik wees om ouerleidingsprogramme te implementeer. Die ouerleidingsprogramme behoort onder andere te fokus op die belangrike invloed van geletterdheid op die leerders se akademiese vordering, asook praktiese stappe wat ouers kan neem om die leesvaardighede van die leerders te bevorder.

5.3.4. Vestiging van ‘n leerkultuur

Dit blyk dat die leerkultuur veral aangedui is deur opvoeders van die histories-agtergestelde skool as ’n faktor wat behoort aangespreek te word. Die bevindinge sluit aan by navorsing van Tiemensma (2006:14) wat daarop dui dat skoolbiblioteke beter funksioneer binne skole waar daar ’n goeie leerkultuur heers.

Die kwessie van klaskamer-dissipline, selfdissipline en selfwerksaamheid van leerders behoort aangespreek te word.

5.3.5. Hulpbronne

Die tekort aan hulpmiddels is aangedui deur die opvoeders as een van die faktore wat bydra tot die nie-implementering van die leesperiode. Voorts dui die bevindinge dat beide skole se biblioteekbronne onvoldoende is. Die skole beskik ook nie oor die nodige fondse om die biblioteek voldoende in te rig en in stand te hou nie. Wessels (2010:24) is die mening toegedaan dat die gebrek aan leesmateriaal in skole tesame met swak onderrig veroorsaak dat baie leerders nie tot onafhanklike lesers kan ontwikkel nie. In ’n studie van Fisher en Lewis (1999:24-27) rakende opvoeders se ervaring van die leesperiode in Engeland, het die opvoeders die feit dat ekstra

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulpbronne aan skole verskaf is en dat uitgewers nuwe boeke gepubliseer het, as positief ervaar.

In die lig van bogenoemde wil die navorser aanbeveel word dat voldoende hulpbronne beskikbaar gestel moet word sodat beide die leesperiode en skoolbiblioteek suksesvol gebruik kan word.

5.3.6. Toegang tot inligtingstegnologie

Uit sekere opvoeders se response blyk dit dat die skole in hierdie verband nie genoegsaam gevorder het nie. Volgens Du Toit en Stilwell (2012:127) kan die gebruik van inligtingstegnologie grootliks help om die historiese ongelykhede aan te spreek deurdat dit veral diegene vanuit arm huishoudings gelyke toegang tot inligting gee.

Gegee bogenoemde is dit belangrik om leerders toegang te laat kry tot inligting deur die gebruik van die internet. Opvoeders moet ook opleiding ontvang wat hulle in staat sal stel om inligtingsgeletterdheidsvaardighede te integreer met die onderskeie leerareas.

5.3.7. Personeelvoorsiening en werklading van opvoeders

Van die opvoeders het aangedui dat die werklading te veel is en dat die tydstoekenning om die kurrikulum af te handel, te beperk is. Beide skole se roosters maak slegs voorsiening vir die inhoudsvakke wat onderrig moet word. Van die opvoeders het ook aangedui dat die rooster vol is en dat daar nie plek op die rooster is vir die leesperiode nie.

Die afwesigheid van die leesperiode kan ’n aanduiding wees dat die skole lees nie as sentraal tot leer beskou nie. As skole egter die algemene akademiese prestasie van leerders wil verbeter, moet hulle die aanname dat die onderrig van inhoudsvakke meer belangrik is, verander en aan leerders die geleentheid gee om leesvaardighede te ontwikkel.
In die Nasionale Leesstrategie word die belangrikheid van skoolbestuur in die lewering van kwaliteit-onderwys belig (DvBO, 2008:16). Hiervolgens is die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skoolbestuurder verantwoordelik vir die leesperiode binne skoolverband. Gegee die personeeltekorte is dit belangrik dat die skoolbestuurders maatreëls daar moet stel wat sal help om lees te bevorder. Daar moet ook seker gemaak word dat leesvaardighede binne alle vakke geïntegreer word en daar moet gepoog word om ’n leeskultuur by die skool te vestig.

’n Tydelike maatreël om die personeeltekorte aan te spreek kan moontlik die doelgerigte integrering van leesvaardighede in die onderskeie leerareas wees, die gebruik van inligtingstegnologie, asook groter skakeling tussen die opvoeders en die personeel van gemeenskapsbiblioteke.

5.3.8. Departementele beleid en ondersteuning

Die leiding en ondersteuning deur die onderwysdepartement is herhaaldelik deur die opvoeders benadruk. Bogenoemde bevinding is in teenstelling met lande soos Engeland, waar die suksesvolle implementering van die leesperiode geskoei is op indiensopleiding en ondersteuning deur die onderwysowerhede. ‘n Sleutelkomponent van die nasionale leesstrategie in Engeland is ‘n raamwerk vir onderrig waarin die onderrigdoelwitte per kwartaal uiteengesit is. Die raamwerk het bestaan uit ‘n duidelike uiteensetting van die tydallokasie en klaskamerbestuur van die leesperiode (Hanke, 2000:287). Verder is opvoeders van die nodige hulpbronne voorsien wat moes help met die toepassing van die leesperiode.

Die onderwysdepartement moet die skole bystaan met opleiding om leerders met leesprobleme te ondersteun, met die inrigting van die skoolbiblioteek, met die verskaffing van die nodige hulpbronne, met opleiding asook met die voorsiening van personeel.

5.4. BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Die aantal deelnemers, die samestelling van die deelnemers en die kontekste van die deelnemende skole word erken as beperkinge binne hierdie studie.

Die studie het slegs gefokus op die perspektiewe van opvoeders. Die sienings van skoolbestuurders en ondersteuningspersoneel van die onderwysdepartement is nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in ag geneem nie. Tweedens was die meeste deelnemers aan die studie nie taalopvoeders nie en het hulle heel moontlik nie sterk menings oor die noodsaaklikheid van die leesperiode gehuldig nie.

Gegee bogenoemde is dit moeilik om die bevindinge te veralgemeen en te beskou as ’n aanduiding van die algemene stand van die leesperiode en skoolbiblioteke binne die Noord-Kaap.

5.5. SAMEVATTING

Die probleem wat in hierdie studie aangespreek is, is dat leerders in terme van leesvaardighede, benede die aanvaarbare vlak presteer en dat die leesperiode en skoolbiblioteke gebruik moet word om die leesvaardighede van leerders te bevorder. Op grond van die voorafgaande is daar as navorsingshipotese gestel dat opvoeders nie aan die leerders genoeg blootstelling rakende lees gee nie. Voorts dat opvoeders nie ’n leeskultuur skep nie of ’n positiewe houding teenoor lees by die leerders kweek nie, want hulle verontagsaam die leesperiode en ignoreer die biblioteek as hulpbron.

Die bevindinge van die studie dui daarop dat die leesperiode nie geïmplementeer word nie en dat die opvoeders nie daarin slaag om die skoolbiblioteek as ’n bron te gebruik om die geletterdheid en akademiese groei by leerders te bewerkstellig nie.

Die afwesigheid van die leesperiode by die onderskeie skole kan ’n aanduiding wees dat skole lees nie beskou as sentraal tot leer nie. As skole egter die algemene akademiese prestasie van leerders wil verbeter, moet hulle die aanname dat die onderrig van inhoudsvakke belangriker is, verander en aan leerders die geleentheid gee om leesvaardighede te ontwikkel. In hierdie verband moet die skoolbiblioteek as bron maksimaal benut word sodat die skole ’n positiewe bydrae kan maak tot die leerders se skolastiese prestasie.

Gegee die hoë vlakke van ongeletterdheid in Suid-Afrika en die feit dat baie leerders uit arm en werkersklas-agtergronde nie die nodige blootstelling aan taalryke ervarings het wat hulle taal-en leesontwikkeling kan aanhelp nie, behoort skole die basis te word vir die bevordering daarvan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BRONNELYS

Baatjes, I. 2003. Reading in South Africa : an overview of policy,programmes and campaigns since 1994. *Innovation.26: 1-10.*

Babbie, E. & Mouton, J. 2006. *The practice of social research*. Cape Town : Oxford University Press.

Bailey, M., Hall, C. & Gamble, N. 2007. Promoting school libraries and school library service :problems and partnerships. *English in Education, 41(2): 71-85.*

Baker, C. M. 2000. Problem-based learning for nursing: integrating lessons from other disciplines with nursing. Journal of Professional Nursing, 16(5): 258-259.

Bell, J. 1993. Doing your research project:A guide for first time researchers in education and social science.London: Open University Press.

Bharuthrum, S. 2012. Making a case for teaching reading across the curriculum in higher education. *South African Journal of Education, 32: 205-2014.*

Bloch, G. 2009. The Toxic Mix-What's wrong with South Africa's schools and how to fix it. Kaapstad: Tafelberg.

Carey, M. A. 1994. The Focus Group Effect in Focus Groups: Planning, Implementing and Interpretating Focus Group Research. In: Morse, J. M. (ed). Critical Issues in Qualitative Research Methods. Thousand Oaks:Sage.

Carl, A. 2005. The "voice of the teacher" in curriculum development:a voice crying in the wilderness?*South African Journal of Education*, 25(4): 223-228).

Campbell, R. 1998. A Literacy Hour is only part of the story. *Reading. 21-23.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Creswell, J. en Garrett, A. 2008. The “movement” of mixed method research and the role of educators. *South African Journal of Education*, 28 :321-333.

Dadds, M. 1999. Teachers Values and the Literacy Hour. *Cambridge Journal of Education, 29(1): 7-19.*

Definition of literacy hour. Beskikbaar: http://oxforddictionaries.com/ definition/english/ literacy%2Bhour.(17/05/2012).

Denscombe, M. 1998. The good research guide for small scale social research projects. Philidelphia: Open university Press.

Dent, V. F. 2006. Observations of school library impact at two rural Ugandan schools. *New Library World, 107(1228/1229): 403- 421.*

Departement van Basiese Onderwys (DvBO). 2000. *A South African curriculum for the twenty-first century. Report of the Review Committee on Curriculum 2005.* Pretoria: Staatsdrukker.

Departement van Basiese Onderwys (DvBO). 2008. *Nasionale Leesstrategie.* Pretoria : Staatsdrukker.

Departement van Onderwys (DvBO). 2009. *Final report of the Task Team for the Review of the Implementation of the National Curriculum Statement*. Pretoria: Staatsdrukker.

Departement van Onderwys (DvBO). 2011a. *NEIMS (National Education Infrastructure Management System) Report*. Pretoria: Staatsdrukker.

Departement van Onderwys (DvBO). 2011b. *Grade 3 Systemic evaluation baseline assessment of literacy*. Pretoria: Staatsdrukker.

Departement van Basiese Onderwys (DvBO). 2011c. *Kurrikulum- en Assesserings-beleidsverklaring vir Graad 10-12 : Afrikaans Huistaal*. Pretoria: Staatsdrukker.

Departement van Onderwys (DvBO). 2012. *National Guidelines for School Library and Information Services*. Pretoria: Staatsdrukker.

De Vos, A. S., Strydom,H., Fouche,C.B., Poggenpoel, M., Schurink, E. en Schurink, W.2 001. *Research at grassroots:A primer for caring professions*. Pretoria: Van Schaik.

De Vries, L.C. 2009. *'n Krities-Evaluerende studie van Inligtingsvoorsiening in 'n veranderde Suid-Afrikaanse skoolomgewing: 'n Skoolbiblioteekperspektief.* Ongepubliseerde Doktorale proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Durrheim, K. 1999. Research design. In: Terre Blance, M. & Durrheim, K. *Research in practice. Applied methods for the social sciences.* Cape Town: UCT Press. 29 – 53.

Durrheim, K. & Wassenaar, D. 1999. Putting design into practice: writing and evaluating research proposals. In: Terre Blance, M. & Durrheim, K. *Research in practice. Applied methods for the social sciences.* Cape Town: UCT Press. 54 -71.

Du Toit, M. & Stillwell, C. 2012. The KwaZulu-Natal Library Policy and it's feasibility for implementation in the Province. *South African Journal of Library and Infromation Science, 78(2): 120-131.*

Engelbrecht, R.J. 2005. Die effek van die Ron Davis-program op die leesvermoë en die sielkundige funksionering van kinders. Ongepubliseerde Meestersgraad. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Fisher, R. & Lewis, M. 1999. Anticipation or trepidation?Teachers views on the Literacy Hour. *Reading.23-28*.

Fisher, R; Lewis, M & Davis, B. 2000. The implementation of the literacy hour in small rural schools. *Childhood Education, 24: 1-8.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Fuller, B. 1987. What school factors raise achievement in the Third World? *Review of Educational Research*, 57(3): 255-292.

Guyana Ministerie van Onderwys. 2011. The Literacy hour. Beskikbaar : http://www.education.gov.gy/web/index.php/component/k2/item/206?Itemid=901.(17/05/2012)

Hanke, V. 2000. Learning about literacy: Childrens versions of the Literacy Hour. *Journal of research in Reading, 23(3): 287-297.*

Hart, G. 2002. Information Literacy Education in Disadvantaged Schools: A Case Study of Project Work at a Primary School in South Africa. *School Libraries Worldwide, 5(1): 78-96.*

Hart, G. 2004. Public Libraries in South Africa – agents or victims of educational change. *South African Journal of Library and Information Science,70(2): 110-120.*

Hart, G. 2006. Educators and public libraries: unwitting partners in the information literacy education of South African youth. *Innovation, 32: 74-93.*

Hart, G & Zinn, S. 2007. The conundrum of school libraries in South Africa. In: *Bothma, T.J.D., Underwood, P. and Ngulube, P. (Eds.) 2007. Libraries for the future: progress and development of South African libraries. Pretoria: LIASA.*

Heatherly, A. L. 1974. Applying Piaget's Theory to reading instruction. Paper presented at the Annual Convention of the Association for Childhood Education International (Washington D.C. April 1974).

Hugo, A. J. 2010. Foundation Phase teachers: The "battle" to teach reading. *Journal of Language teaching, 44(2): 133-144.*

Johl, R. 2002. Akademiese geletterdheid : Van studievaardighede tot kritiese geletterdheid. *Tydskrif vir Taalonderrig,* 36(1&2): 41-61.

Johnson, B. & Christensen, L. B. 2004. *Educational research: Quantative and Qualitative and mixed approaches*. New York:Pearston Education, Inc.

Kaniki, A. 1999. Doing an information search. In: Terre Blance, M. & Durrheim, K. *Research in practice. Applied methods for the social sciences.* Cape Town: UCT Press.17 – 28.

Kaniuka, T. S. 2010. Reading Achievement, Attitude Towards Reading and Reading Self-esteem of Historically Low A chieving Students. *Journal of Instructional Psychology,* 37(2): 184-188.

Kanjee, A. 1999. Assessment Research. In Terre Blance, M. & Durrheim, K. *Research in practice. Applied methods for the social sciences.* Cape Town: UCT Press. 287-306.

Kelly, K. 1999. Calling it a day: reaching conclusions in qualitative research. In: Terre Blance, M. & Durrheim, K. *Research in practice. Applied methods for the social sciences.* Cape Town: UCT Press. 421-437.

Kidd, N. 2011. *A Levelled literacy intervention for foundation phase learners*. Ongepubliseerde Meestersgraadstesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Kim, B. 2001. Social constructivism. In M. Orey (ed). Emerging perspectives on learning, teaching, and technology. Beskikbaar: http://www.coe.uga.edu/epltt/SocialConstructivism.htm (10.02.2014).

Koen, M., Esterhuyse, K. en Moleleki, M. 2006. Die ontwikkeling van lees-en speltoetse vir Sesotho-sprekende leerders in die grondslagfase. *South African Journal of Education,* 26(2): 267-279.

Klapwijk, N. 2012. Reading strategy instruction and teacher change:implications for teacher training. *South African Journal of Education,* 32: 191-204.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Klopper, A. en Nel, C. 2010. Die ontwikkeling van die DBO-reeks ter ondersteuning van leesvaardighede. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 50(1): 541-558.

Le Cordeur, M.L.A. 2004. *Die bevordering van lees met behulp van media-onderrigstrategieë vir Afrikaans (graad 7):'n gevallestudie.* Ongepubliseerde Doktorale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Le Cordeur, M. 2010a. Die interaktiewe leesbenadering : 'n Alternatief vir tradisionele maniere van leesonderrig. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 50(1): 104 -118.

Le Cordeur, M. 2010b. From 0 to 100% - How Raithby Primary turned their literacy performance around. *Journal of Education*,49: 35-64

Le Cordeur, M. 2010c. As 'n kind nie kan lees nie. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/cgibin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=94351&c.(16.10.2011).

Le Cordeur, M. 2010d. Hemisferiese integrasie en die rolprent, Fiela se Kind, as onderrigstrategie om lees te bevorder. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50(3): 346-362.

Le Cordeur, M. 2010e. The struggling reader:identifying and addressing reading problems successfully at an early age. *Per Linguam*, 26(2): 77-89.

Le Cordeur, M. 2012a. Taalonderwysers as lesers van kinderliteratuur en hoe dit leerders se ingesteldheid teenoor lees kan beïnvloed. *Tydskrif vir Taalonderrig,* 46(1): 138-156.

Le Cordeur, M. 2012b. 'n Voorlopige impakstudie van 'n vennootskapsprojek tussen universiteit, skole en die privaat sektor: hoop vir benadeelde studente danksy mentorskappe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 52(3): 397-414.

Machin, S en McNally, S. 2004. *The Literacy Hour*. Centre for the Economics of Education, London School of Economics, London

MacGregor, K. 2009. South Africa: Shocking results from university tests. Beskikbaar:www.universityworldnews.com/article.php?story=20090816082047397.Acces.(21/08/2012).

Mason, J. 1996. *Qualitative researching*. California: SAGE Publications.

McMillian, J. H. & Schumacher, S. 2010. Research in Education: Evidence Based Inquiry (7th ed). Boston: Pearson Education,Inc.

Miller, C., Lacey, P. & Layton, L. 2003. Including children with special educational needs in the Literacy Hour: a continuing challenge. *British Journal of Special Education,* 30(1): 13-20.

Moll, M. 2009. Information literacy in the new curriculum. *South African Journal of Library and Information Sciences, 75(1): 40-45.*

Morgan, D. L. 1997. Focus Groups as Qualitative Reseach. Thousand Oaks: Sage Publications.

Moss, B. & Noden, H. 1993. Pointers for putting whole language into practice. *The Reading Teacher,* 47(4): 342-344.

Mouton, J. 1996. *Understanding social research.* Pretoria: Van Schaik.

Nakamura, Y. 2000. Teachers' Perceptions of School Libraries: Comparisons from Tokyo and Honolulu. School Libraries Worldwide**,** 6(1): 66-84.

Nassimbeni, M. en Snoeks, D. 2011. Availability of books as a factor in reading,teaching and learning behaviour in twenty disadvanteged primary schools in South Africa. *South African Journal of Library and Infromation Science*, 77(2): 95-103.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Neuman,W. L. 1997. *Social reseach methods: Qualitative and quantitative approaches*. Allyn and Bacon.

Noord-Kaap Onderwysdepartement (NKOD). 2007. *Reading Policy for all schools with effect January 2008*. Omsend 130/2007. Kimberley: Staatsdrukker.

Noord-Kaap Onderwysdepartement (NKOD). 2011. *Annual National Asssessment Results – Namakwa District.* Kimberley: Staatsdrukker.

Piaget, Jean. 1978. *To understand is to invent*. New York: Grossman.

Poveda, D. 2011. Performance and Interaction during " Reading hour" in a Spanish Secondary School. *Linguistics and Education:An International Reasearch Journal*, 22(1): 79-92.

Pretorius E. J. en Machet M. P. 2004. The socio-educational context of literacy accomplishment in disadvantaged schools: Lessons for reading in the early primary years. *Journal of Language Teaching,* 38(1): 45-62.

Pretorius, E. J. en Lephalala, M. 2011. Reading Comprehension in High-Poverty Schools: How should it be taught and how well does it work? *Per Linguam,* 27(2): 1-24.

Pretorius, E. J. en Ribbens, R. 2005. Reading in a disadvantaged high school : issues of accomplishment, assessment and accountability. *South African Journal of Education,* 25 (3): 139-147.

Sanacore, J. en Palumba, A. 2010. Middle Schools Students Need More opportunity to read across the curriculum. *The Clearing house,* 83: 180-185.

Scheepers, R. A. 2008. Reading is fundamental: The effect of a reading programme on vocabulary development in a high poverty township school. *Tydskrif vir Taalaanleer,* 24(1): 30-44.

Sisulu, E. 2004. The culture of reading and the book chain : how do we achieve a quantum leap. Keynote adress at the Symposium on Cost of a Culture of Reading, 16-17 September 2004. Beskikbaar: http://www.centreforthebook.org.za/events /culture_reading. html.(16.10.2011).

Suresh, J. en Suresh, S. 2008. Anxiety, attitude and information use behaviour of school teachers in central schools. *Sri Lankan Journal of Librarianship and Information Management,* 3(2): 16-2.

Smith, C. & Whiteley, H. 2000. Developing literacy through the Literacy Hour : A survey of teachers experience. *Reading*, 34(1): 34-38.

Taylor, B., Pearson, P.D., Harris, L.A. & Garcia, G. 1995. *Reading difficulties, instruction and assessment.* (2de uitgawe.) New York: McGraw-Hill.

Taylor, N. 2008. What's Wrong with South African Schools? Presentation to the Conference: *What's Working in School Development*. JET Education Services.28-29 February 2008

The Literacy Hour. Beskikbaar : http://www.educa tion.gov.gy /web/index. php /moeoverview/projects/206theliteracyhour. (17/05/2012).

Thorne, M. M. G. 2007. *'n Ondersoekende studie na die verband tussen leesvaardighede en leesvordering van Graad 10-leerders*. Ongepubliseerde Meestersgraadstesis. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Tiemensma, L. 2006. School libraries in support of voluntary reading. *Innovation*, 33: 13-20.

Topping, K. , Nel, C. en van Kraayenoord, C. 2006. Enhancing reading in different worlds : South Africa and Australia. *International Reading Association:300-302.*

Venter, A. 2007. *Die ontwerp, implementering en evaluering van 'n Multisensoriese Leesprogram vir Graad 3-leerders in Heidedal.* Ongepubliseerde Doktorale proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Volksblad (2007). Min skoolbiblioteke knel gehalte onderwys. Beskikbaar: http://www.volksblad.com/Suid-Afrika/Nuus/Min-skoolbiblioteke-knel-gehalte-van-onderrig-20100616. (20.10.2011).

Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD). 2006. *WCED literacy and numeracy strategy 2006–2016*. Kaapstad: Staatsdrukkers.

Wessels, N. 2010. *School Libraries as a literacy intervention tool in primary school: action research in Atteridgeville*. Ongepubliseerde Meestersgraadstesis. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Wessels, N. & Mnkeni-Saurombe, N. 2012. Teachers' use of the school library in a South African township school: closing the literacy gap. *South African Journal of Library and Infromation Science,78(2): 45-56.*

Wolhuter, C. C. 2002. 'n Histories-opvoedkundige rekonstruksie van die geletterdheid van die Suid-Afrikaanse bevolking: 'n eerste kartering. *South African Journal of Education, 22(2): 125-131*.

Zwiegers, M. 2011. *Speel-speel van leesbot tot leesversot: 'n ondersoek na die aanwending van voorlees in kombinasie met drama as 'n pedagogiese hulpmiddel tot die ontwikkeling van leesliefde by leerders*. Ongepubliseerde Meestersgraadstesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 1: BRIEF AAN NOORD-KAAPSE ONDERWYSDEPARTMENT

LINDA ROZETTA NEWMAN
POSBUS 968, STEINKOPF,8244
TEL : 027-721 8155 (W); 027-721 8134 (H); Sel : 083 345 0837

Die Distrikdirekteur van Onderwys
Die Kringbestuurder
Namakwa-distrik
Privaatsak X2
Springbok
8240

Geagte mev. K.W. Links

INSAKE: AANSOEK OM NAVORSING BY NKOD-INRIGTINGS

Ek is tans 'n skoolgebaseerde-opvoeder en 'n geregistreerde M.Ed-student in die program Kurrikulumstudies aan die Universiteit van Stellenbosch.

Hiermee doen ek aansoek om toestemming om die voorgestelde navorsingsprojek, getiteld: ***Opvoeders se perspektiewe rakende die gebruik van die leesperiode en skoolbiblioteke in geselekteerde skole in die Noord-Kaap*** te onderneem. Die navorsingsprojek sal in twee hoërskole in die Namakwa-distrik onderneem word.

Ek verskaf graag die volgende agtergrond oor dit waaroor my navorsing handel.

Lees is 'n noodsaaklike vaardigheid in die 21ste eeu. Dit is een van die boustene van leer en dit verhoog 'n persoon se kanse op sukses in skool en verdere lewe. Suid-Afrikaanse navorsing dui daarop dat leesprobleme in Suid-Afrika besig is om ernstige afmetings aan te neem. Om die leesvermoëns en geletterdheidsvlakke van leerders te verhoog, het die Noord-Kaapse Onderwysdepartement 'n omsendskrywe uitgestuur waarin skole verplig word om daagliks 'n leesperiode van 30 minute in te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stel. Hierdie leesperiode moet op die skool se rooster aangedui word. Binne die leesperiode moet lees op ’n gestruktureerde manier aangebied word.

Gegee bogenoemde is die breë navorsingsdoelstelling van die studie om die perspektiewe van opvoeders rakende die gebruik van die leesperiode en die skoolbiblioteek te bepaal.

Die steekproef van die beoogde navorsingsprojek gaan bestaan uit twee geselekteerde hoërskole in die Namakwa-distrik in die Noord-Kaap. Die vraelyste gaan voltooi word deur graad 8- en 9-opvoeders van die geselekteerde skole.

Tydens my navorsingsprojek sal ek alle etiese aspekte soos vermeld in my voorstel nakom en alle inligting as vertroulik hanteer en die reg op vertroulikheid eerbiedig. Daar sal ook skriftelik toestemming van die skoolbestuurder van die betrokke skool verkry word om met die projek te begin. Die skole se deelname aan die projek is vrywillig.

Indien u enige navrae het, kan u my studieleier, dr. M.L.A. le Cordeur kontak by die volgende adres en nommers:

Dr M.L.A. le Cordeur
Departement Kurrikulumstudie (Afrikaans)
Fakulteit Opvoedkunde
Universiteit Stellenbosch
Privaatsak X1, Matieland 7602
Tel 021 808 2300
Fax 021 808 2295
mlecorde@sun.ac.za

Ek hoop en vertrou dat u my aansoek goedgunstiglik sal oorweeg.

By voorbaat dank.

Die uwe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

.....

Mev. Linda Rozetta Newman

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 2: BRIEF AAN DEELNEMENDE SKOLE

LINDA ROZETTA NEWMAN
POSBUS 968, STEINKOPF,8244
TEL : 027-721 8155 (W); 027-721 8134 (H); Sel : 083 345 0837

Die Skoolhoof

Geagte Heer/Dame

INSAKE: AANSOEK OM NAVORSING BY U SKOOL

Ek is tans 'n skoolgebaseerde-opvoeder en 'n geregistreerde M.Ed.-student in die program Kurrikulumstudies aan die Universiteit van Stellenbosch.

Hiermee doen ek aansoek om toestemming te verkry om die voorgestelde navorsingsprojek, getiteld: *Opvoeders se perspektiewe rakende die gebruik van die leesperiode en skoolbiblioteke in geselekteerde skole in die Noord-Kaap,* by u skool te onderneem.

Ek verskaf graag die volgende agtergrond oor dit waaroor my navorsing handel.

Lees is 'n noodsaaklike vaardigheid in die 21ste eeu. Dit is een van die boustene van leer en dit verhoog 'n persoon se kanse op sukses in skool en verdere lewe. Suid-Afrikaanse navorsing dui daarop dat leesprobleme in Suid-Afrika besig is om ernstige afmetings aan te neem. Om die leesvermoëns en geletterdheidsvlakke van leerders te verhoog het die Noord-Kaapse Onderwysdepartement 'n omsendskrywe uitgestuur, waarin skole verplig word om daagliks 'n leesperiode van 30 minute in te stel. Hierdie leesperiode moet op die skool se rooster aangedui word. Binne die leesperiode moet lees op 'n gestruktureerde manier aangebied word.

Gegee bogenoemde is die breë navorsingsdoelstelling van die studie om die perspektiewe van opvoeders rakende die gebruik van die leesperiode en die skoolbiblioteek te bepaal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die vraelyste gaan voltooi word deur graad 8- en 9-opvoeders van die geselekteerde skole. Van u skool gaan verwag word dat die graad 8- en 9- opvoeders die vraelys voltooi en deelneem aan ‘n fokusgroepgesprek van ongeveer 2 ure.

U deelname aan die projek is vrywillig. Rakende vertroulikheid en anonimiteit gaan daar in die navorsingsverslag geen verwysing wees na u naam of die naam van u skool nie.

Indien u enige navrae het, kan u my studieleier, dr. M.L.A. le Cordeur kontak by die volgende adres en nommers:

Dr MLA le Cordeur
Departement Kurrikulumstudie (Afrikaans)
Fakulteit Opvoedkunde
Universiteit Stellenbosch
Privaatsak X1, Matieland 7602
Tel 021 808 2300
Fax 021 808 2295
mlecorde@sun.ac.za

Ek hoop en vertrou dat u my aansoek goedgunstiglik sal oorweeg.

By voorbaat dank.

Die uwe

.....
Mev. Linda Rozetta Newman

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 3: BRIEF AAN RESPONDENTE

LINDA ROZETTA NEWMAN
POSBUS 968, STEINKOPF,8244
TEL : 027-721 8155 (W); 027-721 8134 (H); Sel : 083 345 0837

Geagte Opvoeder

Ek is ’n skoolgebaseerde-opvoeder en ‘n geregistreerde M.Ed.-student in die program Kurrikulumstudies aan die Universiteit van Stellenbosch.

Ek is tans besig om ondersoek in te stel aangaande *opvoeders se perspektiewe rakende die gebruik van die leesperiode en skoolbiblioteke in geselekteerde skole in die Noord-Kaap.*

Graag wil ek u versoek om u bereidwillig te verklaar om aan hierdie studie deel te neem. Geliewe ook kennis te neem van die volgende :

Doel van die vraelys: Om ondersoek in te stel na die persepsies van opvoeders rakende die gebruik van die leesperiode en skoolbiblioteek om die leesvaardighede van leerders te bevorder.

Wie moet die vraelys voltooi: Alle opvoeders wat betrokke is by die onderig van leerareas in graad 8 en 9.

Belangrike versoek: Vir hierdie studie om suksesvol te wees, is dit belangrik dat u die vraelys sal voltooi deur slegs gebruik te maak van u kennis en insigte.

Vertroulikheid: Die inligting wat u verskaf gaan vertroulik hanteer word en daar gaan geen verwysing wees na u identiteit of dié van u skool nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Goedkeuring: Goedkeuring is verkry vanaf die Noord-Kaapse Onderwysdepartement en ŉ kopié van die brief is aan die skoolhoof verskaf.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking en dat u bereid is om deel te neem aan hierdie studie.

.....
Linda R Newman

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 4: OPVOEDERVRAELYS

NAVORSINGSONDERWERP:

Opvoeders se perspektiewe rakende die gebruik van die leesperiode en skoolbiblioteke in geselekteerde skole in die Noord-Kaap.

Student : Linda Rozetta Newman

Studieleier : Dr. M. le Cordeur

Doel van die vraelys :

Om ondersoek in te stel na die perspektiewe van opvoeders rakende die gebruik van die leesperiode en die skoolbiblioteek.

Instruksies

- Voltooi die vrae op hierdie vraelys.
- Vir hierdie studie om suksesvol te wees, is dit belangrik dat u die vraelys sal voltooi deur slegs gebruik te maak van u kennis en insigte.

1. BIOGRAFIESE INLIGTING

Merk die toepaslike ☐ met 'n X.

1. Geslag

Vroulik		Manlik	

2. Vak/ke wat u onderrig

Afrikaans		Sosiale Wetenskap	
Engels		Ekonomiese Bestuurswetenskap	
Wiskundige Geletterdheid		Tegnologie	
Natuurwetenskap		Lewensoriëntering	

3. Graad/Grade wat u onderrig

8		9		8 & 9	

4. Historiese profiel van skool

Voormalige Model C-skool		Histories-agtergestelde skool	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. LEESPERIODE

1. Dra u kennis van die verpligte leesperiode van die Noord–Kaapse Onderwysdepartement ? Motiveer.

JA		NEE	

_____
_____
_____

2. Was daar ’n inligtingsessie oor hoe u die leesperiode kan gebruik om leesvaardighede te bevorder? Verduidelik.

JA		NEE	

_____
_____
_____

3. Het u indiensopleiding of ondersteuning ontvang rakende hulpverlening aan leerders met leesprobleme? Verduidelik.

JA		NEE	

_____
_____
_____

4. Is daar ’n verpligte leesperiode op u skool se rooster? Gee meer inligting.

JA		NEE	

_____
_____
_____

5. Indien daar wel ’n leesperiode is, is dit gestruktureerd, met ander woorde word daar spesifieke beplanning gedoen wat verband hou met die leerder se kurrikulum?

_____
_____
_____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. Indien u nie oor leesperiode beskik nie, wat is na u mening die redes vir die nie-nakoming daarvan?.

_____
_____
_____
_____
_____

7. Hoe bevorder u die leesvaardighede van leerders binne u leerarea?

_____
_____
_____

8. Wat, volgens u mening, behoort die inhoud te wees wat gedurende die leesperiode aangebied moet word?

_____
_____
_____
_____
_____
_____

3. SKOOLBIBLIOTEEK

1. Beskik u skool oor 'n skoolbiblioteek?

JA		NEE	

2. Volgens u mening beskik u skool se biblioteek oor voldoende bronne ?

JA		NEE	

3. Word u skool se biblioteek oor die algemeen gebruik om onderrig en leer te bevorder ?

JA		NEE	

4. Word u leerders blootgestel aan die skoolbiblioteek om take binne die kurrikulum te doen?

JA		NEE	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5. Indien u skool se biblioteek nie gebruik word nie, wat is na u mening die redes vir die nie-gebruik van die skoolbiblioteek?

6. Hoe dink u kan die skoolbiblioteek gebruik word binne u vakgebied om die leesvaardighede van leerders te ontwikkel ?

4. ANDER STRATEGIEË/VOORSTELLE

1. Is daar enige ander voorstelle wat u kan maak om die situasie binne u skool ten opsigte van die leesperiode en skoolbiblioteek te bevorder?

2. Watter behoeftes het u ten opsigte van ondersteuning sodat u in staat kan wees om leerders te help?

Baie dankie vir u vriendelike samewerking en vir die tyd wat u bereid was om op te offer vir die voltooiing van hierdie vraelys.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 5: ONDERHOUDSGIDS VIR FOKUSGROEPONDERHOUDE

NAVORSINGSONDERWERP:

Opvoeders se perspektiewe rakende die gebruik van die leesperiode en skoolbiblioteke vir die bevordering van leesvaardighede van leerders.

Student: Linda Rozetta Newman

Studieleier: Dr. M. le Cordeur

1. LEESPERIODE

1. Wat sou u aandui is van die redes vir die nie-nakoming van die leesperiode?
2. Is daar enige ander voorstelle wat u kan maak om die leesvaardighede van die leerders te bevorder?
3. Watter behoeftes het u ten opsigte van indiensopleiding en ondersteuning, sodat u in staat kan wees om leerders te help?
4. Indien u die onderwysdepartement sou adviseer rakende die implementering van die leesperiode, wat sou u aanbevelings wees?

2. SKOOLBIBLIOTEEK

1. Wat sal u sê is van die redes vir die nie-gebruik van die skoolbiblioteek?
2. Die nuwe kurrikulum-verklaring plaas groot klem op onafhanklike lees en navorsing deur leerders. Hoe kan u as opvoeder en skool hierdie uitdaging aanspreek?
3. Watter behoeftes het u ten opsigte van indiensopleiding en ondersteuning sodat u in staat kan wees om die skoolbiblioteek effektief te gebruik?

3. AFSLUITINGSVRAAG

Is daar enigiets anders wat na u mening aandag moet geniet met betrekking tot die spesifieke onderwerp wat ons nie aangeraak het tydens die onderhoud nie?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 6: DATA VAN OOP EN GESLOTE ITEMS OP VRAELYSTE

1. BIOGRAFIESE INLIGTING

Deelnemers Skool 1: Histories–agtergestelde skool			
Opvoeder	**Geslag**	**Vak/ke onderrig**	**Graad**
Opvoeder 1	Vroulik	Sosiale Wetenskap	Graad 9
Opvoeder 2	Manlik	Sosiale Wetenskap	Graad 8
Opvoeder 3	Vroulik	Lewensoriëntering	Graad 8
Opvoeder 4	Vroulik	Natuurwetenskap	Grade 8 & 9
Opvoeder 5	Vroulik	Ekonomiese bestuurswetenskap	Grade 8 & 9
Opvoeder 6	Vroulik	Wiskunde en Natuurwetenskap	Grade 8 & 9
Opvoeder 7	Vroulik	Tegnologie en Natuurwetenskap	Graad 9
Opvoeder 8	Vroulik	Wiskundige geletterdheid	Grade 8 & 9
Opvoeder 9	Vroulik	Ekonomiese bestuurswetenskap	Graad 9

Deelnemers Skool 2 : Voormalige Model C-skool			
Opvoeder	**Geslag**	**Vak/ke onderrig**	**Graad**
Opvoeder 1	Vroulik	Afrikaans	Graad 9
Opvoeder 2	Vroulik	Afrikaans	Graad 8
Opvoeder 3	Vroulik	Lewensoriëntering	Grade 8 & 9
Opvoeder 4	Vroulik	Wiskundige Geletterdheid	Graad 8
Opvoeder 5	Manlik	Wiskundige	Graad 9
Opvoeder 6	Vroulik	Engels	Graad 9
Opvoeder 7	Manlik	Natuurwetenskap	Graad 8

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. LEESPERIODE

1. **Dra u kennis van die verpligte leesperiode van die Noord–Kaapse Onderwysdepartement ?**

	JA	Tot	NEE	Tot
SKOOL 2	Opvoeder 1,2,3,4,5,7	**6**	Opvoeder 6	**1**
SKOOL 1	Opvoeder 1,2,3,4,5,6,7,8,9	**9**		**0**
Totaal		**15**		**1**

Skool 1

- Ja **(SK1VOP1)**
- Ja Sover my kennis strek moet daar ’n periode vir lees wees (intervensie) **(SK1VOP2)**
- Ja, dit was in die verlede toegepas by ons skool **(SK1VOP3)**
- Ja, ’n skrywe is aan skole gerig om leerders bloot te stel aan lees **(SK1VOP4)**
- Ja **(SK1VOP5)**
- Ja. Die leesperiode is aan skole voorgehou sonder die insette van onderwysers en met gebrekkige leiding van DOE. **(SK1VOP6)**
- Ja. Het gehoor dit moet geïmplementeer word. Hoe dit gebeur? Nee **(SK1VOP7)**

Skool 2

- Ja, weet nie of dit nog verpligtend is nie. **(SK2VOP1)**
- Ja **(SK2VOP2)**
- Ja **(SK2VOP3)**
- Ja, dit is al ’n hele paar jaar terug in skole geïmplementeer**(SK2VOP4)**
- Ja **(SK2VOP5)**
- Nee **(SK2VOP6)**
- Ja **(SK2VOP7)**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Was daar 'n inligtingsessie oor hoe u die leesperiode kan gebruik om leesvaardighede te bevorder?

	JA	Tot	NEE	Tot
SKOOL 2	Opvoeder 1,2,3,4,5,7	**6**	Opvoeder 6	**1**
SKOOL 1	Opvoeder 1,2,3,4,5,6,7,8,9	**9**		**0**
Totaal		**15**		**1**

Skool 1

- Ja **(SK1VOP1)**
- Nee **(SK1VOP2)**
- Ja, die inligtingsessie was egter te kort **(SK1VOP3)**
- Ja, daar was verduidelik hoe om dit in skool toe te pas **(SK1VOP4)**
- Nee **(SK1VOP5)**
- Ja. inligting was gebrekkig en die amptenary het hulle ook nie vergewis van die werkbaarheid daarvan nie **(SK1VOP6)**
- Ja. Daar was met maniere vorendag gekom. Eerlik het geen idee. Niks het geskied **(SK1VOP7)**

Skool 2

- Nee **(SK2VOP1)**
- Ja **(SK2VOP2)**
- Nee **(SK2VOP3)**
- Nee **(SK2VOP4)**
- Ja **(SK2VOP5)**
- Nee **(SK2VOP6)**
- Ja, slegs by skool in personeelkamer deur onderhoof in 2008/9. **(SK2VOP7)**
- Nee **(SK1VOP8)**
- Nee **(SK1VOP9)**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. Het u indiensopleiding of ondersteuning ontvang rakende hulpverlening aan leerders met leesprobleme?

	JA	Tot	NEE	Tot
SKOOL 2	Opvoeder 7	**1**	Opvoeders 1,2,3,4,5,6,7	**6**
SKOOL 1	Opvoeder 8	**1**	Opvoeders 1,2,3,4,5,6,7,9	**8**
Totaal		**2**		**14**

Skool 1

- Nee **(SK1VOP1**)
- Nee **(SK1VOP2)**
- Nee **(SK1VOP3)**
- Nee **(SK1VOP4)**
- Nee **(SK1VOP5)**
- Nee, geen opleiding en die inligting was terloops genoem tydens die gewone algemene werksessie deur die departement **(SK1VOP6)**
- Nee, mense moes seker aangestel gewees het om leiding te verleen **(SK1VOP7)**
- Nee **(SK1VOP8)**
- Nee **(SK1VOP9)**

Skool 2

- Nee **(SK2VOP1)**
- Nee **(SK2VOP2)**
- Nee**(SK2VOP3)**
- Nee **(SK2VOP4)**
- Nee**(SK2VOP5)**
- Nee **(SK2VOP6)**
- Ja, universiteit – lewensvaardighede. Tans is me. Botha en R Visser die mense wat die ondersteuning gee **(SK2VOP7)**

15. Is daar ’n verpligte leesperiode op u skool se rooster?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	JA	Tot	NEE	Tot
SKOOL 2		**0**	Opvoeders 1,2,3,4,5,6,	**7**
SKOOL 1		**0**	Opvoeders 1,2,3,4,5,6,7,8,9	**9**
Totaal		**0**		**16**

Skool 1

- Nee **(SK1VOP1)**
- Nee **(SK1VOP2)**
- Nee **(SK1VOP3)**
- Nee **(SK1VOP4)**
- Nee **(SK1VOP5)**
- Nee. Tekort aan mannekrag, gebrekkige hulpmiddels en oorvolklasse laat so 'n sessie nie tot sy reg kom nie **(SK1VOP6)**
- Nee. Die skool se rooster maak net voorsiening vir die spesifieke leerareas/vakke. Leesperiode sal dus inbraak maak op die onderrigtyd **(SK1VOP7)**
- Nee **(SK1VOP8)**
- Nee **(SK1VOP9)**

Skool 2

- Nee) **(SK2VOP1)**
- Was, nie meer nie **(SK2VOP2)**
- Nee **(SK2VOP3)**
- Nee **(SK2VOP4)**
- Nee, daar was maar nie meer nie **(SK2VOP5)**
- Nee, nie waarvan ek weet nie miskien in die taalklasse, maar nie in die wiskunde-klasse nie. **(SK2VOP6)**
- Nee **(SK2VOP7)**

Skool 1

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- NVT **(SK1VOP1)**
- Nee **(SK1VOP2)**
- Nee **(SK1VOP3)**
- Nee **(SK1VOP4)**
- Nee, dit was aanvanklik toegepas, maar het gaandeweg uitgeval agv lading van leerstof wat te veel is vir beperkte tyd. Swak bydraes van leerders – wil nie lees nie en daarom swak uitslae van leerders, want leerders kan nie vrae reg lees en vertolk nie **(SK1VOP5)**
- NVT **(SK1VOP6)**
- NVT **(SK1VOP7)**
- NVT **(SK1VOP8)**
- Nee **(SK1VOP9)**

Skool 2

- NVT **(SK2VOP1)**
- NVT **(SK2VOP2)**
- NVT **(SK2VOP3)**
- NVT **(SK2VOP4)**
- NVT **(SK2VOP5)**
- NVT **(SK2VOP6)**
- NVT **(SK2VOP7)**

5. Indien u nie oor leesperiode beskik nie, wat sou u aandui is van die redes vir die nie-nakoming?

Skool 1

- Daar word nie op die rooster vir die leesperiode voorsiening gemaak nie **(SK1VOP1)**
- Die kurrikulum wat voorgeskryf word vir die leerders is te swaar met ander woorde die werklading is te hewig om aandag aan lees te gee **(SK1VOP2)**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Tydsaspek. Opvoeders is oorlaai en het dus geen tyd vir ekstra leesperiode nie. **(SK1VOP3)**
- Werklading is te hoog. Na skool word leerders klas gegee om die kurrikulum te voltooi. Leerders het ook aangevoer dat hulle honger is **(SK1VOP4)**
- Leerders weier om te lees - luiheid en ook somtyds skaam. Sommige opvoeders gebruik die leesperiode om die vrag lading werk te kan afhandel. Meeste van ons leerders het ’n swak in die lees van boeke, goeie leesstof ens. **(SK1VOP5)**
- Tekort aan onderwysers. Te min departementele ondersteuning. Tekort aan hulpbronne en tyd is faktore wat dit strem. **(SK1VOP6)**
- Soos vroeër genoem maak die rooster slegs voorsiening vir vakke. Onderrig moet dus voorkeur geniet **(SK1VOP7)**
    - Die leesperiode word by die taalperiodes ingesluit. Nee **(SK1VOP8)**
    - Tekort aan onderwysers, hoë werklading **(SK1VOP9)**

Skool 2

- Het in verlede leesperiode gehad, gevind dat leerlinge dit nie konstruktief gebruik nie, daarom is dit afgeskaf. **(SK2VOP1)**
- Leerders gebruik dit nie vir lees nie **(SK2VOP2)**
- Onbekend **(SK2VOP3)**
- Die aanbevole tyd vir onderrigperiodes strek vanaf 7.30 - 1400. Daar is nie tyd op die rooster nie. **(SK2VOP4)**
- Leerders gebruik nie die periode vir lees nie, maar om tuiswerk te doen. **(SK2VOP5)**
- NVT **(SK2VOP6)**
- Vol rooster **(SK2VOP7)**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. Hoe word leesvaardighede bevorder binne vak/leerea?

Skool 1

- Daar is ’n boekrak met verskeie boeke en tydskrifte en koerante. Leerders word aangemoedig om te lees. **(SK1VOP1)**
- Ek maak tyd vir lees in die klaskamer. Kan ook nie elke dag daaraan aandag gee nie, maar as onderwyser probeer ek die leerders aanmoedig om te lees **(SK1VOP2)**
- Deur middel van navorsingstukke. Leerders word dus forseer om te lees **(SK1VOP3)**
- Leerders word toegelaat om sekere dele van die les voor te lees, help leerders om woorde reg uit te spreek en verduidelik die betekenis **(SK1VOP4)**
- Moedig leerders gedurig aan om gereeld te lees. Byvoorbeeld maak lees ’n stokperdjie – lees ten minste een koerant gereeld. Lees goeie storieboeke, lees en skryf briewe, wees nuuskierig om altyd die jongste nuus te weet - radio en koerante **(SK1VOP5)**
- Tydens periodes in klas wanneer veral letterkunde veral behandel word **(SK1VOP6)**
- Geensins. Die inhoud is te veel wat ek moet afhandel. Hoe kan ek nog lees bevorder? Al wat ek doen is om aktiwiteite uit te gee. **(SK1VOP7)**
    - Leerders lees antwoorde. Nee **(SK1VOP9)**

Skool 2

- Maak gereeld van bronne soos koerante en tydskrifartikels gebruik vir ekstra lees. Wanneer ’n leerder sukkel met uitsprake oefen ek dit saam met die leerder, maak van lettergrepe gebruik **(SK2VOP1)**
- Lees gedeeltes in my vakgebied **(SK2VOP2)**
- Lees tydskrifte/handboeke/aantekeninge/transparante (**SK2VOP3)**
- Laat hulle vaktydskrifte en artikels deurblaai en lees. **(SK2VOP4)**
- Behandel moeilike woorde. Slaan betekenisse na **(SK2VOP5)**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Daar word nie baie gelees in wiskunde nie. In NW moet die kinders redelik lees, hulle doen vele aktiwiteite oor die werk wat daartoe lei dat hulle die werk oor en oor moet deurlees **(SK2VOP6)**
- Gee begripstoets, lees saam werkstukke, gee geleentheid vir leerders om voor te lees **(SK2VOP7)**

8. Wat volgens u mening behoort die inhoud te wees wat gedurende die leesperiode aangebied moet word?

Skool 1

- Dit moet fokus op die vlak van die leerder. Leerders moet liefde vir lees aankweek **(SK1VOP1)**
- As 'n Afrikaanse Huistaal-onderwyser sal ek voorstel dat die verskillende leestegnieke moet deel wees van die leesperiode. Leestegnieke soos vluglees, soeklees ens. **(SK1VOP2)**
- Ek sou sê spesifiek in Engels en Afrikaans **(SK1VOP3)**
- Sinne. Begin en eindig. Hoe dit lyk, stembuiging, uitspreek van woorde, lettergrepe, klem **(SK1VOP4)**
- Kinders moet lees – sag lees, maar ook hardoplees, interessante leesstukke moet voorberei word. Leesstukke wat moontlik by kind se ervaring en omgewing prikkel **(SK1VOP5)**
- Kulturele en aktuele sake, asook nuuswaardige gebeure, veral ten opsigte van ekonomiese sake **(SK1VOP6)**
- Lees van artikels. Kyk na moeilike woorde. Woordbouspeletjies. Vasvra-kompetisies rakende sekere inligting wat jy moes oplees. Skryf van berigte (Engels en Afrikaans). Kyk na programme en dan iets daaroor skryf **(SK1VOP7)**
- Fiksasie, leesspoed, soek van kernwoorde en dit verbind. **(SK1VOP8)**

Skool 2

- Inhoudelike kennis van die verskillende leerareas. Die leerders moet op een of ander manier getoets word, om agter te kom of hulle wel met begrip lees. Die memorandums daarvan moet onmiddellik beskikbaar wees. **(SK2VOP1)**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Dood eenvoudig lees. **(SK2VOP2)**
- NVT **(SK2VOP3)**
- Dalk moet daar ’n periode per vak geallokeer word. Deel bv. artikels uit oor werk wat in NW-sillabus hanteer word en praat dan daaroor in die NW-periode **(SK2VOP4)**
- Suiwer leeswerk **(SK2VOP5)**
- NVT **(SK2VOP6)**
- NVT **(SK2VOP7)**

3. SKOOLBIBLIOTEEK

1. **Beskik u skool oor ’n skoolbiblioteek?**

	JA	**Tot**	**NEE**	**Tot**
SKOOL 2	Opvoeders 1,2,3,4,5,6,7	**7**		**0**
SKOOL 1	Opvoeders 1,2,3,4,5,6,7,8,9	**9**		**0**
Totaal		**16**		**0**

2. **Volgens u mening beskik u skool se biblioteek oor voldoende bronne ?**

	JA	**Tot**	**NEE**	**Tot**
SKOOL 2	Opvoeder 7	**1**	Opvoeders 1,2,3,4,5	**5**
SKOOL 1		**0**	Opvoeders 1,2,3,4,5,6,7,8,9	**9**
Totaal		**1**		**14**

Opvoeder 6 van Skool 2 het aangedui onseker

3. **Word u skool se biblioteek oor die algemeen gebruik om onderrig en leer te bevorder ?**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	JA	Tot	NEE	Tot
SKOOL 2		**0**	Opvoeders 1,2,3,4,5,7	**6**
SKOOL 1		**0**	Opvoeders1,2,3,4,5,6,7,8,9	**9**
Totaal		**0**		**15**

Opvoeder 6 van Skool 2 het aangedui onseker

4. **Word u leerders blootgestel aan die skoolbiblioteek om take binne die kurrikulum te doen?**

	JA	Tot	NEE	Tot
SKOOL 2		0	Opvoeders 1,2,3,4,5,7	**6**
SKOOL 1		0	Opvoeders1,2,3,4,5,6,7,8,9	**9**
Totaal		**0**		**15**

Opvoeder 6 van Skool 2 het aangedui onseker

SKOOL 1

5.

- Stoorplek op die oomblik. Verouderde bronne **(SK1VOP1)**
- Ek sou sê die nodige toerusting en bronne is nie in die biblioteek nie. Om die biblioteek effektief te laat werk is daar nog egter leemtes wat gevul moet word. **(SK1VOP2)**
- Juis omdat die bronne nie voldoende is nie, word dit nie gebruik nie. Dit is ook nie ingerig nie. **(SK1VOP3)**
- Geen bibliotekaris of opvoeder nie. Boeke is onvoldoende, slegs beperkte ou boeke. Biblioteek is nie ingerig nie **(SK1VOP4)**
- Onvoldoende leesstof/materiaal. Geen addisionele hulp in die vorm van moontlike bibliotekaris of leidende persoon nie - geen hulp van die kant van departement nie **(SK1VOP5)**
- Tekort aan personeel, geen fondse, gebrek aan hulpbronne, geen departementele ondersteuning **(SK1VOP6)**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Dit is baie verouderd. Bronne vir leer is nie beskikbaar nie. Geen internet **(SK1VOP7)**
- Die skoolbiblioteek word tans opgegradeer maar is nie reg vir die gebruik daarvan nie. Die skoolbiblioteek is vir lank nie in stand gehou nie **(SK1VOP8)**
- Nie behoortlik ingerig **(SK1VOP9)**

Skool 2

- Die span is besig om die skoolbiblioteek weer op standaard te kry sodat dit toeganklik is vir leerders. **(SK2VOP1)**
- Verouderde materiaal. Internet is baie vinniger en doeltreffender. **(SK2VOP2)**
- Baie, baie ou boeke – onbruikbaar. **(SK2VOP3)**
- Ek het verlede jaar begin om die biblioteek weer in werking te kry, wag nog vir rekenaars wat leerders kan gebruik vir navorsing. Gaan hierdie jaar weer heropen. **(SK2VOP4)**
- Gebrek aan bronne **(SK2VOP5)**
- Deur internet toegang kan leerders navorsing doen **(SK2VOP5)**
- Nie genoeg voldoende bronne oor my vakgebied nie. **(SK2VOP6)**
- Oopgelaat **(SK2VOP7)**

6. Hoe kan skoolbiblioteek binne u vakgebied gebruik word om die leesvaardighede van leerders te bevorder?

Skool 1

- Maak gebruik van audio visuele apparaat. Huidige leesbronne moet vervang word **(SK1VOP1)**
- Vir Afrikaans kan ’n onderwyser die leerders neem na die bib en hulle self boeke laat lees wat hulle in belangstel. Maak die lees proses opwindend **(SK1VOP2)**
- Bronne ten opsigte van die vak sal ideaal wees **(SK1VOP3)**
- Betekenisse van woorde na te slaan. Navorsingstukke daar te doen. Leerders leer hoe om ’n boek te gebruik en op te pas om die waarde van boeke te besef **(SK1VOP4)**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Daar moet eers voldoende leesstof versamel word. Voldoende bronne vir die vak om naslaanwerk te doen **(SK1VOP5)**
- Leerders moet toegang het tot leesmateriaal. Navorsing op die internet kan doen. Programme kan aangekoop word om leerders se leesvernuf en leesspoed te verbeter (Eye read) **(SK1VOP6)**
- Daar is miskien boeke met wetenskaplike agtergrond. Hulle kan gaan oplees en die inligting weergee. **(SK1VOP7)**
    - Navorsing doen om woordeskat uit te brei. **(SK1VOP9)**

Skool 2

- Soek bronne vooraf uit en werk vrae uit vanuit verskillende bronne waar die leerders die antwoorde moet vind. **(SK2VOP1)**
- Weet nie **(SK2VOP2)**
- LO – Oplees oor sekere kwessies. Persoonlike interaksie met leerders. Gemaklike sitplekke, sit op matte, gemaklike stoele of rusbanke **(SK2VOP3)**
- Daar is boeke in die biblioteek wat kan lees oor NW. **(SK2VOP4)**
- Deur internet toegang kan leerders navorsing doen **(SK2VOP5)**
- Take oor NW, wat veroorsaak dat die kinders moet gaan navorsing doen om die antwoorde te kan kry. **(SK2VOP6)**
- Navorsing **(SK2VOP7)**

4. ANDER STRATEGIEë / VOORSTELLE

4.1. Is daar enige ander voorstelle wat u kan maak om die situasie binne u skool ten opsigte van die leesperiode en skoolbiblioteek te bevorder?

Skool 1

- Opgeleide bibliotekaresse aanstel **(SK1VOP9)**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2. Watter behoeftes het u ten opsigte van ondersteuning, sodat u in staat kan wees om leerders te help?

Skool 1

- Kleiner klasse .**(SK1VOP9)**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 7: VOORBEELD VAN TRANSKRIPSIES FOKUSGROEP-GESPREK VAN SKOOL 1

LR : Baie dankie kollegas dat julle die tyd uitgekoop het. Ons gaan nie mekaar se tyd mors nie.

Julle het nou klaar die vraelys ingevul rakende die leesperiode en die skoolbiblioteek. Daar het mos nou bepaalde dinge uitgekom. Dit is nou die tweede been van die navorsing. Hierdie is ’n meer praktiese sessie, naamlik ’n fokusgroep-gesprek. Julle het mos individueel die vraelyste ingevul. Nou is dit inligting van toe julle praat hieroor. Ek gaan eenkant staan en gaan basies die gesprek lei deur elke keer ‘n vraag te stel.

1. Wat sou u aandui is van die redes vir die nie-nakoming van die leesperiode ?

LR : Ons weet mos almal ons is mos bewus van die leesperiode, maar hy word nie geïmplementeer by ons se skool nie.

OP 5 : Ek wil sê dat onderwysers en veral taalonderwysers hopeloos te veel gelaai is. Alhoewel hulle graag wil implementeer kom hulle nie daarby uit nie, want anders kry hulle nie hulle werk klaar nie. Die hoë werklading, te veel periodes en te veel vakke op een mens se skouers.

OP 6 : Te veel admin werk.

OP 9: As ek moet sê van my vak se kant af...Ekonomiese en Bestuurswetenskap. Die feit dat jy so baie leerders in jou klas het, wat geweldige dissiplinêre probleme veroorsaak. Jy moet gedurig fokus op die dissipline van die kinders in plaas dat jy aan die vakinhoud kan aandag gee. In ons vak word jy word aanbeveel dat ons moet die woordeskat van die kinders opbou. Die rede hiervoor is omdat die besigheidswêreld het ’n ander taal het en die kinders verstaan nie al die woorde nie. Ons moet eintlik soos ’n woordelys iewers in die klas aanbring en die kinders moet dit lees tesame met die definisie van dit. Jy kry nie behoortlik kans nie, omdat jy soveel aandag aan dissipline moet gee. Ek sou eintlik dissipline as een van die redes aandui

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omdat jy baie tyd moet spandeer om kinders aan te spreek as gevolg van oorvol klasse.

LR : Is daar enige ander redes? Indien nie, kan ons maar aanbeweeg na die volgende vraag.

2. Is daar enige ander voorstelle wat u kan maak om die leesvaardighede van die leerders te bevorder ?

OP 9: As ek nou moet sê by my vak omdat jy so onderdruk is gee ek as onderwyser die kinders meer die antwoorde vanwaar 'n mens miskien meer kinders die antwoorde kon laat lees as jy 'n gevallestudie of so het...net om meer spoed in jou aanbieding te sit...lees jy soms selfs die gevallestudie omdat jy voel die kind gaan te lank vat, terwyl hulle eintlik moes gelees het..dit is alles die oorvol klasse en daai dissipline maak dat jy nou soms...dissipline speel eintlik die groot rol by die onderrig. As ons vir hom reg kry kan ons baie ander goed regkry.

OP 6: 'n Mens kry weinig kinders wat as jy klaar is met jou aanbieding...jy gee nou vir hom die opdrag..ek het nou vandag sulke tipe...vandag 'n leesstuk waar die kinders sekere woorde uit die leesstuk moes haal...op die ou einde toe is ek die persoon wat daardie goed vir hulle lees...hulle sê ook nee lees juffrou maar..dan lees ek, want dan is hulle mos stil...dan luister hulle dan kan hulle makliker die vragies beantwoord...want hy het nou klaar die kennis, want soos ek lees verduidelik ek...en dit is ook hoedat die kinders daardie onvermoë om vlot te lees nooit oorkom nie, want môre kan ek nie dieselfde werk doen nie, want môre moet ek iets anders doen.

OP 5: ek wil miskien net daar vanuit 'n ander hoek iets sê...ek voel as die departement as die staat meer aandag sal gee aan skoolbiblioteke soos ons wat nou beskik oor 'n soort van 'n biblioteek, maar wat nie tot sy reg kom nie, omdat daar absoluut chaos en daar is nie werklike leesstof nie...wat ek eintlik wil sê as die departement en die staat kan help dat biblioteke opgegradeer word en voel ek klaar dit sal ook help.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OP 6: en met ’n opgeleide bibliotekaresse ...

OP 7: ek wil ook net met eerlikheid sê ons se probleem lê nie meer by die laerskole nie, is daar ’n plan in aksie vir hierdie leerders om ook vroeg ’n leesperiode daar te kry. Is daar so iets...is dit in werking by die laerskole, want jy kom wat in Graad 8 is dan kan daai kind nie lees nie...hulle kan nie eens ordentlik skryf nie...so ek dink ons moet eers na die wortel van die hele probleem van lees, voordat jy ’n leesprogram of ’n leesperiode kan implementeer by hierdie skool. Maar dit is wys as ons die leerders hier het om dan ook ruimte te skep vir lees, intensiewe lees binne die klas...ek het bv. ’n stukkie in lewenswetenskap...lees eers vir my deur...wat verstaan jy...so op grond van sy leesvermoë word hy ook ...

OP 6: die helfte gaan nou lees en die ander sit en loer

OP 9: die ander is ook die ywerigheid om jouself te bemagtig...dit ontbreek totaal en al by ons kinders...daarom is hy nie eens nuuskierig...as jy nou ’n gevallestudie praat...hy is nie een nuuskierig om uit te vind wat staan hier binnekant nie...ek het nie die werk gedoen, maar sal ek die gevallestudie kan doen...daar is geen leerkultuur nie.

OP 3: Die ding is omdat die kind nie belangstelling toon nie, is omdat hy nie kan lees nie. Hy is bang die ander kinders gaan gekskeer.

OP 7: Dit is mos juis hoekom ek gesê het.

OP 3: Selfs soos by mondeling doen, omdat hy nie kan lees nie, kan hy hom nie voorberei nie, sy woordeskat is swak, so ek gaan nie voor ’n klas staan en praat nie.

OP 1: Ons het verlede week ’n vergadering gehad by die laerskool toe het die juffrou genoem daar is kinders wat hulle oorstuur wat nie kan lees nie...kom ek sê gou...hulle het ’n leesperiode...net soos ons ook gefrustreerd sit...as daai kind in die grondslagfase een keer gesit het dan mag hy nie weer sit nie...al kan hy nie lees nie moet aangaan...so die sisteem maak dat die kind daar is waar hy is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LR : So die voorstel is dat die departement weer miskien ook na bevordering kyk.

3. Watter behoeftes het u ten opsigte van indiensopleiding of ondersteuning, sodat u in staat kan wees om leerders te help ?

OP 9: Minder kinders in die klas.

OP 6: Kleiner klasse...kleiner klasse.

OP 6: Materiaal...leerdervriendelike boekies, leesmateriaal...dit is nog outydse boeke wat hier is...kinders het absoluut geen belang by die tipe leeswerke wat hier is. “Kringe in ’n bos”...onse Graad 11’s lees nie daai boek nie...die boek is so dik...die boek pas nie by die kind se wêreld nie

OP 7: Ek verstaan wat Maryna sê...sy soek iets wat die kind mee kan korreleer...dit moet hier buitekant aangaan...jy kan nie met ’n “Kringe in ‘n bos” wat dan nie afspeel in Knysna...wat het ons met Knysna te doen...hoekom dan nie ’n boek...ons het mos ook mense wat boeke skryf . hoekom nie van hulle se leesmateriaal of ’n bietjie nader aan ons eie mense...aan ons eie kultuur... sal ek sê

OP 6: en wat sake rakende hulle...

OP 7: Bv. soos dit nou hier gaan...hulle se sosiale omstandighede...dat hulle liewer sulke tipe lessies leer.

LR : en dan ook kleiner klasgroepe, want die lees neem ons mos nou na alle vakke toe...as jy minder kinders in jou klas het sal ’n kind sommer met vrymoedigheid...en kan lees ook en verduidelik die gevallestudie by EBW ook.

4. Indien u die onderwysdepartement sou adviseer rakende die implementering van die leesperiode, wat sou u aanbevelings wees ?

OP 9: Die leerder-opvoederratio.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OP 7: Ek dink daai is ons se grootste probleem om so iets te implementeer.

OP 6: Die LOOM die handboeke.

OP 9: Die feit dat onderwysers se ouderdom toegeneem het...en jy, is jy met daai klomp kinders werk jy het net nie daai energievlakke...dit is van 8 tot 2 wat jy moet op jou voete staan en klas gee...so die leerdertal in die klasse moet verminder

OP 5: Meer onderwysers

2. SKOOLBIBLIOTEEK

1. Wat sou u sê is van die redes vir die nie-gebruik van die skoolbiblioteek?

OP 6: die boeke, leerdervriendelike boeke goed wat glad nie in die kind se frame of reference is nie...huidiglik is dit omdat ons biblioteek vergader eintlik net stof...dit is hoekom hy eintlik nie gebruik word nie. Dit is eintlik *sad*, want ons het dan nou 'n biblioteek hier.

2. Die nuwe kurrikulum-verklaring plaas groot klem op onafhanklike lees en navorsing deur leerders. Hoe kan u as opvoeder en skool hierdie uitdaging aanspreek ?

OP 9: Vir my die ander groot leemte wat ek sien is daai...ek gaan nou nie praat van die skool waar my kinders is nie...die kind gedwing om self werksaam te wees, want die kind stel vir homself goals...onse skole dit is daai leerkultuur van die kind wat maak dat die kind ook nie lees nie, want soos ek daar sê ons as onderwysers doen die meeste werk...ons moet eintlik later die kinders *spoonfeed* om vorentoe te kan gaan... Nommer 1 jou *workload* en daai getalle wat jy in jou klas het...want waar die kind...die situasie moet so wees dat die kind gedwing raak om self te lees en self daai goed te doen. Dan sal hy meer die goed self doen, maar...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OP 7: ...situasies verskil...as ek nou kyk na individuele aandag...geval van jou kinders wat jy nou noem...jy kan individuele aandag gee as jy 10 kinders in 'n klas is...

OP 9: ...maar ek praat nie daarvan nie...

OP 7: ...maar leerkultuur verskil...

OP 9: ...ons het mos klaar van die getalle gepraat...ek voeg mos net by...daai goed gaan mos almal saam, maar omdat hulle met klein getalle werk kan hulle mos doen wat hulle moet doen...

OP 6: ...en daar het hulle mos ouerbetrokkenheid...by ons is die ouers baie afwesig...ouers by semi-privaatskole...daai ouers is weer gedryf, want hy betaal 'n klomp geld...hy kan nie sy geld mors nie, want hy belê in daai kind...die is weer meer kinders wat op staatstoelae aangewese is...baie van daai kinders se ouers traak amper nie of hy skool toe kom nie of nie...vir die kind is die skool 'n veilige hawe of dan nou beter as by die huis...dit is hoekom daai kind self soggens opstaan...baie van die ouers staan nie eens soggens op om sy kind te laat skool toe kom nie, daai kind moet self opstaan as dit tyd is...moet self ietsie kry om te eet of maak dat hy by die skool kom baie van die ouers is nie eens by die huis nie of hy staan nog na die kind staan hy eers op...

LR: Ouerbetrokkenheid ?

OP 6: So die sosiale omstandighede maak dat die leerkultuur nie tot sy reg kom nie.

OP 3: Om net daar in te kom ons moet onthou daar is van ons kinders wat nie eens 'n simpel ding soos 'n *Huisgenoot* by die huis het nie. Daar is nie finansies om 'n *Huisgenoot* te koop nie .Wat nou nog van 'n rekenaar.

OP 6: Dit is hoekom as ons take gee. Jy moet basies die inhoud van die taak moet jy vir hom klaar gee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OP 9: Wat nou nog nie rekenaar het nie...moet ons nou eintlik vir die kinders inligting op die internet...want net sommige kinders wat daai toegang het.

OP 7: ’n Biblioteek kan ook nie net in die naam biblioteek wees nie...moet voorsiening maak vir basiese...

OP 6: Opgeleide persoon wees wat na-ure ook beskikbaar kan wees vir daai kinders.

OP 7: Ook praat van rekenaars. Ons lewe in ’n tegnologiese eeu...waar ons so gevorderd is dat alles op die rekenaar gedoen word...selfs koerante, tydskrifte, artikels, alles op die rekenaar.

OP 6: E-book wat jy kry...

OP 7: Dit is hoekom ek sê ons beweeg nou al daarnatoe, maar daar is nie eens ruimte vir ’n *nice* tydskrif nie.
r
OP 6: Daar is skole waar kinders al elkeen sy e-book het in die klas...onse kinders het nog nie eens voor ’n rekenaar gesit om ’n knoppie te druk...ons is nog nie eens by daai nie. Hulle kan nog nie eens gesê word kom doen dit nie...hier is maar ook ’n uitgesoekte...’n klein groepie wat kan kom en sê “Meneer, Juffrou...doen vir my dit...die meeste van hulle word mos maar verwilder...

LR: Praat van personeelvoorsiening dan moet ons ook vra vir ‘n bibliotekaresse moet dan deel wees van daai personeelvoorsiening, want ons soek ’n voltydse mens...want as ek of jy kan in ’n periode ook die kinders dan na die biblioteek toe stuur.

OP 6: So ’n persoon moet eintlik van 8 tot 4 werk...die skool moet al uit wees, dan moet daai persoon daar wees sodat die kinders kan kom.

OP 7: Of jy maak ‘n reëling as dit later moet wees of verder bly.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OP 6: En dit alles gaan gepaard met fondse...hulle sal nou net weer sê die skool moet iets uitwerk...dan kan ons weer nie bykom nie...

OP 7: ...weereens soos Dawid gesê het die Departement moet sy pligte beginne nakom.

3. AFSLUITINGSVRAAG

Is daar enigiets anders wat na u mening aandag moet geniet met betrekking tot die spesifieke onderwerp wat ons nie aangeraak het tydens die onderhoud nie?

LR: Dit wat sy ook netnou genoem het...die kwessie van opgeleide mense.

OP 9: Te veeleisend...te veel onderwysers wat reeds ander vakke ook aanbied. Dit is wat ons soek, want ons kan nie nog verantwoordelikheid vir dit ook wees nie.

LR: Enigiets anders?

OP 9: Vir my is die groot probleem wat ek sal sê van ons skool is die leerkultuur van kinders...wat baie nou saamloop met dissipline, want ons het nou al oor en oor gesien...jy kan vir ’n kind wát gee, maar as die kind nie ’n leerkultuur het nie...’n kind wat ’n leerstruktuur het. Die dogter wat ek rekeningkunde gegee het...daai kind weet ons mos wat sy agtergrond is, maar sy het ALTYD gelees in my klas...as ’n kind wil leer dan sal dan versamel daai kind enigiets...ons probleem is ons leerkultuur...daar sal *even* kinders na ons toe kom en kom sê juffrou ek wil die bib regmaak maar hulle het nie die leerkultuur nie. Dit is hoekom die goed nie kan gebeur nie.

LR: Waar lê die fout?

OP 9: Dissipline

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LR: Ouerbetrokkenheid soos Miriam gesê het...moet ons sosiale werker ook wees...ons moet alles wees en jy kan nie vir 40 kinders alles wees nie.

OP 9: Selfdissipline

OP 9: Ingesteldheid...daai kind wat ook ’n topstudent was...as ek vir haar sê jy werk hom so uit...dan kom sy more met twee ander metodes om hom nog uit te werk.

OP 9: Selfwerksaamheid...daar is nie motivering ni.e

LR: As daar niks anders is nie...dan sê ek vir julle dankie.

***

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za